Afrikaans, ons volkstaal. 71 theses, of stellinge, neergeleg en verklaar

S.J. du Toit

bron
S.J. du Toit, *Afrikaans, ons volkstaal. 71 theses, of stellinge, neergeleg en verklaar*. D.F. du Toit & Co, Paarl 1891

Zie voor verantwoording: https://www.dbnl.org/tekst/toit001afri02_01/colofon.php

Let op: boeken en tijdschriftjaargangen die korter dan 140 jaar geleden verschenen zijn, kunnen auteursrechtelijk beschermd zijn. Welke vormen van gebruik zijn toegestaan voor dit werk of delen ervan, lees je in de gebruiksvoorwaarden.

dbnl digitale bibliotheek voor de Nederlandse letteren



I

‘*Ik acht den man gelukzalig, wien het gelukt zich omtrent zijne moedertaal verdienstelijk te maken. Alle wegen, die wij daartoe kunnen inslaan, mijne vrienden! zijn schoon en aangenaam; laat ons elkander de hand reiken; wij zullen soms struikelen, en soms den voet stooten aan een steen, maar gaan wij niettemin voort; wij hebben aanspraak op terechtwijzing; wij hebben aanspraak op bemoediging*.’ -
BEETS.

An
SYN HOOG-EDELE
FRANCIS WILLIAM REITZ,
President van di Oranje Vrystaat,
Kampvegter ver di Afrikaanse Taal,
Voorstander van di Afrikaner Bond;
Afrikaner in Hart en Siil,
Steunpilaar ver Reg en Vryheid,
Hoop van onse Nasionaliteit;
Grondlegger van 'n Verenigde Suid Afrika;
uit ware Hoogagting,
in dankbare Erkentelikheid,
en met beste Wense
OPGEDRA DEUR
DI SKRYWER.
PAARL, 24 September 1891.

'n Gesprek vooraf.

‘31 Oktober 1517 het Luther syn 95 Stellinge angeplak an di deur van di kerk in Wittenberg. - 31 Oktober 1890 het di Taalkongres gesit an di Kaap, waarop ek jou 71 Stellinge o'er “*Afrikaans ons Volkstaal*” voorgedra het, met di verklaring, dat jy tot jou spyt ni kon teenwoordig wees ni, mar dat jy te enige tyd gewillig is di Stellinge te verdedig, òf in 'n publike bespreking, òf deur di drukpers. - Het jy op di o'ereenkoms van datums gelet?’

Dit vraag myn vrind D.F. DU TOIT D.F.sn. ver my, toen ek an di Pêrl kom uit Transvaal, waarvandaan af ek ver hom di Stellinge gestuur het om an di Kongres voor te dra, met di versekering dat ek ten allen tyje bereid is om ons Volkstaal (in watter vorm oek) te help bevorder teen vreemde o'erheersing.

‘Né, ek het ni daarop gelet, of daaran gedenk ni; mar seker is dit, dat di Taalkongres di anleiding was, waarom ek di Theses opgestel het, om daarmé by myn afwesigheid di standpunt van ons voorstanders van “*Afrikaans as Volkstaal*” duidelik bloot te lê.’

Dit was omtrent myn antwoord. En daarop sê myn vrind: ‘Ja, mar di Stellinge is nou al 3 maande voor di publiik, en nimand is nog opgestaan om dit te bestry ni. Dit lyk of ons teenparty dit wil *doodswyg*. Mar ons vrinde van verskillende kante spreek di wens uit, dat jy di Stellinge ver ons nader moet verklaar, toelig, en toepas in 'n boeki.’

‘Dit sal ek perbeer, so gou as ek daarvoor kan tyd kry. Mar julle moet ni te veul van my alleen verwag ni. Om di taalwette van 'n taal na te spoor; om dus 'n spreektaal in di vorm van 'n skryftaal te breng; is ni werk van één man ni. In England, Duitsland, Frankryk, België, oral is Vereniginge, wat ten doel het om nog gedurig di skryftaal na di spreektaal te hervorm en daaruit te verryk. Di Taalkongres het di kwessi: wat ons eintlik hiir met *Volkstaal* bedoel, ni wil in behandeling neem ni. Daar is hiir 3 partye: -

1. ‘Skryf soos jy praat,’ sê ons.
2. ‘Nederlandsch als in Nederland,’ wil andere.
3. ‘'n Vereenvoudigde Hollans,’ sê 'n tussenparty.

‘Di opgerigte Taalbond werk nou, soos dit lyk, tussen nommer 2 en 3 in. Ver my lyk dit nou, ons moet hulle help so veul as ons kan, want al wat hulle win of behou is ons erfgoed.* Mar ons het *buitendien* 'n grote werk, waarin alle voorstanders van Afrikaans di hande moet ineenslaan. Di werk is: -

1. Ons moet 'n regte Afrikaanse Taalkongres by makaar roep van di eerste en derde klas hiir bo genoem, naamlik van di wat ver Afrikaans en di wat ver eenvoudig Hollans is, om
    a. te perbeer of ons ni makaar kan o'ertuige, wi gelyk het ni, en sodoende tot eenheid van doel en strewe te geraak; of, as dit ni kan ni, dan
    b. 'n plan ver samewerking te kry tussen di twe partye; en verder
    c. as voorstanders van Afrikaans, te o'erwege of di tyd ni gekom is om Afrikaans tot offici'ele taal erken te kry, in di plek van Hollans; en, so ja, langs welke weg en deur watter middels di doel bes kan bereik worde; en, verder

2. 'n Afrikaanse Taalbond of Taalvereniging op te rig, wat ten doel het di ontwikkeling van ons Volkstaal as skryftaal vollens di spreektaal.

‘Daar is 'n groot werk ver ons, as ons ons standpunt wil handhawe. Dit lyk ver my di maniir, hoe ons dit moet anvat. Mar in elk geval, daar moet algemene samewerking wees.’†

Op di maniir geef ek toen meteen an myn vrind wat ek o'er di saak al di tyd gedenk het.

‘Kostelik!’ sê hy, ‘kostelik! Mar begin nou mar eens met di boeki. Soos dit klaar is sal ons dit versprei, en dan verder werk.’

En daar is meteen di anleiding tot di boeki. Mag dit tot behoud en bevordering van onse diirbare Moedertaal strek!

* Bladsy 78, 81-95.

† Kyk Stelling 46, bl. 93.

Hinderlike drukfoute.

Bladsy	4, reel 15 van bo,	*waarom*,	lees *waarvan*.
Bladsy	5, reel 16 van onder,	*zinsbond*,	lees *zinsbouw*.
Bladsy	8, reel 17 van bo,	*seak*,	lees *seek*.
Bladsy	9, reel 11 van bo,	*French*,	lees *Trench*.
Bladsy	16, reel 9 van onder,	*o'er*,	lees *o'er 5 jaar*.
Bladsy	18, reel 3 van onder,	*iwers*,	lees *liwers*.
Bladsy	37, reel 2 van bo,	*gestrou*,	lees *getrou*.
Bladsy	55, reel 15 van bo,	*vrou*,	lees *bron*.
Bladsy	62, reel 3 van bo,	*uit*,	lees *net*.
Bladsy	62, reel 11 van bo,	*onhoutsnek*,	lees *ouhoutsnek*.
Bladsy	63, reel 19 van bo,	*ophalen*,	lees *ophaler*.
Bladsy	64, reel 7 van onder,	*nuwer Wetse*,	lees *nuwerwetse*.
Bladsy	64, reel 5 van onder,	*ons*,	lees *oue*.
Bladsy	74, reel 7 van onder,	*Eschulus*,	lees *Aeschylus*.
Bladsy	86, reel 10 van onder,	*ombreng*,	lees *ombuig*.
Bladsy	90, reel 14 van bo,	*geleerde*,	lees *ongeleerde*.
Bladsy	103, reel 12 van bo,	*Foroaster*,	lees *Zoroaster*.
Bladsy	105, reel 15 van onder,	*verstand*,	lees *versmaat*.
Bladsy	109, reel 10 van onder,	*dit*,	lees *di*.
Bladsy	101. Verkeerde gedig geplaas.		

Afrikaans ons Volkstaal.
71 Stellinge, deur S.J. du Toit, (Voorgedra op di Taalkongres, gehou an di Kaapstad op 31 Oktober 1890).

Afrikaans as taal.

1. 'n Taal is 'n *organise*, ni 'n *meganise* ding ni; iits wat *gebore*, mar ni *gemaak* word ni; iits wat altyd *groei*, en nooit *kant-en-klaar* is ni.

2. Di Taal is 'n portret van di gees en lewe van 'n volk, di afspigeling van di karakter en verstandsontwikkeling van 'n nasi. - (DA COSTA).

3. Dus kan di Taal ni *meer* of *minder* ontwikkel wees as di volk wat dit praat ni; en kan dus by di ontwikkeling van 'n nasi ni agterbly ni, mar oek ni vooruit wees ni; h u lle bly altyd gelyk. - (President REITZ)

4. Di Taalkunde is weer 'n portret van di Taal. Daar kan dus wel 'n Taal bestaan sonder Taalkunde, mar gen Taalkunde sonder Taal ni. Eers Taal, dan Taalkunde. - (ROORDA).

5. Di Taal self is di hoogste wetgewer. Dus kan jy gen taalreels an 'n Taal voorskrywe ni, jy moet dit an di Taal ontleen. Di Skryftaal moet di Spreektaal volg, ni omgekeer ni.

6. Di vaste wet deur alle tale in alle eeue gevolg is vereenvoudiging, deur wegwerping van hinderlike buigingsvorme en uitgange, waardeur di taal bruikbaarder word ver gemaklike

uitdrukkings van gedagtes. Op di maniir is di Germaanse tale veul eenvoudiger as di oue Indo-Germaanse taalstam waaruit hulle gespruit is; en is Hollans weer eenvoudiger as Duits, en Engels as Hollans, sodat Engels amper gen buigingsvorme o'ergehou het ni. - (MAX MÜLLER).

7. Di menigvuldigheid van buigingsvorme is dus gen bewys van di voortreflikheid van 'n taal ni. Di Boesman- en Namakwataal byv. het meer vorme ver di voornaamwoorde as enige Europése taal wat nog gepraat word. - (Dr. BLEEK).

8. Di Afrikaanse taal het di vaste wet van vereenvoudiging gevolg en toon daarin 'n buitengewoon gesonde ontwikkeling; dit blyk uit beoordéling van onse taal na syn vorm en inhoud. - (Dr. BRILL.)

9. 'n Taal kan beoordeel worde na syn *inhoud* en na syn *vorm*, vollens syn *woordeskat* en syn *taalreels*. By di eerste kom in anmerking di suiwerheid, kortheid, rykdom, sagtheid [en] welluidenheid, en by di twede di eenvoudigheid, reelmatig[he]id en eenvormigheid.

10. Wat *suiwerheid* angaan is di Afrikaanse taal vandag di suiwerste tak van di oue Germaanse of Dietse taalstam, waaruit soveule nuwe tale gespruit het.

11. Dat Afrikaans in *kortheid* uitmunt sal wel nimand ontken ni.

12. In *rykdom* behoef Afrikaans oek ni agter te staan ni, want ons het di hele ryke Germaanse taalskat om uit te put en di Afrikaner het syn praktise aard getoon om uit di skat ruim te put en di woorde ver syn doel te gebruik.

13. Wat *sagtheid* angaan het di Afrikaner in di uitspraak van Hollanse woorde, waar dit ver hom moeielik of hard was, di anstotelike letter versag of weggegoi. - (Dr. BRILL.)

14. In *welluidenheid* munt Afrikaans veral vèr uit, vollens di beginsels daarvoor vasgestel in di algemene spraakleer en vergelykende taalkunde. Di twe hoofvereistes is menigvuldigheid en verskeidenheid van klanke, terwyl menigvuldigheid van medeklinkers 'n taal hard en gedurige herhaling van diselfde klanke 'n taal eentonig maak.

15. Nou van di Woordeboek na di Spraakkuns. Wat di vorm angaan het di Afrikaner di grootste *eenvoudigheid* en *reelmatigheid* in toepassing gebreng. - (Dr. BRILL.)

16. Mar veral seer opmerkelik is di *eenvormigheid* van di Afrikaanse Taal. Gen dialekte bestaan hiir soos byv. in Holland, waar di bevolking van een stad di van 'n andere stad ni verstaan ni. Van Tafelberg tot Soutpansberg praat di Afrikaner een taal. - (Dr. BRILL).

Afrikaans as moedertaal.

17. Tereg spreek ons van *Moeder*taal en *Vader*land: di land is deur di vaders verwerf tot 'n erfdeel ver hulle seuns, mar di taal word deur di moeders an di kinders geleer en so in stand gehou.

18. Ver behoud van di moedertaal is dus veral nodig te waak ver di opvoeding van di toekomstige moeders.

19. Di Engelse Meisiis-skole in ons land is di listigste en gevaarlikste anslag teen ons Moedertaal; dit verdring ons taal in di huisgesinne en vergiftig di fontein van ons nasionaliteit.

20. Daarom begin nou in di laste tyd di Engelse taal in ons huise in te dring en Engelse woorde ons taal te ontsiir.

21. Daar is mar een Moedertaal - di taal van ons hart - waarin 'n kind di eerste indrukke ontvang.

22. Di opdring van 'n vreemde taal en onderdruk van di Moedertaal kan ni anders as nadelig werk op di nasionaliteitsgevoel ni.

Afrikaans as landstaal.

23. Afrikaans is di taal van di massa van ons bevolking deur di hele Suid Afrika. - (Hoofdregter DE VILLIERS.)

24. Di taal ontwikkel sig vollens landsaard en volksbehoefte.

25. Mar di Landstaal wortel oek in di geskidenis van 'n volk.

26. Di o'ergang hiir van Hollans tot Afrikaans is gelyk an di o'ergang van Angel-Saksiis tot Engels in Engeland. *(Zuid Afrikaan)*. Dis inderdaad opmerkelik watter o'ereenkoms daar bestaan tussen Engels en Afrikaans wat angaan di maniir waarop di geskidenis van di nasi sig in albei gevalle op di taal afgedruk het. - (President REITZ.)

27. Deur syn maklikheid om te leer en syn diinstigheid ver ons land is Afrikaans di ware Landstaal ver alle volksklasse,

di band van veréniging en samewerking, sowel ver Engelse en ander vreemde nasi is wat hiir kom as ver di kleurlinge hiir in di land.

28. Di Landstaal het 'n belangrike verhouding tot di toekomstige ontwikkeling en welvaart van di inwoners - (Hoofregter DE VILLIERS.)

Afrikaans as volkstaal.

29. Di Taal is di Volk en di Volk is di Taal. Waar 'n *volk*, 'n *nasionaliteit* is, daar sal 'n *taal* wees. Taal en letterkunde hang onverbrekelik same met nasionaliteit. Albei groei same op. - (Dr. BRILL.)

30. 'n Volk syn taal te ontrowe (op watter maniir oek) is in stryd met di volkereg, want daardeur strem jy di nasionale ontwikkeling en ontroof so'n nasi di voertuig van syn gedagte en di wysheid van syn voorvaders, uitgedruk in sinspreuke, spreekwoorde, ens.

31. Daarom laat 'n volk sig oek ni lig syn taal ontneem ni. Byv. in Wallis en Skotland is baing mense wat gen Engels spreek of verstaan ni. In Canada spreek 'n deel van di bevolking net Frans. In Elsas praat di boere Duits, hoewel hulle 200 jaar onder Franse bestuur gestaan het. - (Hoofregter DE VILLIERS.)

32. Di boerebevolking hou di meeste vas an di volkstaal; dus sal dit lank duur en swaar gaan om Afrikaans hiir te verdring, want ons bevolking bestaan mees uit boere. - (Hoofregter DE VILLIERS.)

33. - Totdat di Afrikaanse taalbeweging begin het was ons volk so goed as doofstom, want in gen een van di twé heersende tale, Hollans en Engels, kon hulle sig uitdruk ni; daarom moes hulle swyg op publike plase en in nuwsblaje.

34. Daarom kon di Engelsman en Hollander ons so maklik o'erheers - hoewel ons in natuurlike verstand hulle eer vooruit as agteruit is, - omdat hulle in *ons* land *hulle* taal gebruik, en ons taal nog ni erkend word ni.

35. Engels en Hollans het dan oek albei 'n bepaalde vijandige houding angeneem teen Afrikaans, en di jonge taal moes stry teen di twé gevestigde magte. - (Dr. BRILL.)

36. Dis egter puur verniit om Hollans in Suid Afrika te wil herstel. Alle pogings daartoe was nog 'n mislukking. - (Dr. CHANGUION.)

37. Hollans, - hoewel dit alles *voor* sig had in Staat, Kerk en Skool, - verliis dit tog dageliks meer teen Afrikaans, wat tot nog toe alles teen sig had.

38. Self Hollanders wat hiir kom woon, leer Afrikaans praat en hulle kinders leer makliker ons sagte as hulle harde taal. - (Hoofregter DE VILLIERS.)

39. Di voorstanders van Hollans in Suid Afrika is dus di manne van *agteruit*gang en di voorstanders van Afrikaans di ware manne van *vooruit*gang.

40. Di Afrikaanse taalbeweging is dus prysenswèrdig selfs ver manne wat ni daarmé samegaan ni, ver so vêr dit diin om verstand en hart te tref van duisende ver wi gen andere taal verstaanbaar is ni. - (Hoofregter DE VILLIERS.)

41. Rede ver vyandskap bestaan daar ni, want waarom kan ni twé tale naas makaar bestaan in een land ni? Dis mar di vraag of Afrikaans of Hollans sal bly bestaan naas Engels.

42. Dis di plig van almal wat teen di algeméne o'erheersing van Engels in Suid Afrika is, om same te werk tot behoud van di Volkstaal, hoewel hulle onderling verskil angaande di vorm.

43. Afrikaans het meer geskikheid daartoe, en oek meer lewenskrag teeno'er Engels hiir in Afrika as Hollans. - (Hoofregter REITZ.)

44. Afrikaans het sig dan oek nooit vyandig getoon teen Hollans ni, mar alle pogings tot behoud van Hollans teeno'er Engels ondersteun, in di o'ertuiging dat Hollans hiir tog di erfdeel is van Afrikaans.

45. Ondersteuning van di Afrikaanse taalbeweging is dus plig van elke ware Afrikaner, en meteen 'n toetsteen ver di waaragtigheid van syn patriotisme.

46. Hoe eerder Afrikaans as offisi'éle taal erkend word, - waar Hollans dit nou nog is, en waar Engels te vèr di oppergesag angeneem het, - hoe voordeliger ver di ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse nasionaliteit.

47. Di verwagting van 'n eie nasionaliteit, 'n eie beskawing, 'n eie letterkunde, hiir in Suid Afrika (gekoester deur onse

edelste en geleerdste manne) is dus glad ni 'n ydele droombeeld ni, mar 'n heerlike ideaal ver Jong Suid Afrika! - (Dr. BRILL.)

Afrikaans as skryftaal.

48. 'n Taal is voertuig ver gedagte-wisseling wedersyds; om te *praat* sowel as om te *hoor*, om te *skrywe* sowel as om te *lees*.

49. Di Afrikaanse taalbeweging het dus *skryf* lus net so seer opgewek as *lees*lus, by 'n bevolking wat vroeger amper ni geskrywe of gelees het ni.

50. Di Afrikaanse taalbeweging het verder di proef gelewer dat ons taal seer geskik is ver digkuns sowel as ver prosa, ver letterkunde op ider gebiid.

51. ‘Di Skryftaal moet trag om van vreemdighede vry te bly en moet sig verder altyd vernuw (regenereer) uit di Spreektaal.’ - (HEYSE.)

52. Di gesonde reel: ‘Skryf soos jy praat’ het di voorstanders van di Afrikaanse taalbeweging trou gevolg; en di boeki ‘*Di Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal*’ het di bewys gelewer hoe maklik ons taal onder reels te breng is.

53. Taalreels van 'n ander taal te ontleen en an 'n landstaal op te dring is 'n verswarende en knellende juk. Mar so is vele vorme van di Romaanse tale opgeneem in di Taalkunde van di Germaanse tale, byv. in Hollans. Di juk goi Afrikaners nou eenvoudig weg en groei ongehinder op in di vrye natuur. - (ROORDA.)

54. Deur Afrikaans te beoefen as skryftaal, goi ons di Hollanse letterkunde ni weg ni; di Afrikaner wat goed syn eie taal kan lees en skrywe, sal met meer vrug Hollans lees as di wat dit ni kan ni. (Hoofregter DE VILLIERS.) Sodra ons 'n eie letterkunde het, waarin sig ons nasionale bewussyn afspigel, toon ons 'n nasionale ontwikkeling kragtig genoeg ver 'n eie beskawing. Mar solank as ons by Holland ter mark moet gaan ver geestesprodukte en alles daar moet gaan leen, praat ons verniit van 'n eie nasionaliteit. - (Dr. BRILL.)

Afrikaans as bybeltaal.

55. Di Bybel is by uitnemendheid 'n volksboek, oorspronkelik geskrywe in di volkstale.

56. Di Bybelvertaling was by di meeste volke di middel om di volkstaal tot meerdere ontwikkeling en eenvormigheid te breng.

57. Di Bybel is di beste volksbeskawer, en het veral ver ons volk bisondere waarde as volksboek.

58. Di geskidenis leer dat byna by elke nasi, wat di Bybel in syn taal gekry het, 'n sekere mate van geestelike opwekking en sedelike veredeling plans gevind het, - seker 'n bewys van goddelijke goedkeuring van Bybelvertaling in alle tele.

59. Ons land het veul o'ereenkoms met Palestina, daarom sal di Bybel in Afrikaans ver ons veul verstaanbaarder en kragtiger wees.

Afrikaans as skooltaal.

60. Di moedertaal is di ware middel om di geesvermo'ens van kinders te ontwikkel, veral by onderwys.

61. 'n Vreemde taal as skooltaal in te voer is geesdoodend, maak di kinders tot ape; leer hulle net om na te praat, soos papegaaie, sonder te verstaan wat hulle geleer het.

62. Dit sal veul makliker wees om ons kinders eers hulle eie taal te leer en dan daarin verder te onderwys. Op di maniir sal hulle in 1 jaar meer leer as nou in 3, nou hulle eers 'n vreemde taal moet leer, om dan verder daarin onderwys te ontvang.

63. Veraf Hollans is ver 'n Afrikaner 'n onleerbare taal. Van 1000 Afrikaanse kinders wat Hollans leer op skool, is skaars 1 wat goed Hollans ken, om dit maklik te kan spreek en suiwer te kan skrywe.

64. Ons meeste kinders het so min tyd om skool te gaan, dat hulle net genoeg van Hollans en Engels leer om dit weer te vergeet, sodat hulle eientlik niks ken ni, terwyl as hulle di tyd in hulle moedertaal onderwys ontvang het, hulle heel wat nuttige kennis kon opgedaan hê ver hulle latere lewe.

65. Di Hollanse leerboekiis is ver onse kinders glad ongeskik. Ons moet 'n eie stel leerboekiis kry in ons eie taal.

Afrikaans as kerktaal.

66. Ons jonge predikante gebruik gen suiwer Hollans op di preekstoele ni. - (Hoofregter DE VILLIERS.)

67. Di kanseltaal is hiir nog enkel Hollans in *vorm*, mar Afrikaans in *gees*, so vèr as dit doel tref.

68. Ons kerkgaande mense verstaan o'er algemeen minder van Hollanse preke as erken word.

69. By kinderpreke moet ons predikante tog Afrikaans gebruik, om di harte van di jeug te raak.

70. Ver sendingwerk onder ons kleurlings is Hollans geheel ondoelmatig.

71. Dit sal ver verstand en hart van di groote meerderheid in ons gemeentes beter wees as lanksamerhand di preektaal sig hervorm na di spreektaal.

Afrikaans ons taal.

> ‘O de spraak is de ziel; de hoorbare ziel. Wat vraagt men waar de zetel der ziel zij! De ziel is in de stem; de buigbare, de alles uitdrukkende, alles schilderende, het stoffelijke aan het onstoffelijke verbindende stem. Die stem ingehouden en als naar binnen gekeerd, en wij denken; die stem uitgestroomd en hoorbaar gemaakt, en wij spreken.’ - Beets, Sparsa, bl. 6.

Eerste stelling.

> **'n Taal is 'n organise, ni 'n meganise ding ni; iits wat gebore, mar ni gemaak word ni; iits wat altyd groei, en nooit kant-en-klaar is ni.**

Di stelling is so helder as di daglig, so vas as di Drakensberg. Dis in di taalstudi net so 'n grondstelling as in wiskunde: dat 'n deel kleiner is as syn geheel; en in rekenkunde: dat 2 maal 2 vier is.

Tog, omdat daar soveul is wat o'er di taalkwessi praat sonder di eerste beginsels van spraakleer te verstaan, sal ons dit nog wat meer onder di oge stel. En dan begin ons, soos ons verder meesal sal doen by andere stellings, met getuigenisse van andere. Want ons is mos ni 'n Dokter of Professor in di Lettere ni, en teenswoordig word meer gekyk na di graad

en titel van di persoon as na di grondigheid van di bewysvoering.

Wat andere seg.

‘Groei en verandering maak di lewe van 'n taal uit, soos dit op alle andere plekke di onafskeidelike gesel en teken van lewe is... Dis di grondslag, waarop di hele behandelingswyse van taalstudi berus.’ - *Whitney, Language and its Study*, p. 32 en 33.

‘De taal is geen gekristalliseerde zoutpilaar, maar een levende en zich bewegende stroom. De taal heeft een eeuwige jeugd, en leeft telkens een nieuw leven en, zoolang als haar polsslag gaat en er adem in haar mond is, zullen wij nieuwe ontdekkingen doen, nieuwe gissingen wagen, nieuwe regelen daaruit afleiden.’ - *Beets, Sparsa*, bl. 43.

Wat ons tot opheldering byvoeg.

Di stelling seg: ‘'n Taal is 'n *organise*, ni 'n *meganise* ding ni,’ ens. Ons het di baster-woorde moet gebruik, om ons mening kort uit te druk, mar onse taal hou ni van vreemde woorde ni, soos ons later sal sien. Ons sal nou liwers met 'n beeld duidelik maak wat ons bedoel.

'n Taal is ni soos 'n stoel of 'n tafel wat jy eenkeer kan klaar maak, soos jy dit wil hê, en wat dan net so bly ni. Né, 'n taal is nes 'n boom wat groei, en eers takke, en dan weer takke, en altyd meer takke gé. As 'n boom ni meer groei ni, is hy dood. So oek met di tale. Latyn is 'n doje taal, daarom bly dit net soos dit is. Mar Hollans en Engels is lewendige tale, en daarom groei en verander hulle nog al dag. Vergelyk mar Hollans en Engels van 200 of 300 jare gelede met di van vandag, en kyk dan!

Daarom word 'n taal oek nooit kant-en-klaar ni. So lank as daar mense is wat so'n taal praat, ontwikkel en groei di taal nog altyd.

Mar hieruit volg nog iets anders. Daarom is di verskillende tale oek ni apart, van makaar afgeskei ni. Kyk, 2 stoele of twee tafels kan langes makaar staan, mar hulle is heeltemal apart Mar so is dit ni met di takke van 'n boom ni. As jy hulle van makaar af los skeur, is almal dood. So met di tale. Dis een boom met baing takke. Di spraakleer of vergelykende taalstudi het in di laaste tyd angetoon, dat as



TAALBOOM, *VAN NOACH TOT VANDAG*.

jy terug gaat na di afkoms van di tale, dan word hulle al minder, tot jy op laas mar 2 of 3 takke het, en dan volg natuurlik di stam. En omgekeerd, as jy van di stam af begin kryg jy eers 2 of 3 takke, wat elkeen sig weer verdeel in takke, en di weer, met 'n groei wat nog altyd vort gaat.

So lei di teenwoordige taalstudi ons terug na di eenheid van di menselike geslag. So sal di wetenskap uit di tale self di bewys moet lewer, dat God uit een bloed di hele menselike geslag gemaak het. Onder taalgeleerde is dit nou di vraag: of hulle al so vêr terug nagegaan het tot by 2, of by 3 hooftakke. Sommige seg 3, wat enkele ver b i n d an di 3 seuns van Noach, di stamhoofde van di Sondvloed, namelik; di Arise (Jafeth), di Semitise (Sem), en di Turanise (Cham). Andere erken mar di 2 eersgenoemde, en seg, di derde is eintlik ni een Tak ni, mar 'n verme n ging van takke, waarom hulle di afstamming nog ni kan vasstel ni. Om ons lesers nou 'n denkbeeld te ge van di vertakkinge van di Taalboom, neem ons di Arise Tak, met syn afdelings of vertakkings, waartoe onse taal behoor, en gé dit hi er naas as 'n Stamboom, so vereenvoudig as molik is. Bekyk nou di Taalboom en let op hoe di tale uit makaar vert a k is. (Ons het dit ontleen an *Canon Farrar, Language en Languages*, bl. 373). Ons geef 2 opmerkings daarby: -

1. Afrikaans is di suiwerste afstammeling van di Germaanse Tak, soos ons later sal antoon, daarom geef ons dit as 'n direkte spruit daaruit, nader nog as Hollans of Duits.

2. Engels is 'n vermenging van di Germaanse en Romaanse Takke, daarom het ons dit moet voorstel as 2 lote van di 2 Takke wat an makaar gegroei het. Mar eintlik is Engels 'n mengelmoes, wat jy glad ni onder een of ander klas kan breng ni. Hoor wat seg di grote taalgeleerde, Max Muller, daarvan: -

‘Daar is molik gen taal so vol woorde, wat blykbaar afgeleid is van bronne, wat di vêrste van makaar verwyder is, soos Engels ni. Dit lyk of elke landstreek van di wereld uit syn woorde-fabriek 'n party woorde angebreng het na di verstandelike mark van England. Latynse, Griekse, Hebreuse, Celtise, Saxise, Deense, Franse, Spaanse, Italiaanse, Duitse, - ja, selfs Hindostaanse, Malaaise, en Sinese woorde - leg deur makaar vermeng in di Engelse woordeboek. Geoordeel na di

woorde alleen, is dit onmolik om di Engelse taal te rangskik by enige andere van di erkende stamme en takke van di menselike spraak.' - *Max Müler, Lectures on the Science of Language*.

En dan seg di Engelse: Afrikaans is 'n brabbeltaal!!!

Twede stelling.

Di Taal is 'n portret van di gees en lewe van 'n volk, di afspigeling van di karakter en verstandsontwikkeling van 'n nasi.

Wat andere seg.

'De taal is gansch het volk.' - *Da Costa*.

'De ziel van een volk is zijn taal.' - *Dr. Schaepman*.

'...de taal als een organisme beschouwen, dat als geestelijke uitdrukking van het volksleven alle graden zijner ontwikkeling teruggeeft. In de taal ligt alles, wat den volksstam drijft, beweegt, doordringt, bezighoudt. Voor een helderen blik geeft de taal den volksaard terug. De woordvoorraad toont ons den omvang van het denken en van de levensbelangen. De veranderingen van het woord in den zin en de wijze van den zinsbond vergunnen ons, eenen blik te slaan in de wijze van denken, in de wijze van samenvoegen en ontleden van beelden en gedachten.' - *Dr. Mielck, onze Volkstaal*, No. 1, bl. 14.

'De taal is uit God. Zij was het vorstelijk voorrecht van den naar Zijn beeld geschapen mensch; zij is het afdruksel zijner ziel, de afspiegeling dier hooger geestelijke wereld, waartoe hij behoort, - ken, erken, handhaaf, eerbiedig de uwe, ô Nederland! - *Bilderdijk*, (in Da Costa's Godgel. Opstellen, bl. 245).

Wat ons hier byvoeg.

Graag neem ons di laaste woorde van Bilderdijk o'er en pas dit op ons volk toe: - ken, erken, eerbidig, handhaaf julle taal, Afrikaners! - Dis di voorreg wat God ver julle gegé het, di portret van julle gees en lewe! En waarlik julle hoef ni beskaamd te wees ver di portret van julle nasionale karak-

ter ni. Di skrywer hiervan is al lank besig, om onse nasi te vergelyk met andere nasies, veral met syn reise deur di verskillende lande van Europa, om te sien wat by onse nasionale vorming en ontwikkeling angemoedig en wat teengegaan moet worde. Mar hy kan in waarheid sê, in geen enkel opsig vertoon onse nasionale karakter sig gunstiger as in onse taal ni.

Mar uit di algemeen erkende beginsel, dat di taal 'n portret is van di karakter en geesontwikkeling van 'n volk, wil ons nou nog 'n paar gevolgtrekkings maak, meer om di lesers op di spoor te breng, om self verder na te denk en op te merk. Laat ons dan mar 'n paar portretjies neem, eers van di Engelse, en dan van ons self.

Di Engelse Taal 'n Portret van di Engelse Volkskarakter.

Toen skrywer hiervan jonk was moes hy Hollans en Engels gelyk leer. Eens op 'n dag vraag hy ver syn skoolmeester: ‘Waarom moet ek in Hollans di eerste persoon *ik* met 'n kleine letter skrywe, en di twede persoon *U* met 'n grote letter; en omgekeerd in Engels di eerste persoon *I* met 'n grote letter, en di twede persoon *you* met 'n kleine letter?’ Myn skoolmeester kon my dit ni behoorlik uitleg ni. Mar di stelling hiir bo gé di antwoord: di taal is 'n portret van di volkskarakter. Dat di Hollander sigself met 'n kleine letter en syn ewemens met 'n grote letter andui toon di *beskeidenheid*, wat 'n ander uitnemender ag as sig self; mar dat di Engelsman omgekeerd sig self met 'n grote en syn naaste met 'n kleine letter beskryf kan dan oek niks anders beteken ni as di *anmatiging* en *selfsug* van 'n nasi, wat sig self verhef en groot maak ten koste van andere.

Mar ni alleen in di skryfwyse ni, in di spelling kom dit netso seer uit. Dis 'n reel in Hollans, om eie-name uit vreemde tale o'ergeneem net so te spelle as in di tale waaruit dit afkom, byv. Virgilius, Horatius, ens.; dit toon weer ten minste *beskeidenheid*. Mar daarteeno'er blyk al weer di *anmatiging* van di Engelse nasi, wat met di grootste minagting inbreuk maak op wat ver andere heilig is, al bederf hulle dit oek, soos deur di mooie en welluidende name *Virgilius, Horatius, Homerus, Ovidius*, ens te verknoei tot di wanklinkende *Virgil, Horace* (lees *Horris*), *Homer, Ovid*, ens.

En dit toon meteen 'n andere karaktertrek van di Engelse nasi, namelik *gebrek an goeje smaak*. Haas al di eie-name wat hulle o'erneem en verknoei verlies daarby an welluidenheid.

En dit lei ons tot 'n andere opmerking, namelik: hoe di onzekerheid van di Engelse spelling en uitspraak 'n afspiegegeling is van di *onvertroubaarheid van di nasi*. Kyk mar hoe verskillend 'n Engelsman syn woorde spelle en uitspreek! Dis amper onmolik ver kinders van 'n andere nasi om dit te leer.

Op di punt is dit tog molik ni kwaad ni om 'n paar getuige uit 'n menigte op te roep ni. Laat ons mar eers di grote taalgeleerde Max Muller neem: ‘Di taal is ni gemaak ver geleerde en woordafleiers (etymologists) ni, en as di hele geslag van Engelse woordafleiers werkelik weggeveeg word deur di invoering van 'n hervorming in di spelling, dan hoop ek dat hulle di eerste sal wees om sig op te offer in so 'n goeje saak.’

Dr. Morell, een van di skoolinspecteurs in England, seg: ‘dat van di 1972 wat gefeil het in hu lle eksame ver di Civile Diens ni minder as 1866 gefeil het in hu lle spelling, en dit ter wille van onreelmatigheid van di Engelse taal.’

Professor Gregory seg: ‘daar is gen hinderpaal half omtrent so ono'erkomelik ni as onse deur-en-deur valse manier van spelling.’

Lord Lytton seg: ‘'n Meer leugenagtige, omslagtige, verwarrende bedrog as di waarmé ons di heldere insig (instinct) in di waarheid verwar deur onse verwenste (accursed) manier van spelling is nooit gesmé deur di vader van di leugen ni’

En hoor wat seg di grote oue man, di waarlik edele Gladstone: ‘Ek verklaar eerlik, ek kan ni verstaan hoe 'n vreemdeling leer om Engels uit te spreek ni, as jy bedenk di totale gemis van reel, orde, wyse, en alle hulpmiddels wat mense gewoonlik kryg as hulle iits moet verkry wat moeielik te verkry is.’

Ni minder sterk spreek Dr. Thirlwall, Biskop van St. David, sig uit: ‘Ek beskou di vasgestelde manier van spelling as 'n massa van onreelmatighede, di vrug van onkunde en toeval, in stryd net so seer teen alle goeje smaak as teen gesond verstand.’

En om te eindig, nergens het Voltaire 'n beter voorwerp gekry ver syn bytende spot as in di Engelse spelling. Hy seg, 'n nasi wat *a-g-u-e* uitspreek as *aigue* en *p-l-a-gu-e* as *plaig*, verdien dat di een helfte van hulle di ague (pyn) en di ander helfte di plague (pes) het!

Om onse lesers 'n denkbeeld te gé hoe Engels lyk as jy dit skryf soos jy dit praat, (soos ons met Afrikaans doet), geef ons hier enige reels uit 'n beryming van di 4 Evangelies, onder di titel: ‘Gospel Epic, A Harmoni ov the Gospelz, versifeid, By F. Barham & Is. Pitmann,’ met di gebruikelike spelling langel an.

Kreist reproovz the Fariseez.	***Christ reproves the Pharisees.***
The Fariseez, whose harts wer ful ov kŭvetŭsnes base,	The Parisees, whose hearts were full of covetousness base,
dereided Kreist's piur doktrinalz ov hevenli luv and grase.	derided Christs' pure doctrinals of heavenly love and grace.
And Jezŭs sed tu them, ‘Ye seek tu apear tu ering men	And Jesus said to them, ‘Ye seak to appear to erring men
az lŭverz ov all sanktity, that ye their praiz may gain;	as lovers of all sanctity, that ye their praise may gain;
bŭt God dŭth no' your harts, and hates	but God doth know your hearts, and hates
your veil hipokrisi.	your vile hypocrisy.

In di versreels kom nou 45 woorde voor, waarvan mar 18 onveranderd kon bly, en 27 moes di spelling veranderd worde om dit te skrywe soos dit uitgespreek word. En dis 'n voorbeeld voor di hand geneem. Dus van di Engelse woorde kan 'n mens reken word anders geskrywe as dit uitgespreek worde. Di Engelsman gé ver jou letters wat 'n uitspraak laat verwag vollens di klank of klanke wat di letters same maak; mar dan kom hy agteran met glad 'n andere uitspraak! Met andere woorde, hy doet jou 'n hele boel beloftes (want dis di letters feitelik by spelling), en as dit dan op vervulling ankom (di uitspraak), dan geef hy jou heel wat anders as hy jou laat verwag het! Dit spigel seker ni 'n al te mooie karaktertrek af ni!

So sou ons lank kan vortgaan. Mar ruimte ontbreek. Nog mar 'n paar trekke. Toen skrywer hiervan by syn studie op Gimnasium eenkeer syn leermeester vraag: hoekom di Engelse taal dan so by makaar geskraap is, uit verskillende tale,

was di antwoord omtrent soos hier nou volg: ‘Engeland is 'n grote eiland naby di vaste land van Europa; dus was dit van di vroegste tye af 'n toevlugsoord en versamelplaas van drosters, weglopers, kwaaddoeners, vlugtelinge, sêrowers, en sulke soorte van mense, uit di verskillende nasies van Europa: daaruit is di Engelse nasi oorspronkelik ontstaan, en daarom is hulle taal oek so'n mengelmoes.’

Of dit nou reg is laat ons an di oordeel van di leser oer. Di meester was 'n oue Hollander, wat mar tedanig teen di Engelse was! Daarom sal ons liwers hieroer laat uitspraak doen deur 'n regte Engelsman self, Aartsbisshop French (*English Past and Present*, bl. 12:) -

‘Engels is ni 'n enkelvoudige, mar 'n samegestelde taal, opgemaak uit verskillende elemente, ten minste sover as di woordeskat angaat, net soos di volk wat dit praat.’

Nog iets. Dis opmerkelik dat di Engelse taal so vol is van di sis-klanke (hissing sounds), daartoe gebruik hulle di *c, s, ae, z. sh, sch*, ens. menigvuldig; sodat ons eens di verskillende tale kortweg hoor beskrywe het as: Engelse slangegesis, Franse neusgesnork, Hollanse keelgegrom, ens. En deur teenstelling temeer opmerkelik, di Afrikaner het so'n afkeer van di gesis, dat hy di *c, x*, en *z, sch*, ens. heeltemaal weggegoi het en nooit gebruik ni; hy het net di *s* oergehou.

Sov eul is genoeg van di skryfwyse en woordeskat van di Engelse taal, mar as ons nou hulle *manier van uitdrukking* van naby bekyk, dan blyk daaruit dat dit 'n nasi is wat ni al te gesond denk en redeneer ni.

Neem byv. di uitdrukking: ‘to depend *upon*,’ ‘afhang *op* iets.’ Hoe kan 'n ding nou hang *op* iets! Ons seg ‘afhang *van* of *an* iets’ en ‘leg *op* iets.’ Byv. di tou *hang van* di balk af; di klere *hang an* di rak, ens. En dan, di boek *leg op* di tafel, ens. So is dit oek in Latyn waaruit di woord ‘depend’ ontleen is. En dit kan elke mens verstaan. Mar hoe 'n ding kan *hang op* iets, dit kan alleen 'n Engelsman begryp! - En van di soort van uitdrukkings is di Engelse taal vol. Mar ons wil mar tot verder ondersoek opwek. Dis genoeg om te laat sien, dat di Engelse taal ni 'n al te mooie portret uitmaak van, di nasionale karakter ni, en dat dit 'n hoge mate van verblinde nasionaliteitsgevoel vereis om dan

nog op so'n taal so trots te wees, dat alle andere tale daarvoor moet wyk. Ons het niks teen di Engelse taal op sig self ni. Mar as di Engelsman ver ons seg: ‘Julle taal is tog te sleg, en myn taal is so goed, nou moet julle mar julle slegte taal laat bly en myn goeje taal leer en gebruik’ - dan word dit tyd, dat ons kyk òf hulle taal wel soveul beter is as di van ons.

Di Afrikaanse taal 'n Portret van di Afrikaanse Volkskarakter

In stelling 10 tot 16 is di karaktertrekke van di Afrikaanse taal opgesom en daar sal ons dit afsonderlik behandel. Dis nou hier net ons doel om daarin 'n afspiegeling van ons volkskarakter an te wys, so kort as molik is.

1. Di Afrikaner is *behoudend*; hy blyf by wat hy een maal het; hy hou ni van nuwighede ni. Daarom het hy syn taal oek so suiwer gehou, dat daar so min vreemde woorde in opgeneem is, hoewel daartoe grote anleiding was, deur vestiging van weinige koloniste onder grote massa's inboorlinge (Hottentots en Kaffers), waarmé hulle in nouwe omgang moes wees, 2) deur di inkoms van 'n menigte Franse vlugtelinge, 3) deur di Engelse oerheersing van 'n dri kwart euw.

2. Di Afrikaner is *spaarsaam*; in alles leg hy sig daarop toe om met so min as molik is klaar te kom. Dit moes hy oek doen. Di omstandighede waarin hy verkeer het dit noodsakelik gemaak. En di spaarsaamheid het hy oek op syn taal toegepas; syn woorde en syn uitdrukkings is so kort as molik is.

3. Di Afrikaner is *oppassend*; hy spaar waar hy kan; behou wat hy het; sorg graag om 'n bietji oer te gaar waar 'n kans is. Hy het altyd meer as hy sig voordoet. So oek met syn taal. Vele het sig verbeel, dat onse taal arm is; mar ons het di hele Germaanse taalskat om uit te put, en di Afrikaner weet heel goed waar en hoe hy daarvan kan profyt trek.

4. Di Afrikaner hou ni van onnodige omslag ni; wat hom hinder laat hy staan; en op di makkelikste manier doet hy 'n ding. So het hy met syn taal nek gemaak. In di uitspraak van Hollanse woorde, waar dit vir hom moeilik of hard was, het hy di anstotelike letter verzag of weggegoi.

5. Di Afrikaner hou van muziek en sang, en hy het goed anleg daarvoor; selfs by onse eenvoudigste boeremense is dit op te merk. Gen wonder dat welluidendheid 'n kenmerk van syn taal is ni.

6. Van *eenvoudigheid* hou di Afrikaner veel, en daarby van *reelmatigheid*. Waar kryg jy 'n eenvoudiger en reelmatiger lewenswyse as by di onbedorwe Afrikaners? Dit blyk meer as iets anders in syn taal; alle onnodige vorme, en viral alle onreelmatighede, het hy laat vaar.

7. Di Afrikaner is *oral diselfde*, hier by di Kaap, of onder in di Transvaal, dis oral één volk. Daarom veral glo ons, dat ons 'n Verenigde Suid Afrika sal en moet kry. Mar waarin kom dit beter uit as juis in onse taal? Daar is, sover ons weet, gen taal wat oer so'n uitgestrekte werelddeel met so min verkeermiddels oral so eenders gepraat worde ni.

Mar di twe portrette is genoeg om di leser an di gang te help, om self di waarnemings vort te sit.

Derde stelling.

> **Dus kan di Taal ni meer of minder ontwikkel wees as di volk wat dit praat ni; en kan dus by di ontwikkeling van 'n nasi ni agterbly ni, mar oek ni vooruit wees ni; hulle bly altyd gelyk.**

Di stelling is genoegsaam verklaar en verdedig deur President (toen Hoofregter) Reitz, in syn artikel teen di Eerw. Wirgman, wat di Afrikaanse Taal 'n ‘Barbaarse Patois’ genoem het. Daarin tog het di waardige voorvegter van Afrikaans angetoon, dat onse taal ni alleen gen barbaarse Patois is ni, mar dat dit, net soos alle andere tale, same met onse nasi ontwikkel is. Di Eerw. heer het, so vêr ons weet, sig ni weer laat hoor ni. En daarmé kan ons di kwessi as afgehandel beskou, met verwysing na di artikel in di ‘*South African Magazine*’ vertaal, en as Bylage toegevoeg tot ‘*Di Geskiedenis van di Afrikaanse Taalbeweging’*. Ons seg, hiermé is di kwessi ver Suid Afrika uitgemaak. Onse taal is

met ons same ontwikkel, en is dus ver ons ni vooruit of agteruit ni.

Mar so is dit met alle volke en hulle tale. Neem weer di getuigenis van een van di beste Engelse boeke o'er taalwetenskap: -

‘Elke taal is di vortbrengsel en uitdrukking van di begaafdhede en strekkinge van 'n geslag, sover dit invloed het op di bepaalde werk van taal-maak; dit toon wat hulle kan doen op di bisondere weg van menselike strewe; en di verskeidenheid van vortbrengsels toon di verskil van menselike begaafdheid in di opsig..... Dis wat altyd angaat in enige taal: dit set uit en krimp in, in o'ereenstemming met di omstandighede en behoeftes van di wat dit gebruik; dit word verryk of verarm, same met di verryking of verarming van hulle gemoedere..... Mar dis onnodig om verder uit te wy o'er so'n duidelike waarheid: niemand sal daaran dink om te ontken, dat di inhoud van enige taal, in woorde en spreekwoorde en di mening daarvan, moet o'ereenkom met en afgemeet worde na di verstandelike rykdom van di samelewing, waaran dit behoor, en moet verander soos dit verander. Dis di eenvoudige gevolgtrekking van di waarheid wat ons reeds vasgestel het, dat mense hulle eie taal maak, en dit in stand hou deur hulle o'erlewering, en dat hulle dit maak en in stand hou ver hulle eie praktise gebruik, en ver gen ander doel hoegenaamd ni.’ - *Whitney, Language and its Study*, p. 124 en 139.

Wat ons tot toepassing hierby voeg.

En tog, wat Whitney so ongerymd ag, dat hy seg: ‘nimand sal daaran denk om te ontken, dat di ontwikkeling van taal en volk altyd gelyk gaat ni’, is hier in ons land dikwils gedaan deur digene wat so wys is in hulle eie oge, dat hulle ons verwyt, dat ons onse nasi agteruit breng deur onse spreektaal as skryftaal te beoefen, omdat, (soos hulle meen), di taal ver ons volk agter is! - Arme, onkundige wysneuse, ons sal ons mar troos met di gedagte: ‘Hulle weet ni beter ni, anders sou hulle ni so hulle eie onkunde openbaar ni!’

Né, as hulle iits wil doen, dan moet hulle antoon, dat ons ni skryf soos ons praat ni. Dis al kans ver di teenstanders van Afrikaans. Mar ons daag hierby enigeen uit tot 'n onpartydige ondersoek. Jare lank het ons dit tot 'n bisondere

studi gemaak; ons is bekend met di spreektaal van di Afrikaners deur ons hele land. En so skryf ons. Mar as imand ons op een of ander punt kan o'ertuig dat di volk anders praat as ons skryf, sal ons dadelik ons skryftaal hervorm na di spreektaal. Ons skryf soos ons praat.

Vierde stelling.

Di Taalkunde is weer 'n portret van di Taal. Daar kan dus wel 'n Taal bestaan sonder Taalkunde, mar gen Taalkunde sonder Taal ni. Eers Taal, dan Taalkunde.

Wat andere seg:

Op di stelling, en op verskeie andere, verwys onse antekenings na di kostelike boek van *Roorda, Schrijftaal en Spreektaal*. Ongelukkig met verhuis van Pretoria na di Paarl is di boek (en enige andere boeke) verlore geraak. An di Kaap kan ons dit ni kry ni. En weer uit Holland ontbiede duur te lank. Dus moet ons mar di leser na di boek verwys. Mar di stelling is so algemeen erkend, dat ons gen getuige tot bevestiging hoef op te roep ni. Ons haal mar net an wat Beets seg, Sparsa, bl. 38: -

'Als wij spellen, kleeden wij de taal niet aan, maar beelden haar af voor de oogen.'

Wat ons tot opheldering hierby voeg.

As di Engelsman spelle, trek hy syn taal 'n jurki an, en hoe sleg di jurki pas, het ons onder di Twede Stelling gesien.

Mar ons seg: 'Skryf soos jy praat', met andere woorde: Moet ni ver julle woorde tabbertjies maak op Hollanse patrone ni; dit pas ni. Né, as julle spelle, luister eers goed hoe julle di woorde uitspreek, en teken dit dan so af.

En veral in di taalkunde, in di verbuigings, vervoegings en samevoeging van woorde, ag watter patrone word an di arme taal angetrek! As di Afrikaner wil Hollans praat, liwe tyd! Party keer kryg jy lus om daaro'er te huil, en party keer om daarom te lag.

Weet julle waaran het di skrywer dikwils gedenk? An David in Saul syn wapenrusting, (1 Sam. 17). Kyk, David sal teen di Filistyn Goliath gaan veg. Mar Saul wil hom ni so laat gaan ni. Hy trek hom eers syn yster pak klere an, en set 'n koper helm op syn kop, en gord syn yselike tamaai sawel an syn heup. Dis mooi, nè!

Mar Saul was 'n groot man, en David was mar 'n klein mannetji. Dan, David was so'n pak klere ni gewend ni. Hy wil perbeer, mar hy kan amper daarmé ni loop ni. Saul seg: ‘Perbeer mar, jy sal dit wel gou leer!’

Ag né, wat bog! seg David. Ek kan met di ding ni eens loop ni; hoe sal ek daarmé veg?.....

So gou as nou goi hy di wapenrusting af; trek weer syn véwagterspak an; soek 5 mooi gladde klippe uit di spruit; vat syn slinger in syn hand; hy slinger..... Ja, di eerste di beste klip - in di Filistyn syn harspan! - Daar leg hy!.....

Afrikaners! waarom moet julle ver julle laat belaggelik en onmagtig maak met di vreemde wapenrusting?..... ô, Daar is so baing Davids in Sauls wapenrustings onder ons!

Afrikaner, as jy skrywe, moet ni jou taal anklé ni; teken dit af, en trek dit syn eie klere an!

Vyfde stelling.

> **Di Taal self is di hoogste wetgewer. Dus kan jy gen Taalreels an 'n Taal voorskrywe ni, jy moet dit an di Taal ontleen. Di Skryftaal moet di Spreektaal volg, ni omgekeerd ni.**

Wat andere seg:

‘Di rede waarom nuwe woorde, behalwe di nabootsende soort, *ni* uitgevonde word ni, is omdat elke woord 'n lange geskidenis het van syn oorsprong uit di gevoel tot an syn eindelike mening, en di resultaat sonder di ontwikkeling, voel elkeen, is 'n teenspraak en onmolikheid. Dis daarom dat alle pogings om 'n kunsmatige taal te maak 'n mislukking was, en di uitvoerige uitgewerkte planne van Kircher, en Becker, en Dalgarno, en Wilkins, en Faignet, en Letellier kan mar net 'n glimlag by ons opwek, omdat hulle gegrond

is op 'n konvensionele opvatting van taal wat glad verkeerd is. Dis oek di rede waarom di taal sterker is as Keisers, en Tiberius kon an di burgers net so min 'n woord gé, as Tiberius kon bewerk dat 'n nuttige letterteken angeneem werd.' - *Canon Farrar, Language and Languages*, p. 32.

'Wil de spraakkunst iets meer dan spraakleer, wil zij alles wat styf en droog en rechtlijnig is van zich afschudden, dan moet zij geene wetten willen geven, maar omgekeerd trachten te leeren uit het spreken van hen, die het minst van taalwetten afweten. Voor den historischen taalbeoefenaar staat sinds Grimm de taal van den man uit het volk oneindig veel hooger dan alle wijsheid, die het gezag van schoolmeesters meer dan drie eeuwen lang in de hongerige maag van onze schrijftaal heeft geduwd.' - *De Beer, in Onze Volkstaal*, I, bl. 11.

'Ofskoon daar 'n gedurige verandering is in di taal, is dit ni in di mag van 'n mens òf om dit te maak òf om dit te belet ni: ons kan net so goed denk om di wette te verander wat onse bloedsomloop beheers, of om 'n duim tot onse lengte by te voeg, as om di wette van di spraak te verander, of nuwe woorde uit te vinde na ons eie lus.,' - Max Müller, in syn Voorlesings o'er 'Science of Language', eerste reeks, twede lesing.

'Om di waarheid van di stelling te bewys, haal hy 'n paar voorbeelde uit di geskidenis an, waarin 2 beroemde Keisers, Tiberius van Rome, en Sigismund van Duitsland, foute gemaak het in hulle Latyn, en deur eenvoudige taalkundige daaro'er reg gewys is, wat an hulle keiserlike majesteite vertel het, dat hoe groot en onbeperk hulle mag oek mog wees, hulle ni in staat was om 'n verandering in di Latynse taal te maak ni. Di redenering en gevolgtrekking hieruit is: 'As so 'n hoge en magtige persoon as 'n Keiser ni so'n kleine dingetji kan doen as di geslag en uitgang van 'n enkele woord te verander ni - selfs ni, soos Sigismund perbeer het, in 'n doje taal, wat dus gen teenstand kon biede teen di ontering - veul minder kan enig imand van minder gewig hoop so'n verandering te bewerk, of enige andere van di veranderinge, van meer of minder betekenis, wat di geskiedenis van di taal uitmaak.' - Antekening op voorgaande, deur *Whitney, Language and its Study*, bl. 35. Verder diselfde op bl. 95 en 129.

Wat ons tot waarskuwing hier by voeg.

Di beginsel is dikwils uit di oog verloor. Tot grote skade ver di taalkunde van vele tale. So is o'er algemeen di Taalkunde van di meeste Germaanse tale ni geneem uit di lewende

spreektaal ni, mar verwring na di reels van di doje Latynse taal. Di hele Engelse taalkunde is ni veul meer as 'n altyd herhaalde, mar euwig mislukte poging om di Engelse taal te breng onder di reels en in di vorm van di Latynse taalkunde, soos Max Müller treffend angetoon het. En dat Hollans daarvan oek ni vry gebly het ni is duidelik aangetoon deur Roorda (Schryftaal en Spreektaal) en Bilderdyk (Spraakleer, Verhandeling over de Geslachten, en in verschillende Taal- en Letterkundige Verhandelingen). En watter kwaad daardeur an di Digkuns gedaan is, deur in plaas van di eienaardigheid van di Germaanse tale te volg, soos di middeleuwse digters, di reels van di Griekse en Romeinse versbou op di Hollanse taal te wil toepas, het nog onlangs di grote Vlaamse Digter, Julius de Geyter, angetoon in di uitvoerige Voorrede (wat meer bevat as 'n menigte geleerde werke) ver syn nuwe bewerking van ‘Reinaart - De - Vos.’ Mar hierop kom ons later terug.

Ons hou mar di voorbeelde tot waarskuwing voor.

Selfs gen Keisers, hoe magtig oek, kan an di taal reels voorskrywe ni!

Waar hulle 'n verkeerde grondslag geleg het in di taalkunde, daar laat dit sig moeielik later herstel.

Di taal self is di hoogste wetgewer. Laat ons di Koningin haar wette gehoorsaam en opvolg.

Wi kan an 'n boom vooraf reels voorskrywe, hoe hy moet groei; hoeveul takke hy moet gé; watter vorm hy moet anneem?...

Wi is so dwaas om syn kind by di afnemer te breng en te sê: jy moet 'n portret maak van myn kind; mar dit moet ni so lyk soos di kind ni; dit moet lyk soos di kind van di en di, of dit moet wees soos di kind oer sal lyk?...

Toepassing: di stelling is veral ver di wat 'n vereenvoudigde Hollanse taal ver ons Afrikaners wil *maak!* Dat eenvoudige mense, wat van taalwetenskap niks afweet ni, an so iets onmoliks kan denk, kan ons begryp. Mar geleerde manne, - predikante, - professore -!

Afrikaner, skryf soos jy praat! Laat onse taal syn vrye ontwikkeling hou! Liwers 'n taal sonder (geskrywe) taalkunde, sig altyd verblydende in 'n euwige jeug as 'n taal vasgeskroef

in 'n keurslyf van vreemde, opgedronge taalreels! Hoor di besielde taal van di Vlaamse Digter, de Geyter: -

‘Een taal is een stroom, waarvan het onnodig is de bronwel te kennen om zijne heerlijkheid te genieten. Heeft de Nyl één of twee oorsprongen? Wat scheelt het den Khedive, die in zijn salonjacht erop spelevaart; den Engelschen kapitein, die aan- en afstoomt op zijn zeekasteel; den armen visscher, die netten uitwerpt uit zijn sloep?’

Ons taalreels sal daar ni by ly as hulle 'n tyd onbeskrywe bly ni; wel as hulle verkeerd beskrywe is. Di kind sal wel groei, al het ons nog ni 'n goeie portret daarvan ni.

Sesde stelling.

Di vaste wet deur alle tale in alle eeuwe gevolg is vereenvoudiging, deur wegwerping van hinderlike buigingsvorme en uitgange, waardeur di taal bruikbaarder word ver gemaklike uitdrukking van gedagtes. Op di maniir is di germaanse tale veul eenvoudiger as di oue Indo-germaanse taalstam waaruit hulle gespruit is; en is Hollans weer eenvoudiger as Duits, en Engels as Hollans, sodat Engels amper gen buigingsvorme o'ergehou het ni.

Wat andere seg.

Ver di stelling is soveul getuige, dat ons amper ni weet wi op te roep ni.

‘Diezelfde Professor Max Müller leert ons dat, wanneer men van taal spreekt er eigentlijk geen onderscheid gemaakt kan worden tusschen groei of ontwikkeling en verval, zoodat men zeggen kan, dat de hoogst ontwikkelde Europeesche talen van den tegenwoordigen tijd eenvoudig door voortdurend verval uit eene rijke en volle oorspronkelijke taal zijn ontstaan, welke in overouden tijd door de voorouders der Europeesche volken, de Aziërs, gesproken werd. Nu gaat het niet aan, het Hollandsch of Engelsch b.v. als een soort van model- of standaardtalen te beschouwen en op 't Afrikaansch, dat als een eigenaardig vervallen tak van 't Hollandsch aan te merken is,

neêr te zien, wanneer men weet dat het Hollandsch en Engelsch evenzeer vervallen vormen van den Germaanschen stam zijn, beide, maar vooral 't Engelsch, door wrijving met de talen van vreemde veroveraars zóózeer afgesleten, dat het geene noemenswaardige grammatische vormen heeft overgehouden.'

'Zulk een weelderige plant is de taal der Vedo's, de Heilige Boeken der Oude Indiërs, met haren rijkdom en volheid van vormen. Maar in den loop der eeuwen zien wij langzamerhand dien rijkdom afnemen, die volheid als 't ware inkrimpen. 't Grieksch, 't Latijn, 't Gothisch, 't Duitsch zelfs mogen ons nog rijk in vormen schijnen, met 't oud-Indisch vergeleken, zijn zij reeds verarmd en 't Hollandsch is alweder armer dan 't Duitsch, terwijl 't Engelsch, wat Grammatische vormen betreft, een beeld van naakte armoede mag genoemd worden.' - *Prof. Brill*, in *Geskiedenis van di Afrik. Taalbeweging*. bl. 30, 31.

'Di eerste en belangrikste beginsel, wat ons moet opmerk, di een wat di grondslag uitmaak van amper alle klankveranderinge in 'n taal, is di neiging om di uitspraak makliker te maak ver di spreker, om 'n makliker in plaas van 'n swaarder klank of verbinding van klanke te stel, en heeltemaal ontslage te raak van wat onnodig is in di woorde wat ons gebruik...

Dis te meer nodig, dat ons kennis neem van di ontbindende en verwoestende werkings van di strekking, omdat onse Engelse taal, meer as alle andere beskaafde tale op di hele aarde, di een is waarin hulle di diipste en mees verwoestende veranderinge gemaak het...

Di oue taal waarvan Engels di verre afstammeling is het syn naamwoorde, selfstandige en byvoegelike, verbuig in 3 getalle, elkeen met 8 naamvalle.' - *Whitney, Language and its Study*, bl. 69, 74-77.

En wat het Engels nou nog hiervan o'ergehou? Hoor wat seg Max Müller: 'Wat nou taalkunde kan genoem worde in Engels is weinig meer as di uitgange van di twede naamval enkelvoud en di eerste naamval meervoud van di naamwoorde, di trappe van vergelyking en 'n klein bitji van di persone en tye van di werkwoorde.' - 'n Ryke taalkunde*!* Ni veul meer ni as 'n *s, n, r, t* en *d*!

Whitney geef hiervan uitvoerige voorbeelde, wat aantoon hoe byv. in di werkwoorde di verbuigings afgeslyt het; of iwers in di verbuigings was vroeger di voorna amwoorde samegesmelt met di werkwoorde en nou is hulle later daarvan afgeneem en word hulle apart gebruik.

Byvoorbeeld eers het hulle geskrywe soos ons hier angeef: -

Oue Engels.	***Nuwe Engels.***	***Afrikaans.***
lagamasi.	We lie.	Ons lieg.
lagatasi.	Ye lie.	Julle lieg.
laganti.	They lie.	Hulle lieg.

Nou siet elkeen, dat di werkwoord self in Engels en Afrikaans ni verbuig worde ni, dit bly mar in Engels *lie* en Afrikaans *lieg*. Mar wat is nou eintlik di uitgange *masi, tasi, nti*? Dis nix anders as di oue vorme van di voornaamwoorde wat an di werkwoorde vasgesmelt geskrywe werd: *masi* is ‘ek en jy’, dus *ons; tasi* is ‘hy en jy’, dus *julle;* en *nti* is *hulle*. En wat het di taal dus in bruikbaarheid verloor? Niks. Veeleer gewen, want dis makliker om te skrywe, te lees, en te verstaan, soos dit nou apart geskrywe word.

Wat ons tot lering hier by voeg.

Max Müller, Spalding, Grimm, Whitney, Dr. Brill, julle kan almal kom skool gaan by di geleerde teenstanders, wat Afrikaans verfoei omdat dit ni net soveul, en ni diselfde buigingsvorme het soos Hollans ni!

Sewende stelling.

Di menigvuldigheid van buigingsvorme is dus gen bewys van di voortreflikheid van 'n taal ni. Di Boesman- en Namakwataal byv. het meer vorme ver di voornaamwoorde as enige Europése taal wat nog gepraat word (vollens Dr. Bleek).

Wat andere seg:

‘Is men daarom gerechtigd op het Engelsch als op een afgesleten, vormlooze taal neêr te zien! Waarlijk niet, want in diezelfde taal heeft de grootste dichter der wereld zijne verwonderlijke meesterstukken geschreven, waarin het heelal zich als het ware afspiegelt en het menschelijk gemoed met alle hartstochten die het bewegen in oneindige verscheidenheid zijne uitdrukking vindt; en in die taal worden nog heden in 't Parlement, in kerken en gehoorzalen redevoeringen gehouden,

die in kracht en gloed te vergelijken zijn met het beste, wat Athene en Rome in vroeger eeuwen hebben opgeleverd. En toch hadden die Grieksche en Romeinsche redenaars een prachtige vormrijke taal tot hunne beschikking, de Engelsche slechts dat afgesleten van vormen ontdane Engelsch. Genoeg om te doen zien, dat men niet te voorzichtig zijn kan met eene taal enkel naar den rijkdom harer grammatische vormen te beoordeelen. 't Hoogste en diepste, wat het den mensch gegeven is uit te spreken, kan volkomen duidelijk, krachtig en schoon ook zonder die vormen worden geuit.' - *Dr. Brill, in di Geskidenis van di Afrik. Taalbeweging, bl*. 30.

'Ik heb de opmerking gemaakt, dat de taal van Tennyson minder door grammatikale vormen gebonden en belemmerd is dan die van zijne Angelsaksische voorgangers. Sprekende van "grammatikale vormen," bedoel ik natuurlyk alleen onnoodige en kunstmatige vormen, zooals byv. de onregelmatige werkwoorden, van welke wy er zooveel in het Grieksch en Latyn, zoo weinig in het Engelsch en in 't geheel geen in het Kaapsch Hollandsch vinden, en waarvan prof. Max Müller zegt: "Het is dit besef van grammatikale regtvaardigheid, dit edelmoedig gevoel van wat behoort te zyn, dat in den loop der eeuwen zoovele zoogenaamde onregelmatige vormen verbannen heeft." Let op de buigingen van het werkwoord in het Angelsaksisch, als vergeleken met hetzelfde proces in het nieuwere Engelsch, en zie hoeveel eenvoudiger, hoeveel duidelyker, hoeveel buigzamer, hoeveel dienstiger voor de uitdrukking der gedachten de moderne taal van Brittannië is. Ook is de reden dezer verbetering, uit een zoogenaamd grammatikaal oogpunt beschouwd, niet ver te zoeken. De Engelschen zyn eene practische natie, en nergens toont zich deze hoedanigheid sterker dan in hunne taal. Waarom zegt de Engelschman: "We *are*," "you *are*," bezigende aldus denzelfden vorm van het werkwoord in den eersten en tweeden persoon meervoud, terwyl de Hollander (van Holland, mynheer Wirgman!) zegt: "Wy *zyn*," "Gy *zyt*?" Dat geschiedt naar ik meen, omdat de Engelschman bemerkt heeft, dat de voornaamwoorden *we* en *you* voldoende den persoon aanduiden, waarin het werkwoord gebezigd wordt, en dat gevolgelyk de buiging van het laatste taaldeel overbodig geworden is. En waarom mag ik dan niet in alle billykheid aannemen, dat de Afrikaander, als hy de buiging van het werkwoord verwerpt, zulks doet van wege het feit, dat ook hy praktischer is dan zyne Nederlandsche voorzaten, en ziende dat het voornaamwoord alreede den persoon aanduidt, de verandering van het werkwoord noodeloos vindt, en weigert tweemaal aan dezelfde kers te byten. Ja, inderdaad gaat hy verder en blyft meer zich zelven gelyk dan zyn Engelsche ge-

buur; want ziende dat het persoonlyk voornaamwoord niet alleen den persoon maar ook het *getal* uitdrukt, waarin het werkwoord gebruikt wordt, zegt hy voor “I *am*,” “thou *art*,” “he *is*.” - “Ek is,” “jy is,” “hy is,” bereikende daarmede hetzelfde doel, nam., dat van zyne gedachten uit te drukken met minder wryving, met minder brandstof en met minder rolmaterieel dan zyn meer beschaafde nabuur; en zulk eene uitkomst is zeker in dezen tijd van locomotie en elektriciteit van belang. Neem nu de geslachten der naamwoorden. Zie hoe het praktisch gezond verstand van den Engelschman hem geleerd heeft, te spreken van *the* man, *the* woman, *the* horse en *the* lamp. Hij houdt het voor toegestaan, dat niemand er aan twijfelen zal, dat *man* mannelijk is, *woman* vrouwelijk, en *horse* en *lamp* onzijdig; terwijl de Hollander (van Holland, mijnheer Wirgman!) het noodig acht te spreken van “*den* man,” “*de* vrouw,” “*het* paard” en “*de* lamp,” (zijnde lamp in spijt van vrouwenregten, vrouwelijk!) Hier weder toont de barbaarsche Afrikaander zijn nadere verwantschap met zijn Engelschen gebuur, want hij spreekt van “*die* man,” “*die* vrouw,” “*die* pert” en “*die* lamp.”’ - *Hoofregter Reitz, in di Geskidenis van di Afrik. Taalbeweging, Bylage, bl*. 8.

Wat ons tot opheldering hier by voeg.

'n Predikant van onse Ned. Geref. Kerk in di Vrystaat praat eens met ons o'er Afrikaans in di Trein. Hy was di bitterste teenstander ni; mar hy kon sig tog daarom mar ni met di Afrikaanse taal verenig ni. Op ons vraag: *wat* hy dan tog eintlik daarteen het, seg hy, hoofskuddend, en met priesterlike waardigheid en erns: ‘geef ons toch alsjeblieft een beetje grammatika!’ Op onse vraag: ‘Wat meen u daarme? geef ons 'n voorbeeld!’ - daar kom di wysheid voor di dag! ‘Byvoorbeeld: *ik ben, gij zijt, hij is*, in plaas van *ek is, jy is, hy is*.’

Slegter voorbeeld kon hy ni gekies hê ni. Denk ver di enkelvoud teenwoordige tyd moet di arme Hollanse taal di verbuigings van 3 aparte werkwoorde sameplak: en dis nou beter as onse taal wat geheel regelmatig is! Dis met een woord geseg: As 'n taal mar baing vorme het, al is dit oek onregelmatig, dis tog beter as een wat minder vorme het, al is di regelmatiger, makliker, en bruikbaarder!

Moet ni lag ni, vrinde! Di man is ernstig. Hy meen dit. En hy ken ni veul meer van spraakleer ni as syn memori-lessi: ‘Ik *ben*, gij *zijt*, hij *is*’*!*

Ver di voorbeeld in di stelling self genoem moet ons verwijs na di geleerde spraakkuns van Dr. Bleek. En as imand wil o'ertuig wees, dat menigvuldige en omslagtige vorme veeleer 'n kenmerk is van barbaarse as van beskaafde tale dan kan hy mar lees wat Canon Farrar seg in ‘Language & Languages,’ bl. 398-401, waarvan ons mar ruimte het om di slot o'er te neem: -

‘Tensy Veelgodendom meer verstandsontwikkeling toon as di anbidding van een God; tensy di 40,000 lettertekens van di Sinese skryftaal verkieselik gereken word bo di 26 letters van di Aryse abécé; tensy dit verstandiger geag word - om di tyd te bereken met steltekens (algebra) en die hoogte van 'n tafel te bereken met drihoeksmeting, in plaas van eenvoudig op 'n horlosi te kyk of 'n maatstok te gebruik - dan is al di menigvuldige samenstellings (polysynthetism), en samesmelting van letters (alliteration), en o'ervloed van vorme (exuberance) veeleer 'n teken van minderheid (inferiority) as van beskawing (culture). Mar, uit 'n oogpunt van werkelikheid, is gemakkelikheid, en ni moeielikheid ni; kortheid en ni omslagtigheid ni; eenvoudigheid, en ni ingewikkeldheid ni, di o'erwinning van beskawing; en 'n bewarende taalmasineri is slegter as nutteloos, wanneer dit molik is om diselfde doeleindes te bereik op veul meer doeltreffende manier deur di allereenvoudigste middels.’

Agste stelling.

Di Afrikaanse taal het di vaste wet van vereenvoudiging gevolg en toon daarin 'n buitengewoon gesonde ontwikkeling; dit blyk uit beoordéling van onse taal na syn vorm en inhoud.

Wat andere seg:

‘Men ziet het, grammatisch verval is de wet, welke de ontwikkeling der taal beheerscht, waaraan alle talen onderworpen zijn. En 't Zuid Afrikaansch Hollandsch heeft niet anders gedaan dan die wet volgen en is, daar niet, zooals in het moederland, allerlei invloeden van gezag, geene letterkunde, geen schrijftaal, geen schoolmeesters, geen overwegingen van schoonheid of fatsoen tegenhielden, maar alleen gemak en bruikbaarheid in aanmerking werden genomen, met oneindig grootere

snelheid de helling afgeloopen en met de grootste stoutmoedigheid verminkt, besnoeid en voor 't dagelijksch gebruik pasklaar gemaakt. Al wat de vrije beweging hinderde, al wat den volslagen ongeleerde te geleerd voorkwam, waarvan het doel of het nut niet langer begrépen werd, werd verwijderd, verwaarloosd, verworpen, niet met bewustheid, maar langzamerhand, als van zelve, onbewust. Evenals de Afrikaansche boer, met den ouden Diogenes wedijverend, in zijn huiselijk leven scheen te willen toonen, met hoe weinig een mensch toe kan, zoo deed hij het ook in zijne taal, ten minste in zijne grammatica en zóó werd het Zuid-Afrikaansch de taal, welke het op dit oogenblik is.' - *Dr. Brill, in di Geskidenis van di Afrikaanse Taalbeweging, bl*. 31.

'Ik zal uwe lezers in het algemeen en den heer Wirgman in 't bijzonder niet gaan vervelen met verdere aanhalingen, en wil dan enkel vragen, of Spalding en andere schrijvers over dat onderwerp ons niet leeren dat de overgang van 't Angelsaksisch tot het Engelsch hoofdzakelijk teweeggebracht is door wat genoemd wordt achteruitgang in den klank en herschepping in den tongval, en dat de reden, waarom de taal van Tennyson in iederen zin des woords een minder barbaarsche en een betere geworden is dan die van Chauser en de oudere schrijvers van de 11de en 12de eeuw, deze is, dat zij zoowel rijker aan woorden als minder geketend aan en belemmerd door grammaticale vormen is? Lezen wij van deze autoriteiten niet verder, dat die veranderingen trapsgewijze zijn teweeggebragt, niet door den invloed van individuen, maar door den natuurlijken wasdom en de ontwikkeling, gelijken tred houdende met den wasdom en ontwikkeling, der natie? Wel, ditzelfde verval in den klank en deze herschepping in dialekt, datzelfde annexeren van vreemde woorden, datzelfde ontwringen aan de boeien der grammatikale vormen, deze zelfde natuurlijke groei en ontwikkeling heeft de taal van Holland doen verkeeren in de taal van Zuid-Afrika.' - *Hoofregter Reitz, in di Geskidenis van di Afrik. Taalbeweging, Bijlage, bl*. 6.

Di wat daar lus in het kan 'n mooie verhandeling kry om an te toon hoe di taalgeleerdes, wat an di vorme wat hulle een keer het vashou, di ontwikkeling van di skryftaal na di spreektaal teenhou, so dat di twe eers al verder van makaar af gaat (want di spraakmakende bevolking steur hulle an di verstyfde taalgeleerde ni); tot dat op laas di skryftaal 'n lyk, 'n doje taal word; en hoe di skryftaal alleen in lewende betrekking kan bly deur sig gedurig te hervorm uit di spreektaal, - di

kan dit kry in Whitney, *Language and Languages*, bl. 149-151; of hy kan mar lees *Roorda, Spreektaal en Schrijftaal*.

De Geyter, in di meer angehaalde Voorrede van syn Reinaart - De Vos, bl. LVII, seg: ‘Het lot onzer taal in den gang der eeuwen was afslijten en verdoffen.’ Daarom geef hy in 'n lysi enige woorde in Goties, Oudduits, Diits (Middel), en Nuwnederlands, wat ons hier verwerk in

Goties.	***Hollans.***	***Afrikaans.***
linhap	licht	lig
samana	samen	same
veinagards	wijngaard	wingerd
frijonds	vriend	vrind
rignjan	regenen	reen
usgildan	vergelden	vergelde
galaubjan	gelooven	gelowe, glo

Hoor nou nog net wat Professor Mansvelt hiervan seg in di *Z.A. Tijdschrift*, Augustus 1880, bl. 396 en 897: -

‘In onze eeuw van haast en voortgejaagdheid, die ons nauwelijks tijd laat om te leven, waarin overal en op elk gebied alleen het wachtwoord klinkt: “Spoed u; maak haast!” die treurige leuze, welke reeds op bijna alles wat ons omringt haar stempel heeft gedrukt en zich in eenvormigheid openbaart; in eene eeuw als de onze, moet het ieder ernstig opmerker treffen, - en voor hen die weten, in welk nauw verband de geest des tijds, de geest des volks tot deszelfs taal staat, is dit zelfs natuurlijk - het moet ieder aandachtig beschouwer treffen, hoe die geest van haast en van daaruit voortvloeiende eenvormigheid zich ook in onze hedendaagache talen afspiegelt. Immers is dat wegwerpen van al die buigingsvormen, van al die vormveranderingen, van dat gelijkvloeiend worden der werkwoorden, hetwelk we in alle moderne talen min of meer waarnemen, niets anders dan diezelfde zucht tot vereenvoudiging, tot eenvormigheid, die zich in onze nieuwere gebouwen met hunne gladde, gelijke gevels openbaart. Welnu, diezelfde geest van haast, die stoomkrachtvaart openbaart zich ook in de taal. Evenals de moderne stoomgeest meer en meer het aangezicht onzer aarde effent, gelijk maakt, door niet alleen hoogten te slechten en dalen te vullen, maar ook door bijna alle onderscheid in klederdracht, zeden en gewoonten der verschillende natiën weg te nemen, zoo verdwijnen ook voor dienzelfden geest van gelijkmaking alle hoogten en laagten, alle

oneffenheden, alle ongelijke vormen in de taal, die hoe langer hoe meer van alle buigingsvormen wordt ontdaan en steeds gelijker, gladder en naakter wordt. Doch, geldt al het voorgaande voor de zoo even genoemde talen, hoe veel meer is het dan niet waar van de taal, wier bespreking wij heden bijzonder op 't oog hebben - *het Afrikaansch!* Zoo ééne, dan verdient deze taal wel het *kind onzer eeuw* genoemd te worden; want, waar andere moderne talen slechts in meerdere of mindere mate de zoo even genoemde kenteekenen vertoonen, vinden wij in het Afrikaansch al die beginselen tot de uiterste consequentie doorgevoerd. Zoo één, dan vertoont dit kind der latere tijden in zijn "plain face," dat gelaat zonder uitdrukking, het evenbeeld zijner ouderen.'

Wat ons tot opmerking hier by voeg.

Eers wanner ons di eienaardighede van di Afrikaanse taal, onder stelling 10 tot 16, behandel sal dit nader blyk op watter praktise, gesonde manier onse volkstaal di wet van vereenvoudiging gevolg het. Molik was dit mar goed, dat onse taal ni te gou in 'n keurslyf van knellende taalreels vas gedruk is ni. Dis ver di gesonde ontwikkeling van 'n kind nadelig as hy te jonk na di skool gestuur word! Ons taal het sig ontwikkel soos 'n kind wat speul in onse gesonde lug en ruime velde!

Negende stelling.

'n Taal kan beoordeel worde na syn inhoud en na syn vorm, vollens syn woordeskat en syn taalreels. By di eerste kom in anmerking di suiwerheid, kortheid, rykdom, sagtheid en welluidendheid, en by di twede di eenvoudigheid, regelmatigheid en eenvormigheid.

Tiinde stelling.

Wat suiwerheid angaat is di Afrikaanse taal vandag di suiwerste tak van di oue Germaanse of Diitse taalstam, waaruit soveule nuwe tale gespruit het.

Wat andere seg:

‘Mense skep ni nuwe woorde uit di hand uit ni, hulle stel dit same uit oue boustoffe,’ - seg Whitney in syn meer angehaalde werk, bl. 126.

So het onse Afrikaners oek ni onse woorde geskep ni, mar dit uit oue bouwstoffe geneem. Mar hoe? Ni soos di Engelsman, samegelap uit alle molike tale ni, soos ons gesien het bij di behandeling van di eerste stelling ni. Ne, ons het ons so na as molik is an di Germaanse taalskat gehou en daaruit onse woorde ontleen.

Nader selfs as Hollans, want terwyl Hollans 'n menigte basterwoorde uit Latyn en Frans o'ergeneem het, was ons hiir an di Kaap van Hollanse invloede afgeskei en is van di verbastering bewaard gebly. So merk Dr. Brill tereg op, hoe Afrikaans veul o'ereenkoms het met di oue Hollans van di 17 en 18de eeuw, en nog verskeie van di oue woorde gebruik, wat in nuwerwetse Hollans ni meer voorkom ni, soos Landdros, Veldkornet, tabberd, ens. - *Gesk. Afr. Taalbew. bl*. 34, 35.

Wat ons tot bevestiging hiir by voeg.

Party van onse teenstanders het geseg: ‘Afrikaans is 'n brabbeltaal, 'n mengelmoes van allerhande tale.’ Andere het geseg: ‘Dis 'n Hottentots taal, wat ons van di volk geleer het.’ Nou dis mense wat praat sonder te denk, en hulle sinnelose geklap is dan oek gen notisi wêrd ni. Ons daag enig een uit om ons 'n suiwerder Germaanse taal an te wys onder alle gesproke takke van di taalstam.

En dis wel opmerkelik, dat onse taal so seer syn suiwer Germaanse karakter behou het, terwyl daar tog so veul gevaar was tot vermenging met andere elemente.

1. Vereers was di Kaap mar 'n ankomsplek ver di skepe van alle nasiis, Engelse, Franse, Portugese, ens. Di vaste volkplanting hiir was mar klein. Wonder dus dat deur di vermenging hiir ni 'n spraakverwarring gekom het nes by di Toren van Babel, of soos an Mauritius, en andere plekke ni.

2. Di ankoms van di Franse Vlugtelinge, wat toen omtrent 'n derde van di bevolking uitgemaak en hulle taal nog lank behou het, was 'n twede gevaar ver taalverbastering. En tog kryg jy gen dosyn Franse woorde wat burgerreg gekry het in

onse taal ni. Wel het ons wat van di Franse gees in onse taal opgeneem, soos ons later sal siin, mar amper gen Franse woorde ni.

3. 'n Derde gevaar het di suiwerheid van onse taal bedreig deur di omgang van di verspreide Europése bevolking met di menigtes van Kleurlinge, Kaffers en Hottentots; en tog sal jy ni 'n dosyn Kaffer of Hottentot woorde kry wat in onse taal opgeneem is ni. Alleen enkele Slamse woorde is in onse kombuistaal opgeneem, soos later sal blyk.

4. Mar di grootste gevaar was, dat Engels meer as 'n drikwart eeuw an ons opgedring is as offisiële taal in Parlement, publieke Kantore, as middel van onderwys op di skole, ja selfs in onse kerke; bowedien deur handelsverkeer. En tog is daar gen 25 Engelse woorde wat burgerreg verkry het in di Afrikaanse taal ni. Alleen nou in di laaste jare, veral deur di Engelse meisiis skole, begin Engelse woorde onse taal, in enkele kringe van di samelewing, te ontsier, soos ons later sal siin.

Mar suiwer, buiten alle verwagting, haas sonder voorbeeld, is onse taal gebly. Vergelyk byv. met Engels. Hoor wat Max Müller seg: ‘Deur 'n noukeurige opneming en deur elke woord te tel in di woordeboeke van Robertson en Webster, het M. Thommerel di feit vasgestel, dat di getal Teutonise of Saxise woorde in Engels mar 13,330 bedraag teen 29,354 woorde wat regstreeks of sydelings tot hulle Latynse oorsprong kan nagespoor worde... Ons kan hele sinne vorm in Engels, wat net uit Latynse of Romaanse woorde bestaat.’ - *Lectures on the Science of Languages*.

Dus met Engels hoef ons ni eens onse taal te vergelyk wat suiwerheid angaat ni. Mar laat ons dit met Hollans vergelijk. Ons sal daartoe neem di Reels van di Z.A. Taalbond, met net te onderstreep di woorde wat van vreemde, en ni van suiwer Germaanse, afkoms is. Ons neem di Reels omdat ons tog kan verwag dat dit in suiwer Hollans is, en omdat onse teenparty anders molik sal sê, dat ons opsettelik 'n keuse ten nadele van Hollans gedaan het: -

Statuten **van den Zuid Afrikaanschen Taalbond.**

Art. 1. Er bestaat een Zuid-Afrikaansche Vereeniging onder den naam van ‘Zuid-Afrikaansche Taalbond.’

Art. 2. Het doel van de Vereeniging is: Bevordering van de kennis der volkstaal en aankweeking van een ontwikkeld *nationaliteits*gevoel.

Art. 3. Het in *Art*. 2 omschreven doel tracht de Vereeniging te bereiken door:

a. In overleg met reeds bestaande vereenigingen te zorgen voor de verspreiding van geschikte *lektuur* en schoolboeken.

b. Het uitloven van prijzen of beurzen aan leerlingen op onze scholen voor vordering in de volkstaal.

c. De taal*kwestie* voor de aandacht van het *publiek* te houden en de belangstelling in de goede zaak op te wekken.

d. Het uitloven of toekennen van prijzen of eervolle onderscheidingen voor hier te lande geschreven of vertaalde stukken (werken) in de volkstaal.

e. Met de Regeering des lands, den Afrikaner Bond en de Kerkelijke Lichamen samen te werken ter bereiking van het doel der Vereeniging.

Art. 4. Stemgeregtigde leden der Vereeniging zijn zij, die tot het in *Art*. 2 omschreven doel toetreden en eene jaarlijksche bijdrage van minstens Vijf Shillings vooruit betalen.

Donateurs zijn zij, die minsten Vijf Pond *sterling* in eens in de kas der Vereeniging storten, waardoor hun levenslang het stemrecht verzekerd wordt.

Art. 5. In elke plaats, waar minstens tien leden wonen, wordt een tak opgericht, die zijn eigen bestuursleden kiest.

Art. 6. Om de twee of drie jaren zal er een *Congres* gehouden worden, dat, om *centralisatie* te voorkomen, beurtelings op verschillende middelpunten bijeenkomt, en waarop alleen afgevaardigden (uit ieder tak één) der verschillende takken, als stemgeregtigden zullen worden beschouwd.

Art. 7. Dit *Congres* kiest een hoofdbestuur, aan hetwelk tot het eerstvolgend *Congres* de behartiging van alle belangen der Vereeniging wordt toevertrouwd, en waarvan de leden telkens gezamenlijk of afzonderlijk verkiesbaar zijn.

Art. 8. Het Hoofdbestuur der Vereeniging bestaat uit zeven leden, waaronder een Voorzitter, een *vice*-Voorzitter, een *Secretaris* en een Penningmeester, door het Hoofdbestuur zelf te kiezen. Vijf leden vormen een *quorum*. Bij afwezigheid van één of meer der gewone leden wordt het *quorum* uit de *reserve* leden aangevuld. Bij mogelijke *vacature* gedurende het tijdperk tusschen de *Congressen* vult het Hoofdbestuur zich zelf aan.

Art. 9. Het Hoofdbestuur behartigt de zaken der Vereeniging bij briefwisseling, of komt, als het zulks noodig acht op een geschikt middelpunt samen. De vergoeding der onkosten geschiedt uit de algemeene *fondsen*.

Art. 10. Het Hoofdbestuur is belast met:

a. Het behartigen van de doeleinden van de Vereeniging, genoemd onder *Art*. 2, en het aanwenden van de middelen vermeld onder *Artikel* 3.

b. Met de uitvoering van wat er verder door het *Congres* besloten wordt betreffende de openbare *examens*, de opleiding van onderwijzers, de aanstelling van School*inspecteurs*, enz.

Art. 11. Het Hoofdbestuur zal gehouden zijn, jaarlijks een verslag van zijne verrigtingen en van den staat der geldmiddelen onder de leden te verspreiden.

Art. 12. De Vereeniging bedient zich, met toestemming en onder goedvinden van den *Redakteur*, van het 'Zuid-Afrikaansche Tijdschrift' als haar *orgaan*.

Dus 40 woorde van vreemde - ni Germaanse - afkoms; herhalings ni samegetel ni, dan tog 20 aparte vreemde woorde in so'n korte stukki!

Hierteeno'er geef ons alweer, sonder uitsoek, di Voorrede van di Geskidenis van di Afrikaanse Taalbeweging, wat reeds in 1880 gedruk is:

'Herhaaldelik en van verskillende kante is ons gevraag om tog 'n kort verhaal te ge van di geskiedenis van di Afrikaanse Taalbeweging van di begin af, met al di stukke daarby. Di versoek is billik, want in di begin was ons getal voorstanders mar min, 'n groot deel word nou eers bekend met di saak, en di wil graag weet hoe di hele beloop was. En selfs di wat van di begin af hulle andag daaran gewy het, wil tog oek graag alles weer in geregelde volgorde lees, want dit gaat mar met koerante so, 'n mens lees dit en dan verslinger dit weer. Daarom het ons besluit om an di versoek te voldoen. Mar maklik is dit ni. Vereers om al di oue koerante van so veul jare nou weer deur te gaan, om alles daaruit te snuffel, is gen kleinigheid ni. Mar dan nog om di stof te bewerk, is nog moeiliker. Vereers kan jy ni mar alles opneem ni, dan kom dit te uitvoerig; nou moet jy eers di nodigste uitsoek. Dan kan jy dit tog oek ni somar deur makaar ge ni, jy moet dit eers mooi regel. Verder, moet jy onpartydig wees en vrind en vyand laat reg wedervaar. Eindelik, daar is dinge wat jy ni weet of jy hulle mar in di donker moet laat bly ni, dan of jy hulle ver goed in di geskiedenis moet opneem om daarin bewaard te bly. As imand dus iets verkeerd in ons werk meen te sien, dan moet hy mar denk hoe swaar ons taak was, veral onder andere drukke werksaamhede, en dan moet hy, in plaas van ons di enkele foute te verwyt, liwers hom self verwyt waarom hy dit dan ni beter gedaan het en ons so di kans be-

neem het om di foute te maak ni. Wat ons geef is ni 'n geskidenis van di Afrikaanse taal ni; o'er di ontstaan en vorming van onse taal het ons wat angestip, in “Di Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal” - mar ons geef hier di geskidenis van di Afrikaanse Taalbeweging, van di werksaamheid om onse taal erkend en beoefend te kry as landstaal. Mag dit dien om vele teenstanders te o'ertuige, en alle voorstanders te versterk en te bemoedig!’

Wel daar is nou 'n suiwere proef. Tel elkeen nou self hoeveel basterwoorde daar in di Hollanse stuk is. En in di Afrikaanse gen een ni, of ons moet di een woord ‘koerant’ daarvoor neem. Mar waar is nou di Hottentots en Boesman woorde; waar di Franse en Engelse woorde? Kom nou, hier is feite.

Mar di Afrikaner het nog meer gedaan. Om syn taal suiwer te hou, het hy dinge, wat Hollanders en Engelse hom mé in anraking gebreng het onder vreemde name, eenvoudig verdoop en daaran name gegé wat hy uit di ryke Germaanse taalskat gaan haal en toepasselik gemaak het. En bisonder gelukkig is hy hierin. Waar Hollander en Engelsman di Latijnse woord ‘lucifers’ gebruik seg di Afrikaner heel gepas ‘*vuurhoutjiis*.’ Waar Hollander en Engelsman di Fransman naseg ‘cameleon,’ daar het di Afrikaner gou 2 Germaanse woorde, di een so gepas as di ander: ‘*verkleurmannetji*’ en ‘*trapsûtjies*.’ Kom Engelsman en Hollander na ons toe met 'n Locomotief, gou-gou het di Afrikaner weer twe skilderagtige name ‘*vuurwa*’ en ‘*ysterpêrd*.’ Wat di Engelsman ongepas ‘everlastings’ noem (want dit is ni eeuwigdurend ni), en di Hollander net so ongepas ‘immortellen’ (want dit is ni onstervelik ni), daar het di Afrikaner ni alleen dadelik 'n suiwer Germaanse naam voor ni, mar bowedien 'n naam so gepas as jy ooit kan begeer, namelik ‘*sewe-jaartjiis*,’ want di blomme duur mar sewe jare. Hoe di Afrikaner woorde geput het en toepasselik gemaak het ver dinge wat hy eers hier leer ken het en waar di Hollander hom gen woorde voor gegé het ni sal ons later (Stelling 24) verder siin. Ons noem hiir mar net enige soos: wag-'n-bitji, haak-en-steek, kan-ni-dood, hot-op-ses, haar-naas-agter, ens., almal van suiwer Germaanse afkoms, en wat jou di voorwerpe amper voor di oge afteken.

Elfde stelling.

Dat Afrikaans in kortheid uitmunt sal wel nimand ontken ni.

Daar nimand di stelling ontken, is dit oek ni nodig getuigenisse daarvoor op te roep, of dit verder toe te lig ni. Een voorbeeld sal genoeg wees vereers; di wat meer wil hê, kan mar neem soveel as hy wil. Ons neem di eerste 5 verse van di Bybel en vind dan as ons di letters tel: - Afrikaans het 284 letters, Duits 299, Hebreeuws 315, Hollans 345, en Engels 352. Dan neem ons di eerste 5 verse van Johannes Evangeli en vind, dat Afrikaans tel 224 letters, Italiaans 236, Engels 252, Hollans en Duits elk 279 letters.

In onse tyd van spoortrein en telegraaf is dit gen kleine voordeel ni!

Twaalfde stelling.

In rykdom behoef Afrikaans oek ni agter te staan ni, want ons het di hele ryke Germaanse taalskat om uit te put, en di Afrikaner het syn praktise aard getoon om uit di skat ruim te put en di woorde ver syn doel te gebruik.

Wat andere seg.

Op 13 Mei 1876, toen di Afrikaanse taalbeweging in begin was, het Hoofregter de Villiers 'n voorlesing gehou, op di Jaarlikse Vergadering van di Openbare Boekery an di Kaap, o'er di vraag: wat di toekomstige Landstaal van Suid Afrika sal wees, Engels, Hollans, of Afrikaans? Hollans het hy gou op sy geset as onmolik, en toen di kanse o'erweeg tussen Engels en Afrikaans. Hy het daarin veel geseg waarmé ons volkome instem. Tog het hy tot di besluit gekom dat Engels dit sal win op laas. (Di vraag of ons ni hiir nes in Switserland, Canada, en andere plase 2 tale naas makaar sal moet erken, het hy ni o'erweeg ni). Een van syn hoofbesware teen Afrikaans was, dat di taal so arm is. Daarop het di *Zuid*

Afrikaan, hoewel onse beginsels ni toegedaan ni, tog goed geantwoord, as volg (angehaal in Gesk. v. Afr. Taalb. bl. 95):

'Het Kaapsch, zegt hij, is zoo ellendig arm. Had hij over het onderwerp nagedacht, hij zou inzien, dat die tegenwerping ongegrond is. Hij zou begrijpen, dat het Kaapsch, van het Hollandsch hoofdzakelijk verschillende in spraakkunst alleen, bijna het gansche Hollandsche woordenboek ter zijner beschikking heeft, en eene hoedanigheid bezittende, die het gemeen heeft met Engelsch, d.i., gemakkelijkheid van toeëigening van vreemde woorden, vatbaar is voor eene onbeperkte uitbreiding.'

Teenoer di Eerw. Wirgman het Hoofregter Reitz, in di stuk wat ons reeds angehaal het, oek op di punt onse taal verdedig as volg (angehaal in Bylage tot Afrik. Taalb. bl. 6): -

'Ons Kaapsch Hollandsch is rijker in woorden dan het Hollandsch in Nederland; want terwijl wij, des vereischt, en regt op het gebruik hebbende, elk woord uit de Nederlandsche dictionaire van A tot Z aannemen, hebben wij daaraan een groot aantal andere toegevoegd, ontleend aan de Engelsche, de Maleische en zelfs aan de Hottentotsche taal. Ook maakt het feit, dat het Kaapsch Hollandsch Hottentotsche woorden in zich opneemt, die taal volstrekt niet "barbaarscher." Als ik spreek van de *Karroo*, het *ganna*-boschje en van de *gwarrie*- en *karee*-boomen, bega ik dan een grootere barbaarschheid dan de Engelschen, die het woord *creed* of een ander der weinige namen gebruikt, die hij overgeërfd heeft van zijn Celtische voorouders, die zich met karossen omhingen, het ligchaam met oker beschilderden, hunne kinderen op de altaren der goden offerden en hunne vrouwen in gemeenschap bezaten? Op gezag van Spalding zeg ik, voorzeker niet. Integendeel ik verrijk daardoor de taal met een ruimeren voorraad woorden, en stel den taalgeleerde in staat, de geschiedenis der natie na te vorschen.'

Wat ons tot anvulling hiir by voeg.

Di verrijking van Afrikaans is ni soseer, soos Hoofregter Reitz sig voorstel, ontstaan deur opname van Hottentotswoorde ni - dit sal moeielik gaan om nog 4 te kry buiten di 4 wat hy noem -; mar soos di *Zuid Afrikaan* tereg opmerk deur te put uit di Hollanse woordeboek, ons sou liwers sê uit di Germaanse taalskat. So kan ons oek ni heeltemaal instem met di Hoofregter (nou President), dat Afrikaans 'rijker in woorde is as Hollans in Nederland ni.' Want teenoer nuwe

woorde uit di ryke Germaanse skat hier in gebruik geneem, wat hulle in Holland ni gebruik ni, of ni in di sin gebruik ni, is omgekeerd weer 'n menigte woorde daar in gebruik, wat ons hier ni het ni. Ons taal het sig ontwikkel vollens landsaard en volksbehoefte, soos ons by Stelling 24 nader sal antoon.

So sal di Afrikaner di Hollander ni verstaan as hy van di verschillende soorte van wonings praat en woorde gebruik soos *burcht*, *slot*, *buiten*, *heerenhuis*, ens. Mar watter ongesoute (alweer 'n Afrikaanse woord) Hollander sal verstaan wat ons eintlik bedoel met *pondok*, *struis*, *koker*, *hartbeeshuis*, ens.? So het di Hollanders 'n vlakke land en ons 'n bergagtige land. Onder Stelling 24 sal ons met voorbeelde antoon hoe by ons dus vele woorde uitgeval het wat in Holland dageliks gebruik word, terwyl ons ver di gedagte van hoogte en laagte 'n hele lys van suiwer Germaanse woorde het, wat di Hollander in fynheid van gedagte ni kan verstaan ni.

Di Germaanse taalskat is ryk, en di Afrikaner, het geweet, en weet nog om daaruit te put soveul as ver hom dienstig is. Mar di taal wortel oek in di geskidenis; so het ons oek enige Slamse woorde in ons kombuistaal ingeneem, wat 'n werkelike anwins is en meerdere verskeidenheid gé. Dit sal ons nader behandel onder di 25ste Stelling.

Dertiinde stelling.

Wat sagtheid angaat het di Afrikaner in di uitspraak van Hollanse woorde, waar dit ver hom moeielik of hard was, di anstotelike letter versalt of weggegoi.

Wat andere seg.

Opmerkelik is wat Dr. Brill hiervan seg in syn Voorlesing o'er di Landstaal, reeds in Mei 1875 an Bloemfontein gehou. Uit die Voorlesing het ons al meermale angehaal en sal ons nog meer anhaal. Dr. Brill was di eerste man, uit di geleerde stand, wat in di eerste dage van di Taalbeweging 'n goeje woord ver ons gespraek het. En daar hy 'n gebore Hollander is, wat mar min kans had om in met rondreis en op

andere manire veel met Afrikaners in anraking te kom, getuig dit van 'n skerpe waarneming, dat hy toen reeds soveel opgemerk het. Hiir is wat hy op di punt seg (angehaal uit Gesk. van Afrik. Taalb., bl. 34): -

‘Maar niet alleen in de vormen van verbuiging en vervoeging wordt alles vereenvoudigd, alle moeilijkheid vermeden of weggenomen; ook in de uitspraak, waar die eenigzins moeilijk of hard scheen, werd de aanstootelijke letter verzacht of verwijderd.

Zóó met de voor de meeste buitenlanders moeilijk uit te spreken g klank, die aan 't eind, zoowel als in 't midden der woorden verdwijnt, alléén bij 't begin behouden wordt. Daarom wordt 't Hollandsche wagen hier: wa, dragen, dra, krijgen, kry, zeggen, zê, negen, ne'en. Zoo wordt de ch, de harde keelklank, evenals in 't Friesche dialekt, achter de *s* als *k* uitgesproken; schoon wordt skoon, schip skip, schrijven skrywe; verschrikkelijk verskrikkelyk. Zoo wordt ook de zachte v tusschen twee klinkers niet meer gehoord; of tot w verzacht, overal wordt oorals, daarboven daarboo; schrijven, gelijk wij reeds zagen, skrywe. Zoo hooren wij dus 't Hollandsche *morgen avond* hier, met weglating van *g* en *v*, klinken als: *morre aand*.’

Wat ons tot bevestiging hiir by voeg

is ni veel ni. By di voorbeelde kan nog vele gevoeg worde. Mar wat veral veel bydraag tot di sagtheid en vloeibaarheid van Afrikaans i s dat ons di *n* an di end van di werkwoorde (onbepaalde wys) en van di selfstandige naamwoorde (meervoud) weglaat, sodat di woorde op klinkers uitloop, byv. *klanke* ver ‘klanken,’ *woorde* ver ‘woorden,’ *sterwe* ver ‘sterven,’ *gelowe* ver ‘gelooven,’ *worde* ver ‘worden,’ ens.

Mar ver 'n geoefende gehoor en 'n onpartydige oordeel is dit genoeg om 'n stuk te hoor lees in Afrikaans en in Hollans, of imand te hoor praat in Afrikaans en in Hollans, om dadelik o'ertuig te wees, dat onse taal veul sagter en vloeiender is.

Veertiinde stelling.

In welluidendheid munt Afrikaans veral vêr uit, vollens di beginsels daarvoor vasgestel in di algemene spraakleer en vergelykende taalkunde. Di twe hoofvereistes is menigvuldigheid en verskeidenheid van klanke, terwyl menigvuldigheid van medeklinkers 'n taal hard en gedurige herhaling van diselfde klanke 'n taal eentonig maak.

Ver di stelling kan ons ni by bring wat andere seg ni, om di eenvoudige rede, dat (sovêr as ons weet) nog nimand van di saak 'n studi gemaak het ni; in elk geval ons het nog ni gesiin dat imand iits daaro'er in di lig gegé het ni. Tot bewys ver onse stelling en tot op vekking van verder ondersoek geef ons di vollende voorbeelde:

Ons neem as voorbeeld weer di eerste 5 verse van di Bybel, en vind dat Afrikaans mar 38 meer medeklinkers het as klinkers, Hebreus en Hollans 75 meer, Duits 95 meer en Engels 104 meer.

En in di eerste 5 verse van Johannes vind ons dat Italiaans 2 klinkers meer het as medeklinkers, Afrikaans het 36 meer medeklinkers as klinkers, Hollans het 67 meer, Engels het 80 meer en Duits het 93 meer.

Buiten Italiaans wen Afrikaans dit dus in *menigvuldigheid* van klanke; mar in *verskeidenheid* van klauke wen ons weer di Italiane, want di 119 klinkers in Italiaans bestaat mar uit 9 klanke, mar di 94 klinkers in di Afrikaans uit 12 klanke.

Tot praktise opheldering geef ons nou nog 'n gedig, uit di Viirde Versameling van Afrikaanse Gedigte, waaruit blyk dat Afrikaans ver verskillende digmate ni alleen bruikbaar is ni, mar selfs seer goed klink. Lees en oordeel: -

Hendrik En letti.
('n Verhaal uit di Transvaalse Vryheidsoorlog.)

'k Hoor ‘Kalwerliifde’ menigmaal
As kinderspel misprys,
Wat nes 'n morrewolk verliig,
Sodra di non verrys.

En meesal is dit oek mar so:
Ons kindervreug verdwyn,
Gelyk 'n angename droom,
Hoe werklik dit oek skyn.

Beloftes werd weldra verbreek,
En andere gedaan;
Verbintenisse losgeknoop,
En nuwe angegaan.

Mar so was dit met Hendrik ni,
En Letti ewemin;
Van kinds af was hul' twe verloof,
In onverbreekbre min.

Hy het syn liifde haar gegé,
Syn liefde was getrou;
Sy het an hom haar woord gegé,
En sy het woord gehou.

Syn hart was trou tot in di dood,
Tot in di koue graf;
En wat oek later mog gebeur,
Sy staat hom nimmer af.
* * * *

Hoe mooi is di wêreld ver 'n jong kinderhart!
Tog het oek di wêreld ver kinders reeds smart.
Ver Hendrik en Letti was alles so skoon;
Ni vêr van makaar het hul' ouers gewoon.
Gen Eden geef Adam en Eva meer vreug
As Hendrik en Letti geniit in hul' jeug.
Ni vêr van Pretoria, 'n pragtige oord,
Daar leef en daar dartel di twé ongestoord.
Mar jong ondervind hul' wat skeidingsmart seg;
Haar ouwers vertrek na di Hogeveld weg.
Daar is dit veul beter ver Véboerdery,
Mar swaar val dit Hendrik en Letti te skei.
‘Myn Letti, nou gaat ons so vêr uit makaar;
Sal jy myn jou hart en jou hand trou bewaar?’
‘Myn Hendrik, myn hart het ek jou afgegé;
En waar jy oek gaan mog, neem oral dit mé.’
‘Myn Letti, ek weet ni, mar 'k veel tog so bang;
Jy gaat tog so vêr weg, en molik so lang.’
‘Ag, Hendrik, myn hart is nes d' aarde so wyd;
Myn liifde is duursaam, so lank as di tyd.’
‘Mai, Letti, hoeveul kan in di tyd gebeur,
Om ons jonge harte met smart los te skeur?’

‘Myn Hendrik, lat al di gedagtes mar bly;
Ek blyf jou gestrou, blyf jy trou mar an my.’
‘Myn Letti, nou ga dan, ga vrolik mar heen!
Niks sal ons ooit skeide, di dood mar alleen.’
Sy spreek ni, mar gé hom 'n hartlike kus;
En Hendrik neem afskeid, syn hart is gerus.

* * * *

Ag jare is verlope,
En veul daarin gebeur,
Mar niks kan trouwe harte
Op aarde ooit los skeur.
Ja, Hendrik het syn woord gehou,
En Letti blyf an hom getrou.

Mar swaar val hul' di proeftyd,
Di proeftyd duur so lang;
En swaar was hul' beproewings,
Beproewings droef en bang:
Mar wi syn hulp van God verwag,
Ontvang van Hem ver alles krag.

Syn vader is gesterwe,
Syn moeder trou toen weer;
Mar dit was haar famili
Gen voordeel en gen eer:
Di vader breng hul' goed glad deur,
En het hul' hart met smart verskeur.

Haar ouwers was voorspoedig,
Werd ryk en hoog in stand;
En Letti kryg veul minnaars,
Wat vraag haar hart en hand:
Want in Transvaalse dogtre-ry
Streef geen in skoonheid haar verby.

Haar Hendrik siit sy selde,
Want hy woon vêr van haar;
En dan kom daar gerugtes
Van hom, mar sleg en naar:
Want is 'n mens in teenspoed
Dan spreek mar weinig van jou goed.

Mar Letti blyf standvastig,
Ver laster is sy doof;
So lank as hul' haar Hendrik
Van haar mar ni ontroof:
Want trouwe liefde is 'n vuur

Wat armoê en oneer verduur.
* * * *
Al duur di donkre nag oek lang,
Al is hy bang,
Di lig sal dage:
Al pak di donkre wolke dig,
Di sonnelig
Breek deur di vlage.

Al duur dit menig lange jaar,
Di blye paar
Kryg hul' verlange:
‘Hendrik en Letti is getroud!’
Juig, jong en oud,
Met feesgesange.

Ag, mog ons liwe Heer jul' twé
Veul segen gé,
En lang nog spare;
In plans van smarte in jul' jeug,
Geef Hy nou vreug
Ver veule jare!
* * * *
Di witbroodsweke is verby,
Di bruilofsdage al verloop
Di twé gaat na di Myne ry,
Om ver hul' huissou in te koop;
Want nou gaat hul' di wêreld in,
En eie huishouding begin.

Hul' kom van Kimberley na huis,
Met huisbehoeftes uitgerus.
‘Myn Letti, nou 's ons spoedig tuis!’
Seg Hendrik, en geef haar 'n kus.
‘Ja, in ons eie huis te wees,’
Seg sy ‘begeer ek allermees.’

Hul' ry juis langes Mooiriviir,
Daar val toen net di eerste skoot.
‘Ag, Hendrik, wat is dit nou hiir?’
‘Wees stil, myn hart, daar is gen nood!’
Mar spoedig roep di krygsrumoer:
Dis oorlog tussen Brit en Boer!

‘Myn Letti, 'k breng jou uit gevaar,
En gaat saam met myn broeders veg.’
‘Ag, Hendrik, ek voel tog so naar;

Breng my mar na ons huis eers weg.'
Tot by haar suster breng hy haar,
Naby Pretoria, by haar swa'er.

Mar hy had rus nog duurte meer.
'Ek gaat saam met myn broeders stry!
Nou lat ek my van niks meer keer;
'k Kom straks te laat om saam te ly.'
'Ag, Hendrik, wees daarvoor ni bang,
Di oorlog duur gewis nog lang.'

'Wi nou Transvaler hete mag,
Hoort same in di stryd te staan;
Hy is onwêrd an syn geslag,
Wat sig één dag soek te ontslaan:
'k Gé ver myn vaderland myn bloed,
Myn lewe 's daarvoor ni te goed.'

'Ag, Hendrik, 'k werk liifs nes 'n meid
Onder di Britse heerskappy;
As jy moes sneuwel in di stryd,
Ag, wat wen ek dan tog daarby?'
'Myn hart, ek sal myn lewe geef,
En jy sal dan in vryheid leef.'

Terwyl sy nog haar trane droog
Het Hendrik reeds syn pêrd gesaal;
Mar voor hy wegry uit haar oog,
Roep hy nog ver di laaste maal:
'Vaarwel, lig siet ek jou nooit weer;
Mar ek beveel jou an di Heer!'

* * * *

'Na Langnek! Na Langnek!' so klink deur Transvaal.
Na Langnek! Jaag daarheen nou, helde!
Di vyand hiir binne is vas allemaal;
Na Langnek, o'er heuwels en velde!
Want Colley kom an van Natal met syn mag,
Hy sal o'er ons grense ni kome;
Na Langnek! daar sal ons di Rooies opwag;
Hul' bloed moet op eie grond strome!
Na Langnek! kom, broeders, di vyand gekeer!
Na Langnek! klink deur onse velde!'
En Hendrik was nou oek deur niks meer te keer,
Hy 's onder di dapperste helde.

* * * *

Hoe donker pak di wolke saam
Rondom myn hoof!

Mar deur di storme lei God my:
Dis myn geloof.

Dis soet my an Hem o'er te gé,
In donkerheid;
Myn oog te sluit en Hem te volg,
Waar Hy my leid.

Hy voer deur menig doornig pad
Myn moege voet;
Gaat Hy met my, elk tranedal
Is my dan soet.

As ek mar weet: Hy is by my
Myn God en Heer:
Dan is myn arme hart gerus,
En wens niks meer.

Al skyn gen ligstraal in myn oog,
Ek sal ni dwaal;
Want leunend op syn sterke arm
Kan ek ni faal.

Myn Hendrik is van my gegaan,
God ad syn sy;
En lydsaam rus ek in myn lot,
God is met my.

* * * *

Hoe Hendrik sig oek haas, hoe vinnig hy o e k ry,
Toen hy di Nek bereik was d' eerste slag verby.
Di Rooies wou di Pas met leeuwemag forseer,
Mar tagtig Boere jaag hull' gou na onder weer.
Di dappre Dean is dood, syn resiment verslaan,
En Colley radeloos voer weer versterkings aan.
Mar dappre Niklaas Smit, ons Luitnant-Generaal,
Roep: ‘Kom, Vrywilligers! di pêrde opgesaal!
Ons kan ni langer hiir bly stil lê op di Nek;
Van ons owerwinning moet ons nou voordeel trek.
Ons moet di vyand nou op eie grond anval;
Daar kom ammenusi an by vragte van Natal;
Ons kan dit ni toelaat dat Colley toevoer kry;
Kom, lat ons voorwaarts ruk en hom syn pas afsny!’
Twe honderd burgers volg di dappre Veg-Generaal,
En trek di vyand om, nog voor di awond daal.

* * * *

In di stille, donkre nag
Staan onder di hemel bloot

Twé getrouwe vrinde wag,
Hendrik en syn naamgenoot,
Neefs, getrou tot in di dood.

Hendrik sug: ‘Ag, liwe Neef,
My is dit geopenbaar:
Morre moet 'k myn lewe geef;
Daarvoor is myn siil nou klaar;
Mar één ding druk my so swaar.’

‘Nimand weet wat God beslis;
Hendrik, waarom kwel jy jou?
Molik dat dit myn beurt is....
Steeds was ons makaar getrou;
'k Stry en sterf oek saam met jou.’

‘Geef my nou jou hand as borg:
Dat, as jy nog na my leef,
Jy myn lyk te huis besorg,
En dit an myn Letti geef,
Met 'n boodskap, liwe Neef.’

‘Lewend was ons eensgesind,
Sterwend dan nog allermees;
Spaar God my, myn trouwste vrind,
Ek sal jou versorger wees,
Wees daarvoor tog ni bevrees.’

‘Rustig gaat ek na myn dood;
Ek vertrou op God myn Heer;
'k Leg myn siil in Jesus skoot:
Mar één ding druk my nog neêr,
Dis wat ek, van jou begeer:

Letti draag onder haar hart
d' Eerste vrug van onse trou;
Dit sal wees 'n “seun der smart;”*
Want ek sal hom nooit anskou,
Mar hy sal myn stam opbou.

Hannibal werd reeds, as kind
Deur syn vader dit geleer:
Haat teen Rome ingeprint;
By di altaar kniel hy neer,
Om 'n eeuwge haat te sweer.

* Ben-oni, Gen. 35:18.

So moet Letti oek myn kind
By syn vaders graf dit leer:
Teen di Britte haat inprint;
Lat hom op myn graf dit sweer:
Nooit di Britse mag te eer.

Ower di onskuldig bloed,
Hiir op onse grond gevloei,
Moet in elke jong gemoed
Eeuwge vyandskap opgroei:
Britse mag moet uitgeroei!'...

'n Handdruk - en hul keer terug;
Mar gen slaap sluit hul di oog.
Dáár onder di blote lug
Styg nog menig sug omhoog,
Na di heldre hemelboog.
* * * *
Bloedrood verrys di dageraad
Ower di heuweltoppe,
Toen Smit onder syn manne staat,
Hy kon hul ni meer stoppe:
Want voorwaarts ruk reeds Colleys mag,
En elk staat klaar nou ver di slag.

'Ons vyand is meer in getal,
Gewapend met kanonne;
En nou moet ons hul gaan anval;
Di daad lyk onbesonne:
Dog ruk mar op met God di Heer:
Hy geef ons d' owerwinning weer!

Hy is 'n God van suiwer reg,
En sal ons ni begewe;
Hy sal voor ons gelig weer veg;
Ons vyande sal bewe:
Ons veg ver reg, ons veg dus fiir;
Jehova is ons krygsbaniir;'

Smit geef syn pêrd nou fluks a spoor;
Syn orders is gegewe;
Di burgers jaag, hul leidsman voor;
Hul storm nou toe nes leuwe;
Want Colley had reeds met syn mag
Di koppies, waar hy hul opwag.

Van dri kante lat Smit toejaag,
En dryf hul uit di rante;
Di Boere storm gants onversaag,
Dring in van alle kante;
Hulle vrees gen bom, kanon, geweer,
En skiit di kanonniirs selfs neer.

Wi is hy wat met leuwemoed
Di vyand storm durf lope?...
Ag, straks moet hy dit met syn bloed
En lewe nog bekope!...
Daar val hy - ver syn vaderland!
Dis Hendrik - by di voorste rant.

Syn Neef staat ni heel vêr vandaar,
En siit ver Hendrik valle.
Hy roep: ‘Ag, God, dit was tog waar! -
En hy di eers van alle!.....
Moet ek dit met myn bloed betaal,
Mar ek gaat Hendrik nou uithaal.’

Di vyand skiet met bom en skroot,
Mar hy stap voorwaarts moedig;
En deur 'n hagelbui van lood
Draag hy syn Neef so bloedig:
Hy breng hom by syn maters weer,
Mar Hendrik sprak gen woord toen meer.

* * * *

Meer as twe jaar is verlope,
Met syn vreug en met syn rou;
En di troostelose weduw
Is 'n blye moeder nou:
Want daar dartel an haar sy
'n Jongske, vrolik, lief, en bly.

Dikwils in di skemerawond,
Met di jongske an haar hand,
Siet men haar nog grafwaarts wandel,
Waar syn grafsteen staat geplant:
Want hiir waar haar Hendrik rus
Is haar eenigs hartelus.

Vele minnaars is gekome,
Om haar liifde weer te win;
Mar tot nogtoe was s' onvatbaar
Ver 'n twede huwliksmin;
In haar vaders huis begeer
Sy haar jongske en niks meer.

Wi sal di geluk'ge wese
Om te win haar hand en hart?.....
Of sal sy nooit weer beminne?.....
Vreugde soek mar in haar smart?.....
Min 'n trouwe hart één keer,
En dan hier op aard nooit weer?.....

S.
8 April, 1883.

Vyftiinde stelling.

Nou van di Woordeboek na di Spraakkuns. Wat di vorm angaat het di Afrikaner di grootste eenvoudigheid en reelmatigheid in toepassing gebring.

Wat andere seg:

Vereers neem ons weer o'er di treffende en (meesal) juiste opmerkings van Dr. Brill in meergenoemde Voorlesing (*Afrikaanse Taalbeweging*, bl. 32-34): -

'Maar het is niet voldoende dit te beweren, het moet ook bewezen worden; en het kan dit gemakkelijk door eene vergelijking der beide talen. Staat mij daarom toe een paar grepen te doen. 't Hollandsch zooals het hier gesproken wordt met het in Holland gesprokene te vergelijken, dan zal het duidelijk worden, hoe 't eerste een zeer vereenvoudigde vorm van 't laatste is.

Nemen wij dan vooreerst het Grammatisch geslacht der woorden: In 't Hollandsch bestaat nog de onderscheiding van geslacht ook bij levenlooze voorwerpen, uitgedrukt door 't gebruik van een verschillend lidwoord en een verschillenden verbuigingsvorm. De opvatting, die tot dat verschil van geslacht geleid heeft, is lang uit het bewustzijn verdwenen; toch houdt het Hollandsch, evenals het Duitsch, nog daaraan vast en spreekt b.v. van: *den* tuin, maar van *het* huis, terwijl *de* kamer vrouwelijk is; zoo ook *de* stad, maar *het* dorp. Dat fijne verschil werd den van de schooltucht in 't moederland ontslagen Kaapschen kolonist weldra lastig en hij zeide: *die* huis, even goed als: *die* tuin, *die* kamer, *die* dorp, zoowel als *die* stad, ziedaar reeds dadelijk een groote vereenvoudiging, die dan ook zóó voor de hand ligt, dat het Engelsch die met het Afrikaansch gemeen heeft; alle woorden één geslacht en één

lidwoord; geene onderscheidingen meer, die toch onbegrepen blijven. Natuurlijk is daardoor de plasticiteit, en rijkdom verminderd; daarentegen is de gemakkelijkheid, de eenvoud, derhalve de bruikbaarheid der taal voor den gemeenen man toegenomen, en dat was immers het doel, dat onbewust werd nagestreefd? Ik behoef nauwelijks te zeggen, dat de weinige overblijfselen van buiging der naamwoorden, die in 't Hollandsch nog bestonden, geheel verdwijnen, gelijk zij ook in 't Engelsch verdwenen zijn; dat dus vormen als: *des* mans, *den* man*ne, der* vrouw, enz. geregeld vervangen worden door: *van* die man, *an* die man of liever nog *voor* die man, (welk *voor* menigmaal ook daar gebruikt wordt, waar het volstrekt niet te pas komt.) De verdwijning der verbuiging is dus de tweede vereenvoudiging. Zelfde gevolg: De taal wordt gemakkelijker in 't gemeene gebruik; minder schoon voor den dichter of den redenaar.

Hetzelfde stelsel, dat wij bij de behandeling van het naamwoord opmerkten, vinden wij ook op het werkwoord toegepast. Dáár vooral is in 't Hollandsch nog een lastige rijkdom en verscheidenheid van vormen; 't Afrikaansch kan zich daarmede niet langer ophouden en zal eens toonen, hoe goed men daarbuiten kan.

Hoe lastig, onregelmatig is b.v. 't Hollandsche: ik *ben*, hij *is*, wij *zijn*, gij *zijt*, zij *zijn*; hoe eenvoudig en regelmatig daarentegen datzelfde werkwoord in Afrikaansch waar het aldus luidt: ek is, jy is, hy is, ons is, juile is, hulle is.

Maar bij die hervorming blijft het niet. Eén tijd van 't Hollandsche werkwoord (de onvolm. verl. tijd) verdwijnt geheel en daarmede is verbazend veel gewonnen: want juist in de vorming van dien tijd lag één der grootste moeielijkheden van 't moeielijke Hollandsch.

Nu heeft men gelukkig niets meer te maken met vreemde vormen als: ik bracht van breng, ik zag van zie, ik zocht van zoek, ik deed van doe, ik sloeg van sla; men zegt eenvoudig: ik het gebreng, ik het gesoek, ik het gedoen, ik het gesien, ik het geslaan, enz.

Volkomen consequent, bemoeit het Afrikaansch zich ook niet met een derde moeilijkheid in 't Hollandsch, de verschillende uitgangen der Deelwoorden op *d* of *t* en op, *en* naar mate 't werkwoord zwak of sterk verbogen wordt; het laat zich met zwakke of sterke verbuiging hoegenaamd niet in en heeft dus óok met die *d* of *en* niets te maken; het laat beide eenvoudig weg en zegt: ik het *geleer* voor: geleer*d*; hij het *gekrij*: voor *gekregen* Verwonderlijke vereenvoudiging! Een vorm en wel de eenvoudigste van 't geheele werkwoord, is voldoende voor alle wijzen, tijden, getallen en personen, b.v. tegenw. tijd,

enkelv., ik denk, meerv. ons denk, verl. tijd: ik het gedenk toek. t. ik zal denk, enz.

't Behaalde voordeel springt alweer in 't oog, zonder dat ik er nader op behoef te wijzen. Zoo 't ons Hollanders al eenigszins barbaarsch klinkt, wat doet het er toe en welk recht hebben wij eigenlijk om aan de Afrikaansche taal *onzen* maatstaf aan te leggen en *onze* wetten voor te schrijven? Zoolang zij voor Hollandsch wil doorgaan, dan voorzeker hebben wij dat recht; maar wanneer zij nu eens geen Hollandsch wil zijn, maar Afrikaansch? Dan zal ons niet anders overblijven, dan ons, zoo noodig onder protest, terug te trekken, met de verklaring, dat wij onze taal schooner vinden, iets wat de Afrikaander ons wel zal willen toegeven, zich troostende met de gedachte, dat alle dingen twee zijden hebben en dat de zijne wel zoo gemakkelijk is.'

Voortreffelik. Tog het ons 3 anmerkings hierop: -

1. Dat Afrikaans, deur dit eenvoudiger en reelmatiger in syn spraakkuns is, an 'rijkdom' en 'schoonheid' sou verlies hê, kan ons ni insien ni.

2. Di onvolmaak verlede tyd het di Afrikaner net behou by di hulpwerkwoorde; so seg ons: ek *was*, ek *had*, ek *sou*, ek *mog*, ek *kon*. Dit toon alweer di bisonder praktise anleg van di Afrikaner; want deur di tyd in di hulpwerkwoorde te behou, het hy dit ver alle praktise doeleindes in syn hele vervoeging; en hoe maklik nou om dit te leer!

3. Di voorsetsel *voor*, eientlik *ver*, het di geleerde Dokter blijkbaar ni reg verstaan ni. Dit dui ni di derde naamval an ni, mar wel di voorwerp waarop di werking van o'ergaande werkwoorde o'ergaat, veral waar werkwoorde 'n dubbele voorwerp het. Byv. 'Piet slaat *ver* Jan;' 'leer *ver* hom syn les,' ens. In di sin staat dit gelyk met di Hebreeuwse voorsetsel *eth*, wat in Hollans en Engels ni te vertaal is ni, mar in Afrikaans wel, byv. Gen. 4; 1: -

Hebreeus:	Ve-	ha-	Adam	jada	eth	Hawa	va-	teled	oth	Kaiju.
Afrikaans:	En	di	mens	beken	ver	Eva	en	sy baar	ver	Kaïn.
Hollans:	En	de	mensch	beken le	ver	Eva	en	zij baarde	ver	Kaïn.
Engels:	And	the	man	knew	ver	Eve	and	she bare	ver	Caïn.

Di voorsetsel *ver* is dus ni o'crbodig ni, mar soos ons nou by vertaling van di Bybel in Afrikaans opmerk, doet dit soms veul tot verduideliking.

Sover Dr. Brill. Wat hiirin nog meer ver Afrikaans bo

Hollans pleit is, dat di nodelose en verswarende vorme, wat Afrikaner weggegoi het, oek in Holland in di *spreektaal* eientlik ni bestaan ni, mar in di Taalkunde van di *skryftaal* opgeneem is en vandaar uit an di spreektaal opgedring word. (Ons verwys hiir terug na wat ons onder di Vyfde Stelling geseg het). Dit het Roorda, duidelik bewys in syn werk 'Spreektaal en Schrijftaal,' waarin hy o.a. antoon met veel geleerdheid en ontelbare voorbeelde, dat byv. di nuttelose onderskeiding van geslagte, waar dit ni werkelik bestaat ni; so oek di meeste verbuigings van di naamwoorden; en di aanvoegende wys by di werkwoorde, ens. wel in di Hollanse skryftaal, mar ni in di spreektaal bestaan ni.

Wat ons tot anvulling hiirbij voeg:

Ni alleen het di Afrikaner di vervoeging van di werkwoorde eenvoudiger gemaak ni, veral deur di onreelmatige werkwoorde reelmatig, en di ongelykvloeiende gelykvloeiend te maak; mar by di selfstandige naamwoorde het hy diselfde gedaan. Hy het alles reelmatig en eenvoudig gemaak. Byv.:

Waar di vorming van di meervoud van selfstandige naamwoorde in Hollans onregelmatig is, het di Afrikaner dit almal regelmatig gemaak.

a) deur di enkelvoud te herstel tot syn regte vorm waar dit in Hollans afgeslyt was, byv.:

Holl. Ei - eieren,	*Afrik*. eier - eiers.
Holl. hoen - hoenders,	*Afrik*. hoender - hoenders.
Holl. koe - koeien,	*Afrik*. koei - kooie.
Holl. floo - flooien,	*Afrik*. flooi flooie.
Holl. zoo - zooien,	*Afrik*. sooi - sooie.

b) deur di meervoud in oereenstemming te bring met di enkelvoud, waar dit in Hollans afgewyk was, byv.:

Holl. smid - smeden,	*Afrik*. smit - smits.
Holl. lid - leden,	*Afrik*. lit - litte.
Holl. jonkman - jongelieden,	*Afrik*. jonkman - jonkmans.

Mar terwyl Afrikaans an di een kant onbruikbare vorme weggegoi het, het dit in di ander kant weer gewin.

In bruikbare vorme is Afrikaans op enkele punte rijker as Hollans. Byv. di persoonlike voornaamwoord (same met di

werkwoord) is ver di twede persoon enkelvoud en meervoud n*e*t eenders in Hollans, en we1 in eerste en viirde naamval: net *gij u*; mar in Afrikaans is enkelvoud eerste, naamval *jy* en vierde *jou*, en meervoud *julle*; so oek met di besittelike voornaamwoord twede persoon, in Hollans net *uwe*, in Afrikaans: dis *jou* boek, dis *julle* boek. Pas dit byv. toe op Luk. 22:31, 32: -

Hollans.	***Afrikaans.***
Simon, Simon! ziet, de Satan heeft *u* zeer begeerd, om te ziften als de tarwe; maar ik heb voor *u* gebeden dat *uw* geloof niet ophoude.	Simon, Simon! Di Satan het ver *julle* begeer om uit te sif nes koorn, mar ek het ver *jou* gebid, dat *jou* geloof ni moet ophou ni.

Nog net een opmerking. Ons het herhaaldelik di Hollanse geslagsonderskeiding *onredelik* genoem. Dit is dit oek. Ons weet wel dat Bilderdijk (in syn Verhandeling o'er di Geslagte en in syn Geslagslys) en andere perbeer het om enige rede te gé van di onderskeidings. Mar om nou ni eens daarop te wys, dat diselfde woorde wat in een taal mannelik is in di ander vrouwelik gebruik word, blijk di onredelikheid uit di woorde self, veral waar woorde wat diselfde denkbeeld uitdruk in verskillende geslagte gebruik word. Byv. *weg* is mannelik, *straat* is vrouwelik, en *pad* is onsydig; mar dis tog een denkbeeld. Verder *raad* is mannelik, *vergadering* vrouwelik, en *comité* onzijdig; weer omtrent diselfde denkbeeld. Nou mag daar ver di Hollander syn begrip hier enige rede vóór wees, mar ver onse Afrikaanse gesond verstand is en blyf dit onredelik. En waarom dan onse kosbare hersens met sulke bog te belas?

Sestiinde stelling.

Mar veral seer opmerkelik is di eenvormigheid van di Afrikaanse taal. Gen dialekte bestaat hiir soos byv. in Holland, waar di bevolking van een stad di van 'n andere stad ni verstaan ni. Van Tafelberg tot Soutpansberg praat di Afrikaner een taal.

Wat andere seg:

Van belang is alweer di beskeie opmerking van Dr. Brill in di reeds angehaalde Voorlesing: -

'Alleen wensch ik nog even aan te stippen dat het voor iemand, die met alle deelen van Zuid-Afrika goed bekend is, eene nuttige en belangrijke zaak zou zijn, ons eens in te lichten omtrent het verschil in taal en spreekwijzen in de verschillende deelen van dat uitgestrekte gebied, om zoo de vraag op te lossen, in hoever de Zuid-Afrikaansche taal één kan genoemd worden. Ik voor mij heb uit den aard der zaak slechts een zeer beperkt veld van waarneming. Misschien is het alleen daaraan toe te schrijven, dat ik den indruk ontvangen heb, dat er bij andere talen vergeleken, verwonderlijk weinig verschil van dialekt, eene verwonderlijk groote overeenkomst van uitspraak, van vormen, van eigenaardige spreekwijzen en uitdrukkingen bestaat. Wanneer ik b.v. den staat van zaken in 't kleine Holland neem, dan zie ik, dat bijna ieder dorp, en zeker iedere stad verschil van dialekt vertoont, dat een Hollandsche boer eenen Gelderschinan nauwelijks verstaan kan en dat er in 't Noorden een dialekt gesproken wordt, dat voor iederen Hollander volkomen onverstaanbaar is en dan ook nader bij 't Engelsen dan bij 't Hollandsch staat; ik bedoel het Friesch, nauw verwant aan de taal der Angelen en Saksers, de overwinnaars der oude Britten. Wanneer ik zooveel verscheidenheid in zulk een engen kring vergelijk met den toestand in zoover uiteenliggende landstreken als b.v. de Kaapstad en de Transvaal, dan komt het mij voor, dat ik wel recht heb mij over 't betrekkelijk geringe verschil van dialekt te verbazen, zelfs al neem ik de geheel verschillende historische gegevens daarbij in aanmerking, en al bedenk ik, dat, nog nauweliks veertig jaren geleden de bevolking van Vrijstaat en Transvaal zich nog binnen de grenzen der Kolonie bevond. Maar toch verschil bestaat er; zelfs ik kan dit duidelijk waarnemen, wanneer ik de taal van een zoogenaamden Bovenlander

het Kaapsch-Hollandsch met die van den Vrijstaatschen boer vergelijk; 't zou waarschijnlijk de moeite loonen, de punten van overeenkomst en verschil na te gaan, op te teekenen en op die wijze als het ware de geographische kaart der Zuid-Afrikaansche taal te ontwerpen.'

Beskeie is di opmerking en in hoofdsaak tog juis. Ons kom hierop terug. Mar eers geef ons di getuige n is van 'n gebore Afrikaner, wat Suid Afrika menigvuldig deurreis het en dus goed kan oordeel, dis namelik President Reitz, in syn bo angehaalde stuk teen di Eerw. Wirgman: -

'De Afrikaander taal, als te Kaapstad gesproken, is dezelfde taal die aan het uiterste einde der Transvaal gesproken wordt, en "de nog, na ongeveer tachtig jaren van Britsch bestuur, het voornaamste middel van onderhoud uitmaakt in onze (oostelijke) distrikten." Wil de heer Wirgman zoo goed zijn en op de kaart nazien, hoevele graden breedte en lengte dat meent?'

Wat ons tot bevestiging hiir by voeg:

As imand reg het hierin 'n persoonlike getuigenis af te lê, dan is dit di skrywer hiervan. Meer as imand het hy Suid Afrika deurgereis van hoek tot kant, deur di Kaapkoloni, Vrystaat, Transvaal, Natal. As Superintendant van Onderwys het hy herhaaldelik di Transvaal in alle hoeke deurkruis. Hij was in gedurige anraking met alle klasse van di samelewing. Uit di Koloni afkomstig het hy honderde male di Afrikaner van di Kaap en di Pêrl in anraking gebring met di Transvaler van Pretoria en Soutpansberg. Dan heb hy dit alles deurgegaan met ope oge en ope ore: want dis al 15 jare, dat hy opgetré het as voorstander van Afrskaans en alle geleenthede waargeneem het ver opmerking. Bowedien het hy in di 15 jare 3 reise gedaan deur di lande van Europa, waar hy geleentheid had om di Taalverhoudings daar te vergelyk met hier. Verder het hij al di tyd (sovêr syn drukke lewe dit toegelaat het) di taalkwesse tot 'n bisondere studi gemaak, en boeke en tydskrifte daarop nagelees. En wat is nou di gevolgtrekking waartoe hy gekom het? *Dat hy van gen voorbeeld weet waar 'n taal so eenvormig gespreek word as Afrikaans hier, onder sulke nadelige omstandighede*, as

1) onder 'n bevolking o'er so'n uitgestrekte land verprei;

2) met so weinig middels van onderling verkeer; en

3) veral waar di taal nog ni as skryftaal erkend is ni, sodat di eenvormigheid daardeur kan bevorder en bewaar worde ni.

Waarlik, di eenvormigheid is verwonderlik! Breng di wijnboer van di Paarl by di olifantsjagter van Soutpansberg of Mariko, en ni alleen, dat hulle net so lekker gesels of hulle alselewe langes makaar gewoon het ni; mar in klemtoon, uitspraak, woordekeus, tot in uitdrukkings en spreekwoorde sal jy di grootste o'ereenstemming kry.

Daar is enkele kleine puntjiis van verskil (hoe kon dit anders?) mar dis ni noemenswêrd ni; in elk geval kom dit ni in anmerking, waar sprake is van di eenheid van taal ni. So is daar enkele plekke in ons land waar *ok* geseg word in plaas van *oek* (*ook* seg gen Afrikaner); op verskeie plekke in di onderveld word di verkleinwoordjiis dikwils gemaak met *ki* in plaas van *tji* (hoewel oek al weer ni altyd ni), byv. *biki* in plaas van *bitji, vrouwki* ver *vrouwtji*, ens. Ma wat seg dit teen di dialekte in Holland, België, England, en andere lande?

Afrikaans onse Moedertaal.

‘Ik zeg met N. “uwe moeder zult gij eeren, en zoo ook uwe moedertaal!” Is de taal geld, zij is ook een schat, een dierbare erfschat, dien wij zuiver en onvervalscht en met de rente, ja den woeker onzes ijvers moeten nalaten aan de nakomelingschap!’ - Beets, Sparsa, bl. 32.

Sewentiinde tot twe-en-twintigste stelling.

Tereg spreek ons van Moedertaal en Vaderland: di land is deur di vaders verwerf tot 'n erfdeel ver hulle seuns, mar di taal word deur di moeders geleer en in stand gehou. Ver behoud van di moedertaal is dus veral nodig te waak ver di opvoeding van di toekomstige moeders. Di Engelse Meisiis-skole in ons land is di listigste en gevaarlikste anslag teen onse Moedertaal; dit verdring onse taal in di huisgesinne en vergiftig di fontein van onse nasionaliteit. Daarom begin nou in di laaste tyd di Engelse taal in onse huise in te dring en Engelse woorde ons taal te ontsier. Daar is mar een Moedertaal - di taal van ons hart - waarin 'n kind di eerste indrukke ontvang. Di opdring van 'n vreemde taal en onderdruk van di moedertaal kan ni anders as nadeelig werk op di nasionaliteits gevoel ni.

Tot so vèr het ons Afrikaans behandel *as Taal*, vollens di algemeene beginsels van spraakleer en taalstudie; daarom het ons elke stelling as grondwet afsonderlik behandel en ver elkeen getuigenisse van andere bijgebring. Dis nou ni meer nodig ni. Nou kom ons tot di meer praktise gedeelte, waar ons andere getuige ni kan inroep ni, omdat hulle nooit Afrikaans as onse Moedertaal, as onse Landstaal, as onse Volkstaal, as onse Skryftaal, as onse Bybel taal, as onse Skooltaal, en as onse Kerktaal, bestudeer het ni. En nou kan ons oek, ter wille van kortheid verskillende Stellinge same behandel.

Tog wil ons graag di woord gé, o'er Afrikaans as onse Moedertaal, an Hoofregter Reitz: -

'Mocht hij het aan den anderen kant een "nadeel" achten, dat het Engelsch nog niet het barbaarsch Kaapsch patois vervangen heeft, in weerwil van tachtig jaren Engelsch bestuur, dan verzoek ik hem te bedenken, dat ofschoon de Noormannen Engeland zoo vele jaren lang overheerscht hebben - ofschoon de taal van Normandy de bij de wet vastgestelde taal was - in de geregtshoven, op de kansels, in het Parlement en op de scholen, de taal van Groot Brittannie op dit oogenblik niet Normandisch, maar Saksisch is en, waarom? Maken niet Macaulay, Hallam en Greasy het zoo klaar als den middag, dat het Engelsch zijn Angel-saksisch karakter, in spijt van Normaansch bestuur, behouden heeft, omdat het de taal was van des Engelschmans "huis en haardstede?"'

Elkeen van di 6 Stellings is belangrik genoeg om dit te neem as 'n teks ver 'n Volkspredikasi. Mar elkeen is so duidelik, dat dit geen verdere verklaring noodig het ni.

Seer gepas het di Genootskap van Regte Afrikaners tot sinspreuk in hulle wapen gesit: 'Ver Moedertaal en Vaderland.' En ni minder gepas het di *Patriot* tot sinspreuk gekies di vyfde gebod: 'Eer jou vader en jou moeder, dat jou dage mag vermenigvuldig worde in di land wat Jehova, jou God, ver jou gegé het.'

En nog juister sit di Genootskap Moedertaal voor Vaderland. Reg so! Veral omdat daaro'er minder gedenk, en daarop minder gelet worde, moet ons Moedertaal juis voorop sit.

Vader en Moeder moet ons eer.

Onse Vaders deur di *Vaderland* wat hulle ver ons verwerf, ja met hulle bloed gekoop het, te beskerm, te bewaar, te ontwikkel, as 'n dierbare erfgoed.

Onse Moeders moet ons eer deur *Moedertaal*, wat onse Moeders ver ons geleer het, wat hulle met warme moedersmelk ons laat indrink het onder liefkosings, waarin hulle ons di eerste lesse van deug en godsvrug ingeprent het, waarin hulle di eerste ver ons geleer het di liwe naam van onse Saligmaker, biddende op hulle skoot, uit te spreek, - deur di Moedertaal te bewaar, te beoefen, te verdedig as 'n heilige erfskat.

Di wat syn Vaderland verraai, of verkoop, an 'n vreemde indringer, wat seg ons van di? Wat 'n onuitwisbare brandmerk leg daar in di woord '*landverraaier*'!

Mar ni minder, eer nog meer, skuldig is di wat syn Moedertaal verraai en verruil ver 'n vreemde taal. En waar is 'n brandmerk, waar 'n naam sleg genoeg' ver so'n '*taalverraaier*'?...

En tog gaat di laaste verraad gedurig an. Mag ons hoop, dat ons hiermé di woord '*taalverraaier*' ver goed in gebruikgebreng het, en dat dit voortaan di skandnaam sal wees van elkeen wat syn Moedert aal ni in eere hou ni!

Mar het onse Moeders by ons di eerste liefde ver ons taal so diep ingeprent, wi sal dit inprent by onse kinders, by di toekomstige geslag? Wi anders as onse dogters, di toekomstige moeders?

En daar is nou juis di gevaar wat ons bedreig. Om di rede moet ons waak, veral waak ver di opvoeding van onse dogters.

Mar wat siet ons? Deur ons hele land verrys meisiis skole, ja; m a r hoedanig? Om di toekomstige moeders van ons volk op te lei? Né, onse dogters word daar in Amerikaans-Engelse gees en taal en sede opgelei! An di hoof daarvan staan van onse *Nederduits* Gereformeerde predikante! En di geld daartoe gé onse Patriotte! Di predikante gaat kollektereise maak deur di land. Hulle hou eers mooie preke om op di mense hulle gevoel te werk. En dan daarna gryp hulle diep in di sak.

Een sprekende voorbeeld het ons gehoor. In di gemeente van Calvinia kom so'n predikant by een van onse boere, om ver di oprigting van 'n Meisiisskool te kollekteer. Di boer baal 'n knapsakki vol goue ponde, en seg an di predikant: 'Steek mar Meneer syn hand in, en soveul as Meneer in een slag kan uithaal kan Meneer neem!' Hy gryp ruim; hy gryp

diep! Meer as honderd pond het hy in een gryp uitgehaal en tel hy nou op di tafel.

Mar het di opregte, eenvo u dige Boer toen wel kan denk, dat binnen weinige jare di skool meer meisiis sou vergiftig hê tot '*taalverraaiers*' as di Meneer daar ponde uit syn sakki gegryp het!

'Vergiftig' ja, dis di wo o rd. Di soort van verengelste meisiisskole vergiftig di huisgesin, di famililewe, di fontein van onse nasionaliteit. So lank as hulle in di Staat en publike lewe di Engelse taal op alle maniere ons volk opgedring het, was di gevaar ni so erg, di kwaad ni so dodelik ni. As di fontein mar suiwer bly! As di moeders mar hulle kinders in di Moedertaal opvoed, dan kryg ons altyd nuwe kragte by ver di taalstryd. Laat hulle mar in di stroom wat vergif goi, dit spoel weg, solank as di vrou mar suiwer bly.

Mar nou vergiftig hulle di fontein! Waar sal verder suiwer water vandaan kom?...

Daarom is di Engelse meisiis skole di listigste en gevaarlikste anslag teen onse Moedertaal, en dus oek teen onse Nasionaliteit! Let daar tog op! Hier is di fyne vergif in di fontein! Hier is di dood!

Reeds siit ons di gevolge daarvan. Tot nou toe werd di Engelse taal opgedring in di Parlement, Geregshof, Publike Kantore, ja in di gewone skole oek; en tog kon ons roem, dat ons ni alleen onse Moede r taal behou het n i , mar dat ons di erf skat *suiwer* bewaar het.

So lank as ons onse *Moeders* behou het, het ons oek onse *Moedertaal* behou.

En nou? Net omgekeer. Ons ywer ver Hollans in di Parlement, in di Geregshowe, Publike Kantore, by examens en oral. En ons het veul, byna dit alles gewin oek. En tog juis nou word ons taal ontsier, ja verpes met al di verengelste woorde en uitdrukkings onder di jonge mense wat in di skole opgevoed is. Nou hoor ons van: ons het '*gewalk*' en by '*Mrs.*' so en so '*gecall*', en toen ons tuis gekom het, het ons eers '*gesupper*' en toen '*music*' gehad. Walgelik, siis!

Mar waarom, nou ons in di publike lewe o'erwinnings behaal ver Hollans, waarom dring Engels dan *nou* so sterk in onse taal self in?

Omdat onse teenparty di slag listiger is as ons. So lank as ons daarbuite veg ver di regte van Hollans in di publike lewe, neem hulle onse dogters, voed di op in di Engelse Kosskole tot *Engelse Moeders;* dus as onse kinders en kindskinders eendag praat van hulle moedertaal, dan is dit Engels!

Wi is so verblind wat ni kan siin, dat hiir di byl geleg is an di wortel van onse Moedertaal en Nasionaliteit?...

Laat hy dan mar daar in di onderveld in een van di Afrikaanse gesinne gaan, waar di oudste dogter net terug kom uit een van di Engelse Meisiisskole, di Hugenoteskool van Wellington byvoorbeeld, di vrugbare moeder van sovele dogters!

Di sogenaamde ‘opgevoede’ Miss so en so wag ni eens tot sy eers moeder is ni, né sy begin somar dadelik. Di huis is ni goed genoeg ni, dit moet verbreek en verbou worde, of 'n nuwerwetse woning gebou w o r d e . Di meubels is natuurlik nou oek ni goed ni; Pa moet nuwe meubels koop na di mode. 'n Klaviir moet daar wees, en natuurlik 'n hele party Engelse ‘*music*’ en ‘*songs*’ daarby. Hollans, og dis ni 'n taal om te sing ni; daar bestaat oek gen Hollanse musiik en lidere ni!

En nou di jongere broertjiis en sussiis, di opvoeding van di neem onse nuffi nou onder haar. Sy sal ver hulle leer, natuurlik soos sy self geleer is, in Engelse taal en gees. Of in sommige gevalle is dit selfs ver onse Miss... te vernederend. Né, Pa moet 'n ‘*Governess*’ neem. Sy ken 'n goeje. Sy sal skrywe daarom. Dan het sy meteen geselskap oek, want sy moet haar Engels ophou. Nou is di spul eers volmaak. Di kinders leer niks as Engels; hulle mag natuurlik in di huis niks as Engels praat ni.

Pa en Ma mag daar, per guns, nog Afrikaans praat vereers; mar alle pogings word in di werk gestel, om ver hulle oek so gou as molik en so maklik as molik is 'n bitji Engels te leer.

Nou kom by on se jonge Miss... jonkmans kuier. Daar is 'n knappe jonge buurman, 'n eerlike, werksame, en bemiddelde kereltji. Mar hy word bespot, want hy was ni op 'n ‘boarding school’ ni; hy is te lomp.

Eindelik kom daar 'n kereltji van di dorp af wat oek op Stellenbos op di ‘College’ was, en syn ‘*matriek*’ gemaak het. A ja, nou is di vloer te koud. Hulle gaat same ‘*walk*’ en ver 'n ‘*ride*’ en net nou mar is hulle ‘*engaged*’.

Watter *mo eder* sal dit nou worde, en wat sal di *moedertaal* wees van haar kindere?

Ons het haar gesien as *dogter*, en dit was al walgelik en afskuwelik genoeg; ons wil haar liwers ni sien as *moeder* ni!

Leser, wat ons jou hier teken is ni denkbeeldig ni. Dis werkelikheid, vreselike werkelikheid!

Gaat di kwaad vort, verloor is dan onse Moedertaal, verlore onse Nasionaliteit!

Want dit is nog di ergste, met di Moedertaal verdwyn oek alle nasionaliteitsgevoel, alle liifde ver di voorgeslag, ver hulle sede en gewoonte, ver hulle beginsels en godsdiins.

En watter geslag word nou so'n jeug? Wat word van hulle? Engelse kan ons tog ni van hulle maak ni. Di Engelse vind dit wel mooi, dat ons hulle naäpers word, mar in hulle hart verag hulle sulke verengelste Afrikaners.

Ag, dat di oge tog betyds mog ope gaan! Laat ons tog di hande ineen slaan, om 'n eie nasionaliteit met 'n eie taal an te kweek!

Afrikaans onse Landstaal.

> **'En voor al wat het onze is, zal ons eigen Hollandsch (lees Afrikaans) zich altijd met eene smeedbaarheid en lenigheid leenen, die ons hart verrukt. In dese onse taal is eene bewonderenswaardige, een onuitputtelijke..... hoe zal ik het noemen?..... teelkracht. Onze schat is geene bepaalde som: zoo VEEL; neen, hij breidt zich immer uit. Wij kunnen niet alleen ons geld tellen en in omloop brengen, wij kunnen ook wat de alchimisten wenschten: wij kunnen goud maken.' - Beets, Sparsa, bl. 35.**

Dri-en-twintigste stelling.

> **Afrikaans is di taal van di massa van onse bevolking deur heel Suid Afrika.**

Wi sal daaran denk om getuige op te roep, of bewyse te lewer, dat di son lig ge, of dat water nat maak?

Net so min is dit nodig om te bewys, dat Afrikaans onse Landstaal is. Daar mag 'n vraag wees, of dit Landstaal sal *bly?* - Of dit goed is om dit as *skryftaal* te beoefen? - Of dit moet en sal erken worde as *offisiële* taal? - Of dit wenselik is om di *Bybel* daarin te vertaal? Ens. Sulke vrage kan daar gedaan worde. Daar is te minste opening ver enige twyfel op di punte. Mar of Afrikaans *di Landstaal is* van Suid Afrika, daaro'er kan gen kwessi ontstaan ni. Di barbaarse Kaffers, wat nog hulle eie taal praat, uitgesluit, dan kan ons veilig. anneem, dat minstens 2/3 van di bevolking van Suid Afrika

Afrikaans praat. Di laaste Census sal ons wel beter in staat stel om di verhoudinge te bereken.

Engels en Hollans geld as di offisiële tale ja, mar wat di massa van di bevolking deur di hele land praat is mar Afrikaans.

Tog geef ons hier 'n belangrike getuigenis, namelik di van Hoofregter De Villiers, - temeer belangrik, omdat hy meen dat ni Afrikaans, mar Engels onse toekomstige Landstaal sal wees, en tog erken dat Afrikaans nou di taal is van di massa van onse bevolking. Ons het hier gen ruimte ver syn meer angehaalde Voorlesing ni, mar ons geef di opsomming daarvan soos ons dit kryg in di Gesk. van di Afrik. Taalbeweging, bl. 91: -

'1. Dat di landstaal "eene belangryke verhouding het tot de toekomstige ontwikkeling en welvaart" van di inwoners.

2. Dat de moedertaal van een land zich niet als een afgedragen kleed laat wegwerpen als het heeft uitgediend.'

3. Dat er vele jaren toe noodig zyn, eer een vreemde taal aan een geheel volk kan worden geleerd; dat vele geslachten moeten voorbygaan vóór dat het er mee eigen kan worden; en dat zelfs na er mee eigen te zyn oude herinneringen en vooroordeelen steeds zullen samenwerken om de indringster te wederstaan.

4. Dat daarvan duidelike voorbeelde is in Skotland, Wallis, Canada, Elzas, en Friesland.

5. 'Dat het de boerenbevolking is die steeds zich het meest vastklemt aan eene taal en dat ons land hoofdzakelijk uit eene boerenbevolking bestaat, zoodat verdringing van die landstaal hier zwaarder zal gaan as ergens elders.'

6. Dat Afrikaans of 'Kaaps-Hollandsch de taal is van de massa der bevolking van deze Kolonie' (en natuurlijk nog meer van Vrijstaat en Transvaal).

7. Dat Hollandsch hier onherstelbaar verlore is, en dat alle pogings sowel om Hollans teeno'er Engels te handhawe as om Afrikaans tot Hollans te herstel, hopeloos misluk is.

8. Dat 'n Engelsman gen Hollans, mar wel Afrikaans, leer praat.

9. Dat 'Hoog-Hollandsch bijna geheel verbannen is uit het gewone gezellig verkeer.'

10. Dat di jonge predikante van onse Ned. Ger. Kerk selfs op di preekstoel gen suiwer Hollans gebruik ni.

11. Dat selfs Hollanders wat hier inkom Afrikaans leer praat en dat hulle kinders eerder Afrikaans as Hollans leer.

12. '*Dat dus de tegenwoordige taal van Holland niet de be-*

stemming heeft, de toekomstige taal van Zuid Afrika te worden.'

13. Dat 'niets prysenswaardiger is' as di Afrikaanse taalbeweging ver so vêr as 'het doel der beweging is om het verstand en het hart diergenen te treffen, voor wie iedere andere taal onverstaanbaar is.''

Viir-en-twintigste stelling.

Di taal ontwikkel sig vollens landsaard en volksbehoefte.

Di stelling is gegrond op 'n algemene beginsel, wat ons eers laat verklaar en ophelder deur Whitney (*Language and its Study*, bl. 138): -

'Di bisondere manire en afdelings van taalverandering is so verskillend dat ni een oorsaak, of soort van oorsake, di almal kan te weeg breng ni, of op hulle almal gelyk invloed kan uitoefen ni, hetsy om hulle te verhaas of te vertraag. Mar di eenvoudigste en begrypelikste invloed is di wat uitgeoefen word deur veranderinge in uiterlike omstandighede, natuurlike omgewing, lewenswyse, geestelike en liggamelike werksaamheid, sedes en gewoontes. Daarom sal ons vereers daarop let. Hoe kragtig sulke oorsake op 'n taal werk kan molik beste angetoon worde deur 'n uiterste geval te neem. Veronderstel 'n ongeletterde Engelse famili word neergesit op 'n koraaleiland in di Stille Suid Sé, en daar gelaat, afgesonderd ver enige geslagte. Hoeveul van onse taal sal meteen onnodig begin te worde ver hulle! Alles wat in verband staat met afwisseling van tonele, soos berg en dal, rotse en rivire; met verskil van jaargetye, van warmte, van lugsgesteldheid; met di rykdom van di direryk en planteryk; met veelvuldigheid van ondervinding, van grondstoffe, van voortbrenging, - en veel meer wat onnodig is om op te som... En na verloop van genoegsame tyd ver al di oorsake om hulle uitwerking te maak, sal di rykdom van di Engelse taal verminder wees tot 'n armoede wat kan vergelyk worde met sommige onder di teenwoordige Polynésise tongvalle. Mar veronderstel an di ander kant, dat 'n Polynésise famili neergesit worde in 'n land soos Ysland, tusschen grootse en verskrikkelike tonele, onder ontelbare verskeidenhede van di natuur, waar harde werk en versigtige voorsorg, wat alle sedelike en liggamelike kragte van di mens vereis, nodig is om di lewe te bewaar en drageljk te maak - veronderstel dat hulle in staat is sig te skik na di vre-

selike verandering, hoe gou sal hulle taal ni groei in name en uitdrukkings van voorwerpe, ondervindinge, gewaarwordinge, verhoudinge!'

Onder Stelling 12 het ons reeds angetoon hoe di Afrikaner syn taal gewysig het na syn landsaard en volksbehoefte; mar meer bepaald om te laat verstaan dat onse taal deur di verandering ni armer geworde is ni, mar ver *ons* land en ver *onse* toestonde en ver *onse* behoeftes rijker en dienstiger is as Hollans. Mar hiir is nou di tyd om di Stelling nader toe te lig.

a. Vereers dan di verandering *na landsaard*. Holland is 'n vlak land, Afrika is 'n bergagtige land; Holland is 'n lage land, Afrika is 'n hoge land; Holland is 'n waterryke land, Afrika is 'n droge land; Holland is 'n koue land, Afrika is 'n warme land. Jy kan jou amper ni 'n groter teenstelling tussen twe lande denk ni.

Het di verandering gen invloed op di taal uitgeoefen ni? Natuurlik; hoe kon dit anders?

So het ons 'n hele boel Hollanse woorde weggegoi, wat ons hier ni nodig het ni, soos: *dijken, grachten, vaarten, polders, aanlegplaats, overzetveer*, en al sulke woorde.

Mar an di ander kant het ons 'n buitengewone rykdom van woorde om di verskillende vorme van hoogte en laagte, berge en dale uit te druk, waarvan di 'ongesoute' Hollander di fyne mening ni sal kan vat ni. Ons geef hier 'n proeflysi van di benamings eers ver berge en dan ver dale, met di grondwoord voorop, en afleidings en samestellings agteran.

1. *Berg:* Suurberg, Waterberg, Skurweberg, Winterberg, Blouberg, Oroenberg, Towerberg, Hexberg, Donkerberg, Sneeuwberg, Pêrdeberg, Tafelberg, Witsenberg, Tierberg, Drakensberg, ens. Natuurlik is di samestellings eindeloos; mar ons geef net di waarin elkeen 'n aparte denkbeeld uitgedruk word, byv. *Suurberg* is waar di gras suur is ver véwei; *Waterberg*, 'n berg wat baing fonteine en waterlope geef, teeno'er soveul droge berge; - *Skurweberg*, 'n berg wat erg ruw en vol los klippe is, nog iets anders as *Kransberg*, wat uit vaste rotskranse bestaat, ens.

2. *Kop*: Sneeuwkop, Spitskop, Pramkop, Kranskop, Platkop, Swartkop, Witkop, Rooikop, Renosterkop, Vaalkop, Boskop, Swawelkop, Leeuwkop, Vegkop, Suikerboskop, Koppi-

Alleen of Koppi Enkel, ens. Ons sou di verbindings eindeloos kan vermenigvuldig, mar ons geef ook hiir, *en in vollende nommers*, uit di samegestelde benamings wat 'n bisondere gedagte uitdruk.

3. *Rant:* Bosrant, Witwatersrant, Suikerbosrant, Kliprant, Rooirant, Gatsrant, Grasrant, ens.
4. *Hoogte*: Skuinshoogte, Remhoogte, Helshoogte, Sandhoogte, ens.
5. *Krans:* Aasvo'elkrans, Middagkrans, Rooikrans, ens.
6. *Rug*: Platrug, Vlakrug, Langrug, ens.
7. *Nek:* Langnek, Waboomsnek, Onhoutsnek, ens.
8. *Bult*: Suurbult. Klipbult, Sandbult, ens.
9. *Heuwel*: Windheuwel, Klipheuwel, Slangheuwel, ens.
10. *Plaat:* Klipplaat, Sandplaat, ens.
11. *Opdraand* en *afdraand*.
12. *Afsit, Maanhaar, Toring, Knop, Voet, Hang*, ens.

N.B.! Di laaste is almal woorde wat afsonderlike denkbeelde uitdruk, byv. 'n *Afsit* is wat di Hollander sou noem 'n terras, so is party berge met trappe gebou; 'n *Maanhaar* is di bergrug waar di water sig verdeel nes 'n pêrd syn maanhare op syn nek an weerskante toeval, ens.

Daar is dus nou 18 aparte woorde, ver di gedagte van *hoogte*, met 59 verbindings, elkeen met 'n aparte betekenis. Laat ons nou weer di gedagte van daling of *laagte* neem.

1. *Laagte:* Langlaagte, Braklaagte, Turflaagte, Grootlaagte, ens.
2. *Kloof:* Langkloof, Diepkloof, Donkerkloof, Boskloof, Waterkloof, Ouk loof, Groenkloof, Houtkloof, Platkloof, Doornkloof, ens.
3. *Hoek:* Slanghoek, Donkerhoek, Franshoek, Banghoek, ens.
4. *Vlei:* Rietvly, Ruigtevly, Pêrdevly, Voolvly, Water-uintjiesvly, ens.
5. *Pan:* Graspan, Soutpan. Brakpan, Poupan, ens.
6. *Vlakte:* Turfvlakte, Springbokvlakte, ens.
7. *Moot, Kom, Duik, Sloot, Spruit, Dal*, ens.

Hier is dus weer 12 aparte woorde, met 29 verbindinge, wat elkeen 'n aparte gedagte uitdruk. Ons kan di lysi nog baing vermeerder, mar genoeg ver ons doel. Hier het ons nou 118 woorde gegé, waarvan ons seker is, dat di Hollander in Hol-

land ni di helfte verstaat van di fynheid van betekenis wat di Afzikaner daaran heg di.

b. Mar di taal ontwikkel sig oek *vollens volksbehoefte*. Daarvan geef ons oek enige staaltjiis tot opheldering. Ons is gen sévarende nasi ni, daarom het ons oek ni di menigte van skeepsterme wat di Hollander gebruik ni. Ons vraag ni by ontmoeting, nes di Hollander. ‘Hoe vaart u;’ - mar nes di Duitser: ‘Hoe gaat dit nog?’

In plaas van di skip en di skuit is by ons di ossewa, en d i pêrdewa gekom, waarmé di Afrikaner di land ingetrek het (want ons het gen bevaarbare rivire of spoortreine gehad ni). Daarvoor het di Afrikaner woorde uitgedenk om syn lange spanne yé agtemakaar in te span en te drywe, soos *hot* en *haar*, *hotweg* en, *haarweg, hotom* en *haarom, hot-agter* en *haar-agter*, *hot voor* en *haar-voor, hot-naas-voor* en *haar-naas-voor, hot-naas-agter* en *haar-naas-agter, hot-op-ses* en *haar-op-ses*, ens.

So praat di Afrikaner van *uitspan, aftuig, uittuig, los-maak, laat rol, inspan, optuig, afhaak, inhaak, voorhaak, koppel, koppelstok, koggelstok, valsjuk, ophalen. skopriem, sambok, aapstêrt, samboksweup, voorslag, agterslag*, ens. - woorde wat di Hollander òf ni verstaan ni, òf anders verstaan.

c. Mar om same te vat, onse hele lewenskoers en ontwikkeling is anders, en dit het oral op di taal sig laat voel. Ons klimaat is anders: in plaas van *vriezen* en *vorst*, praat ons van *kapok* en *ryp*. Ons kinderwereld is anders, di kinderspulletjies is anders, selfs di Hollanse woord ver *kat*, wat so dikwils in kinderboeke voork om, maak di werkiis hier ver ons onmolik. Onse boere praat hier in verband met hulle damme van 'n *toeloop* en *uitloop* wat di Hollander ni in di woorde set ni. So sou ons kan vortgaan. Mar dit sou 'n boek op sig self uitmaak. Ons geef hiir nog enige woorde wat di Afrikaner in 'n ander betekenis gebruik as di Hollander:

ordéntelik, Hollans gangbaar, tamelijk.
wys, Hollans slecht gehumeurd.
tronk, Hollans gevangenis.
klomp, Hollans troep, menigte.
stamp, Hollans tegen iets stooten.
stoot, Hollans duwen.

skoon, Hollans zuiver, rein.
vermaak, Hollans jaloezie opwekken.
omloop, Hollans beet nemen, bedriegen.
slim, Hollans geleerd, verstandig.
knap, Hollans wellevend, goed gemanierd.
borstrok, Hollans corset.
bok, Hollans geit.
aapstêrt, Hollans zweep (soort van)
aardig, Hollans vreemd, raar.

Mar waarom sal ons verder gaan! Dan sal ons 'n hele woordeboek moet skrywe. In di opsig het Prof. Mansvelt 'n goeje boel boustof versamel in syn '*Kaapsch-Hollandsch Idioticon*,' hoewel hy (natuurlik, as vreemdeling, wat syn informasi mees van skoolkinders moes verkry) op verskeie plekke tog mistas.

Di wat nog sig verbeel, dat Afrikaans en Hollans een taal is moet mar lees di grappige en tog degelike stukke van o'erlede Meneer A. Pannevis (waarskynlik di grootste taalgeleerde wat Afrika ooit gesiin het en di eerste verklaarde voorstander van di beoefening van Afrikaans as skryftaal) in di *Z.A. Tijdschrift*, Nos. 32 en 116 (Nieuwe Reeks), onder di hoof: 'Taalmoeielijkheden van een pas aangekomen Hollander.'

Vyf-en-twintigste stelling.

Mar di Landstaal wortel oek in di geskiidenis van 'n volk.

Tot opheldering van di stelling geef ons eenige voorbeelde.

1. Deur di verre afstand en afbreking van gemeenskap met Holland het di behoudende aard van di Afrikaners hulle taal veul nader gehou an Hollans van di 17de en 18de eeuw as nuwer Wetse Hollans is. Dit het ons reeds onder di 10de Stelling opgemerk. So gebruik ons nog verskeie woorde uit ons Hollans wat di Hollander ni meer gebruik ni, soos *kombuis* ver 'keuken,' *baatji* ver 'jas,' *onderbaatji* ver 'vest,' ens. Ja, dis 'n uitgemaakte saak dat onse mense di oue Hollanse skrywers, soos à Brakel en Smytegelt beter verstaan as nuwe skrywers, soos Kuyper of Oosterzee.

2. Dan het ons, hoe min oek, tog enige Franse woorde in onse taal gekry deur di Franse Vlugtelinge, soos *andoeli, baljaar, differént, portevisite* (deur), ens. Mar ons het meer uitdrukkings van di Franse taal o'ergeneem, byv. di dubbele ontkenning *ni-ni* ver ‘ne-pas,’ di *ons-ons* van ‘nous-nous’ (waar di Hollander ‘wy-ons’ gebruik, en waar di Fransman syn ‘nous’ in ‘ons’ en ni in ‘wy’ terug gesien het).

3. Daar moet 'n hele party Duitsers oek in di begin in di Koloni kom woon hê, want ons vind hiir 'n menigte Duitse famili-name, soos Hauptfleisch, Kruger, Hoffman, Oberholzer, ens. So vind ons dan oek enige, hoewel ni vele, woorde van Duitse afkoms, soos *stewel, gewerskaf, dan-en-wan, vergange jaar, blits*, ens.

4. Mar wat 'n mens oppervlakkig ni sou verwag ni, daar is meer Slamse of Oosterse woorde in ons taal opgeneem as Duitse en Franse same. Tog by nadenk is dit ni vreemd ni. Want, vereers vele Hollanse familiis wat hiir kom woon het was eers 'n tyd lank in Oos Indi'e en daar het hulle vele van di woorde angeleer. So het ons opgemerk in Holland in familiis wat lank in Oos Indi'e was, dat hulle vele van diselfde woorde daar gebruik wat ons hiir oek het. Dan word dit oek nog deur iits anders verklaar. Di Slamse is in di tyd mees hiirnatoe gekom ver aijas en koks; en sodoende het hulle op di kombuistaal en kindertaal veul invloed uitgeoefen. So het ons in di kombuistaal di woorde *atjar, blatjang, boboti, borri, bredi, pinang, sosati, mébos, piringki*, ens. En in di kindertaal, soos *aija, alla! bakklei, bohaai*, ens. Bowedien het ons nog enige Oosterse woorde in di gewone lewe, soos *amper, baar* en *oorlam, baing, basaar*, ens.

5. Soos reeds (onder Stelling 10) angemerk het ons verwonderlik min Engelse woorde tot nog toe in ons taal opgeneem. Tog is daar enige woorde sowel as uitdrukkings wat laat siin dat di Engelsman hiir amper 'n eeuw was, en wel as heerser. So is byv. verskillende spulletjiis wat di Engelse hiir ingevoer het bekend onder Engelse name, soos *resiis, cricket, football, lawn tennis*, (hoewel di spulletjiis sowel as di name mar by 'n betrekkelik klein gedeelte van ons bevolking bekend is), ens. Mar dan het ons oek enige uitdrukkings, soos *di een, di ander een* (hoewel *ander* oek van di Franse *autre* kan afkom), *ingaan* ver iits, *enige* mens kan dit doen, dit *betaal* ni, ens.

Ses-en-twintigste stelling.

Die o'ergang hiir van Hollans tot Afrikaans is gelyk an di o'ergang van Angel-Saksiis tot Engels in Engeland. Dis inderdaad opmerkelik watter o'ereenkoms daar bestaan tussen Engels en Afrikaans wat angaan di maniir waarop di geskidenis van di nasi sig in albei gevalle op di taal afgedruk het.

Di stelling is deur andere voor ons op bekwame wyse gemaak en verdedig sodat ons hiir net 2 getuige op te roep het.

Teeno'er Hoofregter De Villiers syn meer angehaalde Voorlesing het di *Zuid Afrikaan* di tyd o.a. opgemerk *(Afrik. Taalbeweging, bl.* 93*)*: -

'Dat de taal der overwonnelingen soms die der overwinnaars verdringt, dat helderde hy op met het feit, dat het Angel-Saksisch en het Fransch eeuwen lang een gemeenschappelyk bestaan in Engeland hadden, maar dat het laatste uiteindelyk voor het eerste week. Doch dat hetgeen in de 17de en 18de eeuwen in Zuid Afrika plaats vond op het gebied der taal, eene bloote herhaling was van hetgeen in de 11de, 12de en 13de eeuwen in Engeland werd aanschouwd, daaraan schynt de heer De Villiers niet te hebben gedacht. En toch, welk eene analogie bestaat er tusschen beide! Gelyk het Hollandsch de inheemsche talen alhier verving, zoo verving het Angel-Saksisch de taal der Britten. Franschen landden hier aan en verloren in den loop des tyds hunne taal, doch namen niet het geschreven, het grammatikaal Hollandsch aan, maar een gesproken dialect of "patois" - indien men dat woord verkiest - ontstaan uit eene ontbinding van het zuiver Hollandsch. Naar Engeland kwamen Fransch sprekenden over in veel grootere getallen dan naar deze kolonie; zy kwamen als overwinnaars met al den invloed van stand en magt, en gevolgelyk slaagden zy er in hunne taal in te voeren als die der Regering en der beschaafde zamenleving; doch ten langen laatste trof het Fransch daar hetzelfde lot als hier - het verdween. Doch het maakte plaats, niet voor het geschreven Angel-Saksisch van vóór de verovering, met zyne ingewikkelde grammatica, meer verwant aan het Hollandsch dan aan eenige andere taal ter wereld; maar voor eene corruptie dier taal, die, even als ons Kaapsch Hollandsch, wel door het volk werd gesproken, maar niet geschreven. Het zuiver Angel-Saksisch bestond niet meer.

Het had (alweer even als ons Kaapsch) verloren "die grammatikale ingewikkeldheden, veroorzaakt door de verbuiging der zelfstandige naamwoorden, die schynbaar willekeurige onderscheidingen van geslachten, dat regeren door voorzetsels" enz., welke het Hollandsch voor zoo velen moeijelyk maken. "Alles dat maar eenigzins kon verwaarloosd worden, zonder schade te doen aan het groote oogmerk van de meening des sprekers of schryvers uit te drukken - welk ander doel van een sierlyken of kunstlievenden aard het oog mogt dienen, werd zonder genade geweerd. Eene verandering als deze is buiten kyf de ontbinding eener taal." Zoo schryft Craik van het Engelsch, dat de overwinning behaalde. Het is alsof wy een taalkundige hooren declameren tegen de oplossing van het Nederduitsch in "die Afrikaanse Taal." Het was voor zulk een praatvorm, alzoo ontstaan, dat het Fransch moest zwichten. Het zwichtte voor een dialect, even ontaard, en op dezelfde wyze ontaard als ons Afrikaansch, waardoor het hier werd overwonnen. Telt het Afrikaansch vele woorden van Hottentotschen, Maleischen en Franschen oorsprong: het dialect, dat in Engeland kwam bovendryven, telde nog veel meer Celtische, Deensche, Latynsche en Fransche woorden. In haast ieder opzicht schynen zy verwant. Waarom zou dan de eene voor de andere moeten wyken in Zuid Afrika? De heer De Villiers zegt, omdat het Engelsch eene prachtige taal is, en het Kaapsch een barbaarsch mengelmoes. Maar dat was juist het oordeel, dat in de twaalfde eeuw werd geveld over het Fransch en Engelsch respectivelyk; en toch verdrong het laatste het eerste. En er zyn tallen van andere voorbeelden, dat het niet altyd de beste taal is die wint. Zie, de heer De Villiers zegt, dat het Kaapsch lang niet haalt by zuiver Hollandsch, en toch beweert hy, dat het eerste in Zuid Afrika meer levenskracht dan het laatste aan den dag legt. Het Latyn plaats makende voor het Italiaansch, het oude Grieksch voor het moderne Grieksch, het Zuidelyk voor het Noordelyk Fransch - ze zyn allen voorbeelden in denzelfden trant.'

Opmerking verdiin oek wat Hoofregter Reitz op di punt angemerk het *(Afrik. Taalbeweging, Bylage, bl.* 7*): -*

'Het is inderdaad merkwaardig en belangwekkend met een "oog des onderscheids" de verwonderlyke gelykaardigheid te zien tusschen de Engelsche en Kaapsch Hollandsche taal, wat aangaat de wyze waarop de geschiedenis der natie zich in beide gevallen op de taal heeft afgedrukt. Spalding verhaalt, dat de twaalf of veertien Celtische woorden, die alleen in de Engelsche taal zyn overgebleven, allen van toepassing zyn op artikelen van huiselyk gebruik voor vrouwen; waardoor het historisch

feit bevestigd wordt, dat de Saksische overwinnaars der Britten al de Celtische mannen over de kling jaagden maar de vrouwen als slavinnen en bywyven behielden.'

Wat 'n fyne spot sit daar tog in di geskidenis! Dat nou juis di Engelsman wil fout vinde met onse taal, terwyl syn eie taal net so is as ons syne, alleen ons het ons taal veul suiwerder en reelmatig er gehou en ontwikkel as hy syne!

Sewen-en-twintigste stelling.

Deur syn maklikheid om te leer en syn diinstigheid ver ons land is Afrikaans di ware Landstaal ver alle volksklasse, di band van vereniging en samewerking, sowel ver Engelse en ander vreemde nasiis wat hiir kom as ver di kleurlinge hiir in di land.

Hiir kan ons weer anhaal wat di *Zuid-Afrikaan* geseg het in diselfde artikel wat ons onder di vorige stelling reeds bygebreng het: -

'Het Kaapsch, zegt hij, is zoo ellendig arm. Had hij over het onderwerp nagedacht, hij zou inzien, dat die tegenwerping ongegrond is. Hij zou begrijpen, dat het Kaapsch van het Hollandsch hoofdzakelijk verschillende in spraakkunst alleen, bijna het gansche Hollandsche woordenboek ter zijner beschikking heeft, en eene hoedanigheid bezittende, die het gemeen heeft met Engelsch, d.i., gemakkelijkheid van toeëigening van vreemde woorden, vatbaar is voor eene onbeperkte uitbreiding. Deze gemakkelijkheid van toeëigening, gepaard bij vrijheid van grammatikale regels, verklaart de voorkeur, die het Kaapsch in zoovele rigtingen erlangt boven het Hollandsch; en die hoedanigheden, gevoegd bij een patriottisch gevoel, geboren uit de gedurige oorlogen der Engelschen tegen de Franschen, verschaffen ook de verklaring der verdringing van het Fransch door het Engelsch. In den regel wint de gemakkelijkste taal het, mits de voorwaarden gelijk zijn. Maar de voorwaarden zijn in Zuid Afrika *niet* gelijk. Wint Engelsch het op den langen duur van Nederduitsch en Afrikaansch beiden - het zal zijn als gevolg, niet van zijn eigen uitstekende verdiensten, maar van den gedurigen aanwas der Engelsche bevolking, van zijne aanmoediging met uitsluiting van alle

andere talen door de Regeering, en vooral van zijne literatuur, die niet alleen rijk, maar ook goedkoop is. Wij zijn geene voorstanders van Afrikaansch. Wij meenen, dit de mannen van *di Patriot* een hopeloozen strijd voeren; maar wij houden staande, dat, indien Afrikaansch en Engelsch als splinternieuwe talen met malkaar in aanraking konden worden gebracht, het eene zonder eenige letterkunde en het andere met eene van zeshonderd jaren achter den rug, de kans der overwinning zoowat gelijk zou staan.'

'In den regel wint de gemakkelijkste taal het, mits de voorwaarden gelijk zijn.' Né, selfs waar di voorwaardes ni gelyk is ni, voeg ons hiir by, en verwys na Stelling 37, waar ons nader sal antoon, hoe Afrikaans dit styfdeur teeno'er Hollans gewen het en nog altyd verder wen, hoewel al di voordele an di kant van Hollans was. Mar dis eenvoudig omdat Afrikaans soveul gemakkeliker is, en deur syn gemakkelikheid en reelmatigheid so berekend is ver onse volkstaal. Mar hiirop kom ons terug onder Stelling 43.

Hiir is dit net nodig di feit vas te stel. Di Parlementslid in di deftige Parlementshuis an di Kaap en di Volksraadslid op Bloemfontein en Pretoria; di sendeling onder di kleurlinge en skoolmeester onder di kinders; di Boer in syn werk en di jonge meisi in di voorkamer; di negosant agter syn toonbank en di smit by syn anbyl; di koetsiir met syn pêrde en di skaapwagter agter syn skape; klein en groot, hoog en laag, almal praat Afrikaans; dis maklik en goed.

Ag-en-twintigste stelling.

Di Landstaal het 'n belangrike verhouding tot di toekomstige ontwikkeling en welvaart van di inwoners.

'Di Landstaal is 'n saak, waar ek groot belang in stel, en wat na myn mening in 'n belangrike verhouding staat tot di toekomstige ontwikkeling en welvaart van myn landgenote,' - seg Hoofregter de Villiers in syn reeds angehaalde Voorlesing. Di hele vollende afdeling, Stelling 29-47, is 'n uitbreiding en bevestiging van di stelling.

Afrikaans onse Volkstaal.

> Wij hebben eene heerlijke taal onder de talen der menschenkinderen. Eene taal van eene groote natuurlijkheid, en in het oog vallende juistheid; eene zeer schilderende, de ziel wèl afspiegelende taal.' - Beets, Sparsa, bl. 33.

Neen-en-twintigste en sewen-en-veertigste stelling.

> **Di Taal is di Volk en di Volk is di taal. Waar 'n volk 'n nasionaliteit is, daar sal 'n taal wees. Taal en letterkunde hang onverbrekelik same met nasionaliteit. Albei groei same op.**
> **Di verwagting van 'n eie nasionaliteit, 'n eie beskawing, 'n eie letterkunde, hiir in Suid Afrika (gekoester deur onse edelste en geleerdste manne) is dus glad ni 'n ydele droombeeld ni, mar 'n heerlik ideaal ver Jong Suid Afrika!**

Ons neem di eerste en di laaste stelling van di Afdeling same, om daarmé 'n o'ersig te neem o'er di hele onderwerp, begin en end. En hiir kan ons ni beter doen ni as an Dr. Brill di woord te gé, deur di toepassing te gé van syn pragtige Voorlesing wat hy (let daar op!) reeds in 1875 gegé het: -

'Er bestaat eene Nederlandsche spreuk, die zegt '*de taal is gansch het volk*.' Die spreuk blijft waar, wanneer men haar

omkeert en zegt: '*het volk is gansch de taal*' d.w.z. waar een *volk*, eene *nationaliteit* is, daar zal eene *taal* zijn. De begrippen taal- en letterkunde aan de ééne, het begrip nationaliteit aan de andere zijde hangen ten nauwste, ik zou zeggen, onverbreekbaar samen.

Zoolang de nationaliteiten nog niet uiteenloopen, niet ieder haren eigen ontwikkelingsgang volgen, zoolang kan er van eene afzonderlijke taal zelfs geen sprake zijn; eerst dan verdient eene taal als zoodanig aangemerkt te worden, wanneer zij op eene eigene letterkunde kan wijzen, waarin zich een nationaal bewustzijn, afspiegelt, verschillend van die nationaliteit, waaraan zij haren oorsprong te danken heeft. Zoolang zich nog niet zulk eene eigene letterkunde gevormd heeft, zoolang de wordende natie nog voor het uitspreken van haar bewustzijn bij het moedervolk moet te markt gaan en daarvan alles ontleenen, is dit een bewijs, dat het nationaal bewustzijn nog niet krachtig genoeg ontwikkeld is om het aanzijn te geven aan eene nieuwe beschaving en eene nieuwe taal. Is daarentegen die voorwaarde van een krachtig eigen leven vervuld, dan zien wij als van zelve mannen optreden, die den moed hebben van dat nieuwe leven getuigenis te geven in een nieuwen vorm en eene nieuwe taal wordt geboren.

Dit is de gang van zaken, dien wij bij 't ontstaan der Engelsche taal en letterkunde waarnemen. De Normandische overwinnaars zagen op 't ruwe Saksisch neder met al den trots van hoogere verfijning en de laatdunkendheid van den veroveraar. Desniettemin school er in dat verachte Saksisch een levenskracht, die bestemd was weldra den veroveraar op zijne beurt te veroveren en toen, als het ware in het duister, de nieuwe beschaving en de nieuwe taal zich hadden gevormd, toen trad Chaucer op en met hem vangt eene litteratuur aan, die, niet langer weerhouden door minachting of spot, weldra de bewondering van alle toekomstige eeuwen zou zijn.

Dit is ook de gang door het Nederlandsch in zijnen oorsprong en eerste ontwikkeling gevolgd. Omstreeks het midden der twaalfde eeuw waren de Nederlanders in zeden en gewoonten, in beschaving en taal nog Duitschers. Toen de Vlaamsche steden plotseling door handel en nijverheid eene ongekende vlucht namen, toen eerst begon zich een van het Duitsche niet langer afhankelijk eigenaardig nationaal leven te ontwikkelen en als voertuig van dat leven een eigene taal en letterkunde. Met de nationaliteit, gij ziet het, ontstond in beide gevallen de taal en letterkunde. Daarom zeg ik ook ten opzichte van de Landstaal: Eerst dan, wanneer er eene krachtige, zich zelf bewuste Afrikaansche nationaliteit zal zijn, met eene eigenaardig nationale ontwikkeling en beschaving, dan

eerst ontstaat de mogelijkheid eener eigene Afrikaansche taal en letterkunde. Op het oogenblik zijn wij daarvan, voor zoover ik zien kan, nog ver af. Wel hebben zich in den laatsten tijd teekenen voorgedaan, die op 't ontstaan in Zuid Afrika van een nationaal bewustzijn wijzen; de Afrikaan, onverschillig of hij tot de Kolonie, tot Natal, tot den Vrijstaat of tot de Transvaal behoort, gevoelt zich Afrikaan, gevoelt dat Zuid Afrika zijn vaderland is, evenals in de eerste helft dezer eeuw, de Pruis, Sakser, de Hes, de Thuringer en de Zwaab gevoelde, dat zijn vaderland grooter zijn moest en dat Duitschland één behoorde te worden. Maar dat streven, die beweging is nog slechts in het begin; het is nog niet genoegzaam gebleken, of het werkelijk uit den boezem der bevolking haren oorsprong neemt en in het hart van het volk leeft, niet slechts in het hoofd van staatslieden en dagbladschrijvers. En toch, krachtig en onuitroeibaar moet het in het hart van het volk leven, wil het met eenige kans op eindelijke overwinning de worsteling aanvaarden voor het bestaan, die de wet des levens is. De vijand is nooit ver. Al dadelijk moet het den strijd opnemen tegen de beide sinds lang gevestigde machten, die het hunne taal en hunne letterkunde zoeken op te leggen: het Hollandsch en het Engelsch; het Hollandsch, machtig door dat het de taal is der gevestigde Kerk, door dat de Bijbel in die taal wordt gelezen, en het Evangelie daarin verkondigd wordt; het Engelsch, machtig door dat het den Afrikaan overal in het leven ontmoet, hem van alle kanten omgeeft, zoodra hij zijne eenzame plaats verlaat en hem letterlijk dwingt het te gaan beoefenen, het te verstaan en te spreken. Twee zoo machtige invloeden, waarin ieder een eigene, hooge beschaving vertegenwoordigt, te bestrijden en te overwinnen, zal zeker geen geringe taak blijken voor het jeugdige Afrikaansche element, aan welks beschaving nog slechts de eerste hand wordt gelegd en welks levenskracht nog niet op de proef gesteld is. En toch zal aan die voorwaarde voldaan moeten worden, zal de voorspelling vervuld worden, die ik onlangs* door President Burgers hoorde doen en hier eenmaal eene taal worden gesproken, die noch Hollandsch is, noch Engelsch, maar Afrikaansch!

Zouden wij het dan voor onmogelijk verklaren? Dat zij verre. Zoo dikwijls zien wij in het leven en in de geschiedenis werkelijkheid worden, wat ons onwaarschijnlijkst dacht. Misschien is voor Zuid-Afrika eene groote toekomst weggelegd. Is het dan onmogelijk te noemen dat nog eenmaal, na verloop van eeuwen misschien, eene eigen beschaving verrijze, die op taal en letterkundig gebied de schoonste vruchten voortbrengen zal?

* Dit werd gezegd in Mei, 1875.

Van eene zaak mogen wij ons echter overtuigd houden. Alles zal afhangen van de levenskracht der nationale beweging, die zich begint te openbaren.

Willen wij dus een eigen onafhankelijk volksbestaan, eene eigene taal, eenmaal misschien eene eigene letterkunde van Zuid-Afrika, dan rust op ons de dure verplichting, om, tegenover machtigen vreemden invloed, die nationale beweging te steunen en te beschermen, dat nationaal bewustzijn te koesteren en aan te kweeken, het nationale leven met alle ons ten dienste staande middelen te bevorderen en te handhaven.

So het Dr. Brill gepraat an Bloemfontein in Mei 1875. Nog voor di oprigting van di Genootskap van Regte Afrikaners. Nog voor di *Patriot* uitgekom het in di landstaal. Lank voor n Spraakkuns en Geskidenis in Afrikaans uitgekom is. Lank voor di Afrikaner Bond opgerig of di landstaal in di Kaapkoloni erken is naas Engels (hoewel in naam Hollans). Lank voor di nasionale beweging sig so lewenskragtig in ider opsig betoon het. Dit lyk tog amper of di geleerde Dokter so iits van 'n profeet is. Ons sou graag wil weet wat hy *nou* o'er di Volkstaal denk. Sou hy ons ni di genoege wil doen om nou weer 'n Voorlesing o'er di onderwerp te hou ni?...

Mar ons het nog vereers heel wat as nasi an di les wat hy ons 16 jare gelede gegé het. Wil jy 'n sterker beroep op onse nationaliteitsgevoel hê as hy hiir geef? ‘Wil julle altyd by Holland as moederland te mark gaan en daarvan alles ontleen, goed en wel, mar dan is julle as nasi oek nog mar nes 'n kindji wat nog ni gespeen is en dus nog ni van di moeder afgeskeie kan worde ni! Né, wil julle praat van tot mondige jare gekom te wees, moet dan ni langer an di leiband van Holland loop ni! Denk dan ver julle self, praat ver julle self, skryf ver julle self! Met julle nasionaliteit moet julle taal en letterkunde ontstaan. In elk geval dis gen onbereikbare droombeeld ni. Molik is ver Suid Afrika 'n grootse toekoms weggeleg! Molik sal hiir nog 'n eie beskawing verrys, wat di heerlikste vrugte van taal en letterkunde sal dra!’

Ere di man, wat al di tyd sulke taal gepraat het! 'n Taal wat ons hom amper beny. Ja, hy het ni te vergeefs gepraat ni. As ooit di beeld verwerkelik worde, dan het syn voorlesing daartoe bygedra om onse weinige en swakke voorstanders van onze Volkstaal di hande te sterk.

En tog was hy ni di enigste, selfs ni di eerste man van betekenis wat so'n verwagting gekoester het ni. Self erken hy dat o'erlede President Burgers (ons skryf di naam met 'n sug!), dit as 'n voorspelling uitgespreek het, dat ons eenmaal hiir ons eie Volkstaal en letterkunde sal hê. Nou di arme man het seker di ongeluk gehad dat hy sig te vêr deur syn verwagtings laat vervoer het, en dus dikwils van di dak af begin te bou het. Syn verwagtings was wat vroegtydig (hij was syn volk in vele opsigte te vêr vooruit, en dus onpraktiis), mar was dit wel so ydel en ongegrond?... Hy kon di Delogoa spoorweg ni klaar kry ni - syn materiaal het lank lê te verrot - mar *nou* word dit gebou! - Hy het Transvaalse goud na Holland geneem en 'n duisend Transvaalse ponde daarvan laat slaan - di is al amper verslyt - mar *nou* kom daar 'n Transvaalse munt! - Is dit onmolik dat syn droombeeld van 'n eie taal en letterkunde oek *nou* begin werkelikheid te worde?... Beter wat te hoge ideale, as 'n man sonder enige ideale!

Mar nog voor Ex-President Burgers is di verwagting al uitgespreek, en wel deur een van di geleerdste manne wat Afrika ooit gesiin het, o'erlede Ds. Van der Lingen. Skrywer hiervan kan sig nog goed herinner, hoe di enige Predikant van di Paarl ver hom op Admissi Examen 'n Griekse Herderssang van Theokritus in Afrikaans laat vertaal het, om ons te toon hoeveul beter dit sig in Afrikaans as in Hollans laat vertaal.

En hiir kan ons ni nalaat 'n man te noem, wat werkelik di eerste met erns di gedagte uitgespreek het en ons o'ertuig het, dat ons 'n eie taal het, en wel 'n voortreflike taal, wat ons moet erken en beoefen. Di man is o'erlede Meneer Pannevis, molik di grootste taalgeleerde wat ons ooit in ons land had: 'n man wat in di oue tale (Grieks en Latyn) sowel as in di nuwe volkome tuis was; in di Romaanse tale sowel as in di Germaanse, tot Deens en Sweeds in kluis; 'n man wat ver syn pelsier in di aand op syn bed 'n treurspel van Eschulus of 'n blyspel van Aristophanes uitlees. En di man het di Afrikaanse taal ni alleen erken ni; hy het dit bewonder. Same het ons di Afrikaanse Volksliid gemaak: ‘'n Ider Nasi het syn Land,’ ens. Same het ons di ‘Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal’ nagespoor en begin op te teken. Same het ons begin di weg te berei ver 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Mar di dood

het hom weggeneem. Syn werke leef egter nog; leef in onse lewenskragtige taal.

'n Ds. Van der Lingen, 'n President Burgers, 'n President Reitz, 'n Dr. Pannevis, 'n Dr. Brill - waarlik ons is ni in slegte geselskap ni! Het ons dan te veul geseg in Stelling 47?...

Mar tereg verwag 'n Dr. Brill 'n eie letterkunde, waarin 'n zelfstandige nasionale bewussyn sig afspigel. Hiir is dus werk, hiir 'n heerlike ideaal ver Jong Suid Afrika!

Ons het 'n begin gemaak, di fondament geleg. Ons het 'n eie koerant, wat in ons eie taal al weke tot duisende deur di hele land spreek; wat ons volk erken het as hulle tolk; wat skryflus same met leeslus opgewek het. In een woord, di *Patriot* het by ons volk di grote waarheid ingedruk: 'Julle het 'n eie taal, 'n goeje taal; gebruik dit mar.' Dis gen kleine werk ni. En met di ontwaking ver di taal is same gegaan di ontwaking van onse nasionaliteit.

Ons het uitgegé '*Di Geskidenis van ons Land in di Taal van ons Volk*', 'n groot 8vo. boek van 235 bladsye, wat gou uitverkog was, en waarvan 'n nuwe bygewerkte uitgaaf nou onder bewerking is.

Ons het uitgegé '*Di eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal*.' Di eerste druk van 1,000 was gou uitverkoop en 'n twede druk van 6,000 is oek al grootendeels geplaas.

Ver Engelse vernamelik wat ons taal wil anleer het ons uitgegé *Samesprake in Afrikaans en Engels;* daarvan is 2 reekse uitgegé, van elkeen eers 1,000, en toen 'n twede druk van nog 1,000 elk. 'n Derde reeks is oek klaar.

Ver kinders het ons uitgegé: *Di eerste Afrikaanse Spel- en Leesboeki; Afrikaanse Prenteboeki ver Soet Kinders; Di Geskidenis van Josef*, ens., wal almal amper uitverkoop is.

Van *Afrikaanse Gedigte* is al ses Versamelings verskyn.

Hoofregter Reitz het 'n Bloemlesing oek bewerk.

Ver vrind en vyand het ons beskrywe en uitgegé *Di Geskidenis van di Afrikaanse Taalbeweging*, van 1875-1880, in groot 8vo., sowat 150 bladsye.

Verder het ons verskeie werke en werkiis in Afrikaans uitgegé, soos *Alweer op Reis, di Slag as Lid van di Transvaalse Deputasi; Di Geskidenis van di Hugenote; Di Liegduiwel, Di*

Praatduiwel, Di Drankduiwel, ens.; *Di Bechuanaland Kwessi*. en andere werke, mees verhale, wat almal goed aftrek had.

Mar hoofsaak is *di Bybel* in *Afrikaans*, waarvan ons *Dri Proewe* uitgegé het, en met di grote werk word goeje vortgang gemaak.

Dis mar min. Mar dis tog iits. Na onse kragte en middele het ons 'n begin gemaak. En ons volk het daar amen op geseg. 'n Groot deel van ons volk het ons leer *lees* en leer *skrywe*, wat vroeger dit heel weinig gedaan het, di laaste so te sê gaar ni. En uit di Taalbeweging is 'n nasionale beweging gebore, met Afrikaner Bond inkluis, wat sig nou al goed laat voel deur heel Suid Afrika. Di Afrikaner is tot erkentenis gekom, dat ons 'n eie nasi is, met 'n eie taal.

Wat ons gedaan het deel ons ni mé om te roem ni. Né, ons erken onse tekortkoms in di grote werk. Mar ons maak daarvan melding om te laat siin dat dit ni an di *volk* makeer, dat ons nog ni verder is ni, mar an di leidsmanne, ons inkluis. Ons deel dit mé om verdere samewerking uit te lok. Wi wil ons help?

Dertigste stelling.

> **'n Volk syn taal ontrowe (op watter maniir oek) is in stryd met di volkereg, want daardeur strem jy di nasionale ontwikkeling en ontroof so'n nasi di voertuig van syn gedagte en di wysheid van syn voorvaders, uitgedruk in sinspreuke, spreekwoorde, ens.**

Reeds in Augustus 1866 het Dr. Tancred an di Gouwerneur van di Kaap, Sir Philip Wodehouse, geskrywe: -

‘Het was en is ook hier uwe (namelyk, Engelsche) staatkunde om de boeren en hunne kinderen altoos in onkunde te houden, opdat gy altoos over hen zoudt kunnen heerschen; maar zulk eene staatkunde levert nooit goede vruchten op, zy eindigt nooit goed. Uwe staatkunde moest die zyn van de wyste staatsmannen: -

> **‘Tros Tyriusque nullo discrimine agetur.**

‘Tusschen Engelschen en Afrikanen ken ik geen onderscheid, beiden zullen gelyk geacht en met de stipste onpartydigheid behandeld worden; indien zy hunne taal willen behouden en geene andere leeren, zal ik trachten hun verstand te ontwikkelen, in welke taal zy ook verkiezen mogen.’ Uwe staatkunde moest die zyn van Mithridates den Koning. Deze regeerde over 22 Koningryken en bestuurde elk volgens zyne eigene wetten en in zyne eigene taal. En zyne officieren, gouverneurs, regters, enz., moesten zich oefenen in de taal van iedere natie en zich bekend maken met hare manieren en gewoonten. Het is niet de pligt van een veroverd land om de taal des veroveraars aan te leeren, maar het is de pligt van den veroveraar om zich bekend te maken met de taal en gewoonten der veroverden..... Rome, in al zyne heerlykheid, heeft zich niet van vervolgzucht bediend om zyne taal onder de veroverden te verspreiden; het werd aan de keus der veroverden gelaten dezelve aan te leeren of niet.’

Mar ons kan nog verder terug gaan in di geskidenis van di oue wereld. Ons lees byv. in di boek van Esther, dat Ahasveros (Xerxes), Koning van Persië, geregeer het, van Indië af tot an di land van di More, o'er 127 landskappe en dat hy syn bevele uitgevaardig het ‘an elke landskap in hulle eie skrif en an elke volk in hulle eie taal.’ Ja, een van syn bevele was juis, ‘dat elke man baas in syn eie huisgesis moes wees en spreek na di taal van syn volk.’

Dis dan oek di beginsel van di Bybel, Oue en Nuwe Testament. Onse lesers wat nog waarde heg an wat onse oue Bybel seg kan self nalees Esther 1:22; 3:12; 8:9; Hand. 2:5-12; 1 Cor. 14:19; Op. 5:9; 7:9; 14:6.

Dat vroeger van Regeringswege onse taal onderdruk in plaas van angemoedig is behoef ons hiir ni verder an te wys ni; dis 'n bekende geskiidkundige daadsaak. Mar omdat daarin verbetering gekom is, wil ons ni te veul nou daaro'er uitwy ni. Werkelik was di skuld ni soseer by di Engelse Regering ni, as by sommige van ons eie voormanne. Toen ons di plan opgevat het om te werk, dat ons di Landstaal in di Parlement erkend kry, het ons eers met di voormanne van onse party geraadpleeg daaro'er. Daar was van di wat ons dit ni verwag het ni wat ver ons geskrywe het: ‘Moet ni! Julle sal dit tog nooit verkry ni; julle sal net slapende honde wakker maak,’ ens. Tog ons het begin. Ons het Petisiis laat druk en uitgestuur. Oom

Daantji van den Heever en andere het bygespring. En toen ons met di Petisiis in di Parlement kom, gen stuk teenstand ni, hiir ni, en in England oek ni.

Toen het ons gevraag; *Hollans* in di Parlement en oral in di publike lewe lenges Engels. Ons moes dit doen, want Afrikaans was nog ni erkend ni - is nou nog ni erkend ni. Mar wat ons nou nog moet hê is *Afrikaans* as Volkstaal erkend te kry oral waar Hollans dit nou is. En ons is seker di Engelse sal daartoe gen beswaar maak ni, want Afrikaans is veul makliker ver hulle as Hollans. Nou hoop ons mar dat di party wat ver Hollans is dan net so inskikkelik sal wees as di Engelse party vroeger was. O'er di punt in algemeen en o'er di verhouding tussen Afrikaans en Hollans in Suid Afrika skryf ons meer bepaald onder Stelling 33-46. Ons sluit di anmerkings o'er di stelling met di woorde van Lord Bacon: ‘Di mense glo dat hulle rede meester is o'er hulle woorde; mar dis oek waar, dat di woorde 'n wederkerige en terugwerkende invloed uitoefen op ons verstand.’

Stelling XXXI en XXXII.

> **Daarom laat 'n volk oek ni lig syn taal ontneem ni. Byv. in Wallis en Skotland is baing mense wat gen Engels spreek of verstaan ni. In Canada spreek 'n deel van di bevolking net Frans. In Elsas praat di boere Duits, hoewel hulle 200 jaar onder Frans Bestuur gestaan het. - Di boerebevolking hou di meeste vas an di volkstaal; dus sal dit lank duur en swaar gaan om Afrikaans hiir te verdring, want onse bevolking bestaan mees uit boere.**

Ver di stelling kan ons soveul getuige en bewyse bybreng as ons wil. Ons geef weer wat Hoofregter de Villiers seg in syn meer genoemde Voorlesing: -

‘Sal di taal van Holland syn heerskappy sui wer en onbevlek weer herstel? Of sal dit wees di taal van Holland, soos dit veranderd, of, soos sommige seg, bedorwe is deur di anraking met di taal van Engelse, Duitsers, Maleiers en Hottentotte, of deur di langsame gang van spraak verwisseling en klank ontbinding? Of sal di Engels oer albei voorgaande ségevier?

Ver di meeste sal di antwoord op di vrage regte eenvoudig lyk. ‘Dit is 'n Engelse koloni’ sal hulle sê, ‘en vroeger of later moet Engels die taal van die bevolking worde.’ Met so te redeneer vergeet hulle egter dat di moedertaal van 'n land sig ni nes 'n ou verslyte stuk klere lat weggoi as dit uitgedien het ni; dat daar baing jare toe nodig is, eer 'n vreemde taal an 'n hele volk kan geleer worde, dat daar veule geslagte moet verbygaan voordat hulle daarme eie kan worde, en dat selfs na daarme eie te wees oue herinnerings en vooroordele voortdurend sal saam werk om di indringer teen te staan. Tot nog toe - hoe ongelooflik dit mag lyk - is daar mense, gebore, opgevoed en woonagtig in di Hooglande van Skotland en in Wallis, wat di Engelse taal ni verstaan of spreek ni. In Canada verstaat en spreek 'n gedeelte van di bevolking slegs Frans. In sommige wyke van di Elzas, wat omtrent twe ewe deur di Franse beset was, praat di landbouwers net Duits, en in 'n gedeelte van Friesland is di taal wat di bevolking spreek, glad onverstaanbaar ver di ingesetene van ander provinsiis van Holland.’

Dis genoeg, want dis mos historise feite, wat ni hoef herhaal te worde deur verskillende getuige ni. Mar hiir is nog 'n bisondere rede waarom dit swaar sal gaan en lank sal duur om onse Volkstaal hiir te verdring, wat ons noem in di 32ste Stelling. En tereg seg Hoofregter de Villiers op di punt: ‘Dis di boerebevolking wat altyd di meeste vashou an 'n taal, en ons land bestaat voornamelik uit 'n boerebevolking!’ Di gevolgtrekking leg dus voor di hand, dat dit daarom so min gebaat het en verder moeielik sal gaan, om onse taal te wil uitroei.

Stelling XXXIII en XXXIV.

> Totdat di Afrikaanse taalbeweging begin het was ons volk so goed as doofstom, want in gen een van di twe heersende tale, Hollans en Engels, kon hulle sig uitdruk ni; daarom moes hulle swyg op publike plase en in nuwsblajei. - Daarom kon di Engelsman en Hollander ons so maklik oerheers - hoewel ons in natuurlik verstand hulle eer vooruit as agteruit is, - omdat hulle in ons land hulle taal gebruik, en ons taal nog ni erkend worde ni.

Engels en Hollans was albei ver di massa van onse bevolking 2 vreemde tale. Daarom kon di Afrikaner sig oek ni in di publike lewe laat gelde ni. Hoeveul Afrikaners was daar, en is daar nou nog: wat op 'n Vergadering 'n rede in Engels of Hollans kan voer, of wat in 'n koerant 'n stuk in Engels of Hollans kan skrywe. Daarom het di Afrikaner sig dan oek moes terug trek tot di stille huislike lewe, waar hulle alleen sig kan laat gelde in hulle taal. In di Kaap Koloni en Natal, waar Engels di taal van di Regering en publike lewe was, het natuurlik di weinige Engelse en verengelste Afrikaners di heerskappy gevoer, met weinige uitsonderinge, wat heeltemaal magteloos was, en sig dan oek mar laat mésleep het. In di Vrystaat en Transvaal, waar Hollans di offisiële taal was, het di bevolking sig wel op Vergaderings laat hoor, want hulle het mar Afrikaans *gepraat*, tot selfs in Volksraad en Uitvoerende Raad. Mar *skrywe* kon hulle di Hollanse taal ni, en daartoe was hulle kantoorwerk en administrasi amper heeltemal in hande van Hollanders, wat meesal 'n treurige misbruik gemaak het van di plek wat hulle ingeneem het.

'n Sprekende voorbeeld tot opheldering breng ons hier by. Kort na di Burgeroorlog in Transvaal hou di burgers 'n Byeenkoms. Een van hulle hou 'n warme anspraak, om an te toon hoe di Hollanders di oorsaak is van al di onenigheid in di land, deur altyd di politiik toe te pas: ‘verdeel en heers’. An di end stel hy voor, om geld by makaar te maak en 'n skip te huur, en al di Hollanders terug te stuur na hulle land toe. Di voorstel vind algemene byval, en sou seker deurgegaan het. Mar een van di Boere seg: ‘Ek is dit oek eens, dat di Hollanders di oorsaak is van al onse onenigheid en dat ons hulle liwers moes wegstuur; *mar wi sal dan ver ons skrywe?*’

En daarmé was di hele voorstel di bodem ingeslaan. Transvaal staat feitelik vandag nog onder enige Hollanders. En voordeel is dit seker ni ver di Republiik ni. Had di Transvaalse Drimanskap en Volksraad, na di Vryheidsoorlog, by di herstelling van di Republiik, Afrikaans erken as Landstaal, dan sou dit daar vandag anders uitsiin in di Republiik.

Tot di Afrikaanse taalbeweging begin het was ons volk so goed as doofstom! Ja, nou begin di tong los te gaan. Mar dis nog ni genoeg ni. Afrikaans moet erken worde as Volkstaal, as offisiële taal. En wat belet dit? Dit blyk in di vollende Stelling.

Vyf-en-dertigste stelling.

Engels en Hollans het dan oek albei 'n bepaald vyandige houding angeneem teen Afrikaans, en di jonge taal moes stry teen di twe gevestigde magte.

Alweer het Dr. Brill amper as profeet gepraat toen hy in syn Voorlesing, by di begin van di Taalbeweging, geseg het (soos angehaal is bl. 38): -

'Maar dat streven, die beweging is nog slechts in het begin; het is nog niet genoegzaam gebleken, of het werkelijk uit den boezem der bevolking haren oorsprong neemt en in het hart van het volk leeft, niet slechts in het hoofd van staatslieden en dagbladschrijvers. En toch, krachtig en onuitroeibaar moet het in het hart van het volk leven, wil het met eenige kans op eindelijke overwinning de worsteling aanvaarden voor het bestaan, die de wet des levens is. De vijand is nooit ver. Al dadelijk moet het den strijd opnemen tegen de beide sinds lang gevestigde machten, die het hunne taal en hunne letterkunde zoeken op te leggen: het Hollandsch en het Engelsch; het Hollandsch, machtig doordat het de taal is der gevestigde Kerk, doordat de Bijbel in die taal wordt gelezen, en het Evangelie daarin verkondigd wordt; het Engelsch, machtig door dat het den Afrikaan overal in het leven ontmoet, hem van alle kanten omgeeft, zoodra hij zijne eenzame plaats verlaat en hem letterlijk dwingt het te gaan beoefenen, het te verstaan en te spreken. Twee zoo machtige invloeden, waarin ieder een eigene, hooge beschaving vertegenwoordigt, te bestrijden en te overwinnen, zal zeker geen geringe taak blijken voor het jeugdige Afrikaansche element, aan welks beschaving nog slechts de eerste hand wordt gelegd en welks levenskracht nog niet op de proef gesteld is. En toch zal aan die voorwaarde voldaan moeten werden, zal de voorspelling vervuld worden, die ik onlangs* door President Burgers hoorde doen en hier eenmaal eene taal worden gesproken, die noch Hollandsch is, noch Engelsch, maar Afrikaansch.'

Ja, dit was goed gesien. Gen ondersteuning ni, mar teenstand moes di jonge Afrikaanse taalbeweging ondervinde van voorstanders van Hollans sowel as van Engels.

* Dit werd gezegd in Mei 1875.

Di Engelse was toen *Hollans* ni so vyandig ni. Di oue boom kon mar bly staan in di tuin. Hy sterf tog lanksaam weg. Te veul ruimte beslaat hy ni. En te lank sal dit tog oek ni meer duur ni. Laat hy mar nog di paar jaartjiis staan! - Mar daar di jonge boompi! Hy is nog mar klein ja, mar kyk hoe kragtig groei hy! Né, hy moet uit! Dit sal ni gaan ni. Net nou neem hy di hele tuin in. Slyp di byl; breng di graaf en di pik!...

En di Afrikaanse boompi groei intussen langs di oue Hollanse stam op, en slaat syn arme vrindelik daarom heen (Stelling 44), want hy voel solank as hy nog swak is het hy di steun nodig. Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen di Engelse byl; di stywe tak beskut syn jonge lote teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in. En di oue eikeboom, in plaas van trots te wees op syn eie kind, wat so kragtig uit syn wortels opspruit en beloof eenmaal syn plek so wêrdig in te neem, stoot regtig syn eie kind af en seg: Né, weg! Jy trek net party van myn sap en vettigheid weg! Dis myn plek; ek wil hiir bly staan!

En tog groei di boompi op. Gen byl of pik doet hom skade ni. En an di ander kant, di oue boom sterf mar gedurig weg. Syn beskermers spit om hom, en goi mis, en lei water. Mar intussen trek di jonge boompi al di voordeel daarvan.

Di beeldspraak is duidelik genoeg, want elkeen siit dit voor syn oge gebeur.

Stelling XXXVI, XXXVII & XXXVIII.

Dis egter puur verniit om Hollans in Suid Afrika te wil herstel. Alle pogings daartoe was nog 'n mislukking. - Hollans, - hoewel dit alles voor sig had in Staat, Kerk en Skool, - verliis dit tog dageliks meer teen Afrikaans, wat tot nog toe alles teen sig had. - Selfs Hollanders wat hiir kom woon, leer Afrikaans praat en hulle kinders leer makliker ons sagte as hulle harde taal.

Di 3 stellings kan ons nooit beter ophelder as met 'n uittreksel uit Hoofregter de Villiers syn meer angehaalde Voorlesing (in Afrik. Taal. bl. 81-83): -

‘Sestig jare gelede is met sekerheid voorspeld dat Hollans, dit wil sê di taal van Holland, as onderskeie van di Kaapse taal - di meester sou bly. In di tyd - sover as 'n mens kan oordeel na di skrale literatuur van toen - was di strydlustigheid tusschen di voorstanders van Engels en Hollans ten toppunt geklim. Di Hollanse party beskou dit as 'n teken van vaderlandsliifde om Hollans te praat en vort te plant. Di Engelse party van hulle kant ag dit 'n blyk van getrouheid an Engeland om Engels te praat en vort te plant. Lanksamerhand egter het di hewigheid van di gevoel bedaar; mar dis tog ni uitgesterwe ni. Toen an di end van 1825, di Hollanse ‘Tydschrift’ uitloop het di Engelse *Chronicle* 'n juigtoon laat hoor in di vollende bewoordings:

‘Othello het uitgediin. Oerlede in di ouderdom van 365 da'e. “Het Nederduitsche Zuid Afrikaansche Tijdschrift” diep betreurd deur di lui van di Kaap, wat van voor di Sondvloed dagteken en di afstammelings van Van Riebeek, wi syn geskrifte deur di oerledene diip bestudeerd was, en wi syn wapen onlangs an di stadshuis van Syne Majesteit George IV hernuwd is. Di afgestorwene had 'n ei'enaardige geneigdheid en humeur, en ofskoon opgepas en as ware getroetel, in di wiig van di Regering geskommel en di geswore seun van Groot Brittanje het hy egter nooit di lippe oopgemaak tot lof van syn (Brittanje's) sede, gewoonte en taal.’

Hulle pligplegings in plaas van di voorstanders van Hollans te ontmoedig het hulle angespoor tot grotere bedrywigheid, en di ontslape tydskrif siin toen weer di lig, onder 'n veranderde titel. Dit werd egter gevoeld dat di bederf wat di Hollanse taal ondergaan het, 'n grote struikelblok was op di pad van syn algemene verspreiding, en syn ondersteuners het toen getrag, om hom van vervalsing te suiwer, in andere woorde, om di taal van Holland vry van koloniaal vermengsel te herstel. As 'n eerste stap om di doel te bereik, onderneem 'n seer geleerde professor om 'n boek te skrywe, waarin di barbaarsheid van Kaaps Hollans ten toon sou gesteld worde, en waarin di mense van di Koloni moes leer om ni alleen goeie Hollans te lees ni mar oek te skrywe - kort geseg, 'n boek wat di wonderdadige uitwerking sou hê, om di een taal ver 'n ander in di plans te stel, as di moedertaal van di volk. Di denkbeeld werd in 1840 opgevat. In 1844 verskyn dit onder di titel; ‘De Hollandsche taal in Zuid Afrika hersteld,’ mar in plaas van an di eersugtige oogmerke van syn bewonderaars te vol-

doen, was dit 'n gewoon taalkundige leerboek, met hiir en daar een paragraaf wat di Kaapse taal anwys, en met 'n anhangsel van 'n lys van woorde wat an di Kaap gebruikelik is, mar in Holland nog ni ver gelouterd deurgaap ni. Di voorrede egter verklaar di verandering van di plan. Nadat di skrywer syn oorspronkelik in di oog gehoue doel vermeld het, gaat hy so vort:

'Wij kunnen dit niet ter neder schrijven, zonder zelf te glimlachen om het denkbeeld, dat wij ons, bij den aanvang dezer onderneming, misschien diets maakten, dit te *kunnen* doen. Drie jaren en zes maanden zijn er sedert verloopen; en in dien tusschentijd hebben wij zooveel nieuwe proeven van onverschilligheid, ten aanzien van de Hollandsche taal opgemerkt, dat wij nu althans over de mogelijkheid om het kwaad te stuiten, geheel anders denken. Thans beschouwen wij de taal, waaraan wij onze moeite besteden, gelijk een geneesheer een ongeneeslijken lijder, wiens kwaal in hare verderfelijke uitwerkingen wel eenigszins kan gematigd, wiens gewissen dood wel eenigen tijd kan vertraagd worden, maar op wiens volkomen herstel niet meer te hopen valt.'

In di boek selfs stem di skrywer egter toe dat di beskaafde klas o'eral hulle bes doen om di kenmerke van di Kaapse spraak af te lê, en dat veul van di opgenoemde voorbeelde in di boek van di platte taal van di Kaap by di onbeskaafde klas tuis hoort. Hy voeg daarby dat wi grammatikaal praat, geseg word hoog Hollans te praat, en dat 'n Engelsman wat Hollans praat, dit altyd doet in di platte taal van di Kaap. Van 1844 tot nou is di onverskilligheid waaro'er Dr. Changuion klaag eer toe- as afgenome, terwyl, as hy nog hiir was, hy ni langer di troos sou smaak om te denk dat di beskaafde klas di Kaaps-Hollanse spreekmaniir laat bly ni. Hy sou inteendeel bevinde dat wat verkeerdelik hoog Hollans genoem word, byna geheel uit di gewoon gesellige omgang verbanne is, en dat selfs op di preekstoel, di jongere geslag van Nederd. Ger. predikante ni altyd na di taalkundige suiwerheid streef, wat di oue geslag onderskei en wat nog van 'n predikant in Holland verwag word. Selfs di immigrante, wat uit Holland hiernatoe kom, neem di Kaapse taal an, en hulle kinders leer gou by voorkeur om te praat in ons sagte en gemaklike taal, as in hulle hard klinkende moedertaal. Dit kan te wyte wees an di klein getal van immigrante wat na Suid Afrika kom, mar daar bestaat gen waarskynlikheid dat 'n genoegsame grote stroom van landverhuisers uit Holland hiirheen sal vloei, om invloed te hê op di toekomstige taal van di land ni. Daarom, geoordeeld na di ondervinding van verlope ty'e en di strekking van di teenwoordige, kan ons veilig tot di slotsom kom dat Hollans ni di

bestemming het, om di toekomstige taal van Suid Afrika te worde ni.

Inderdaad, ons hoor oek ni meer van pogings om di Hollanse taal in Suid Afrika te herstel ni.'

Hoor nou nog op di punt di getuigenis van Professor Mansvelt in di *Z.A. Tijdschrift*, Augustus 1880, bl. 405: -

'Tegenover 't Kaapsch-Hollandsch sta ik geheel anders dan vóór ruim vijf jaren. Toen was mijn eerste indruk niet heel gunstig, doch "onbekend maakt onbemind," en naarmate mijne kennis van 't Kaapsch-Hollandsch is toegenomen, heeft zich mijn oordeel gewijzigd en heb ik ook 't goede leeren opmerken, dat ik bij de eerste kennismaking over 't hoofd had gezien.

De eerste illusie van Changuion "'*t Hollandsch in Zuid-Afrika hersteld*," heb ik, evenals hij zelf later ook gedaan heeft, als ondenkbaar laten varen: - 't onderscheid in volksaard, land- en luchtgesteldheid, zeden, begrippen en belangen is te groot, dan dat een *Afrikaans volk* zich ooit van 't Hollandsch, zooals 't ten noorden van de Linie gesproken wordt, als voertuig zijner gedachten zou kunnen bedienen.

Dat echter het *Hollandsch, in Afrikaansch gewaad*, gedoemd. zou zijn, na korter of langer tijdsverloop voor altijd van de aarde te verdwijnen, geloof ik niet, en ik zou geen rechtgeaarde Hollander moeten zijn, om dit als mijne hoop uit te spreken.'

Ja, en tog hoor ons nou weer van 'n nuwe poging om Hollans hiir op te tel. Nou juis ni om grammatikaal Hollans, soos in Holland geskrywe word, hiir te herstel ni. Mar om 'n soort van middeltaal te *maak*, tussen suiwer Hollans en Afrikaans in, hulle noem dit 'eenvoudig Hollans,' of 'Kansel Hollans!' Wat dit moet worde weet ons nog ni. Nimand het ons nog laat siin hoe di *gemaakte boom* sal lyk ni. Ons het al herhaaldelik gevraag, en vraag hiir weer: Gé ons tog julle plan op skrif, dat ons dit kan siin. Wil julle di onredelike *geslagte* behou, of ni? Wil julle di omslagtige verbuigings en vervoegings o'erneem of ni? Wil julle di onreelmatige en ongelykvloeiende naamwoorde en werkwoorde behou of ni? Ens. Tot nog toe het ons gen antwoord ni. Mar nou is daar 'n Taalbond opgerig, wat in di gees gaat werk. Molik sal een van di geleerde Professors wat an di hoof daarvan staat, ons nou wel binnen kort 'n taalkunde gé van di gemaakte taal!

Ne'en-en-dertigste stelling.

Di voorstanders van Hollans in Suid Afrika is dus di manne van agteruitgang en di voorstanders van Afrikaans di ware manne van vooruitgang.

Di skryftaal van Holland is vèr *agter* ver di spreektaal, soos o.a. Roorda angetoon het in syn werk o'er 'Schryftaal en Spreektaal,' deur nog vas te hou an oue taalkundige vorme, wat di spreektaal al lank ontgroei is. En di voorstanders van Hollans hiir in Suid Afrika wil onse taal weer *agteruit* breng na di Hollanse skryftaal, terwyl onse spreektaal hiir al glad di oue vorme uitgegroei is.

Di voorstanders van Afrikaans seg: Né, ons taal het hiir al twe ewe van eie ontwikkeling gehad. In di tyd het dit gegroei, en dit groei nog al dag. Di spruit is al vèr van di tak af waaruit dit afgestam het; ons kan dit ni weer terug bring ni. Né, laat ons onse eie taal ontwikkel. Laat ons onse skryftaal ontleen an onse spreektaal, en altyd meer daarna vernuwe. Laat ons onse eie letterkunde ankweek, na onse landsaard en volksbehoefte. Laat ons in onse skryftaal en letterkunde vooruit gaan, en ons verhef uit di modderpoele van Holland, en vry adem op onse hoge berge en in onse suiwere lug, nes onse spreektaal doet. Laat ons di jeugdige spruit ni ombreng en knelter ni; laat ons dit opkweek en bearbei!

Wi is nou di manne van vooruitgang? en wi is di manne van agteruitgang? Leser, oordeel self! Oordeel onpartydig! (Vergelyk Stelling 51.)

Veertigste stelling.

Di Afrikaanse taalbeweging is dus prysenswèrdig selfs ver manne wat ni daarme samegaan ni, ver so vèr dit diin om verstand en hart te tref van duisende ver wi gen andere taal verstaanbaar is ni.

Di stelling is so te sê letterlik in di woorde van Hoofregter de Villiers (angehaal Afr. Taalb., bl. 84): -

‘As dit di doel is van di Vereniging om di verstand en hart te tref van digene ver wi idere andere taal onverstaanbaar is, dan kan daar niks meer prysenswèrdig wees ni.’

Dit geld hiir ons self. Daarom voeg ons daar niks verder by ni.

Een-en-veertigste stelling.

> **Rede ver vyandskap bestaat daar ni, want waarom kan ni twe tale naas makaar bestaan in een land ni? Dis mar di vraag of Afrikaans of Hollans sal bly bestaan teen Engels.**

Rede ver vyandskap bestaat hiir ni. Neem nou vereers di saak van 'n Engelse standpunt. Natuurlik is dit ver di Engelsman onverskillig in watter vorm ons onse taal wil erken hê, as Afrikaans of as Hollans, alleen is Afrikaans daarin ver hom verkiseliker, omdat dit makliker is. Mar di feit, dat hiir twe tale bestaan, en ver enige geslagte in elk geval nog sal bestaan; en dat albei tale sal moet erken worde, is so duidelik, dat gen Engelsman syn oge daarvoor kan sluit ni. Nou reeds moet di Engelse onse taal erken in di Koloni; net soos di Engelse taal, byv. in di skole, moet erken worde in di Republike. En 2 tale is ni te veul ver 'n land ni. In di Switserse Republiik is wel 3 tale offisiëel erken deur di Bondsraad (Duits, Frans en Italiaans). In Canada, België, en andere plase is oek 2 tale erken. Non mag dit wel in di staatsbestuur enige beswaar gé, mar uit 'n opvoedkundige oogpunt beskoud is dit eer 'n voordeel ver di verstandsontwikkeling van 'n nasi. Om kinders verstandelik te laat leer (ni nes papegaaie ni) is niks beter, as meteen uit hulle leesboekiis o'er en weer te laat vertaal, byv. uit Engels in Hollans, en omgekeerd. So oek by taalkunde, kan jy 'n kind ni beter laat verstaan en onthou ni as deur vergelyking van di taalreels van 2 tale. *Vergelyking* is di grondslag van begrip en geheuge by 'n kind. Dit sal deur gen opvoedkundige ontken worde ni.

Dus waarom sal ons twis? Laat ons makaar goed verstaan; en liwers di 2 tale, met wat hulle goeds het, by makaar same gebruik om di verstandsvermogens van onse kinders so goed as molik is te ontwikkel.

Twe-en-veertigste stelling.

> **Dis di plig van almal wat teen di algemene oerheersing van Engels in Suid Afrika is, om same te werd tot behoud van di Volkstaal, hoewel hulle onderling verskil angaande di vorm.**

Mar nou kom di vraag: watter van di twé, Afrikaans of Hollans, sal bly staan naas Engels? Op di punt is di menings verdeeld. Sal dit gen stryd gé ni?...

Strijd, ja, mar gen vyandslcap ni! Stryd, mar gen verdeeldheid ni. Dit mag ni. Di belang van albei partye eis dit. En di verskil moet ons goed in di oog hou.

Stryd is niks. Stryd is goed. Oral waar lewe is is stryd. Net op di kerkhof is gen stryd ni. Vrinde en vyande leg daar almal ewe rustig same. Stryd ontwikkel di kragte. Storme suiwer di lag.

Mar dis hiir di belang van di 2 partye om teeno'er Engels same te staan, al is di kwessi van voorrang onder makaar nog ni beslis ni.

As ons same staan teeno'er di Engelse, dan is ons di meerderheid, sowel hiir in di Kaapkoloni, as wanneer ons 'n Verenigde Suid Afrika moet vorm.

As ons dus eensgesind is teeno'er di Engelse, dan kan ons ver ons laat gelde; mar as ons onder makaar verdeeld is, dan sal di natuurlike gevolg wees: dat di Engelse taal ons heeltemaal sal o'erheers, en op laas di Volkstaal sal o'erstroom.

Daarom, ons het dit altoos geseg. Ons seg dit nou weer. En ons sal dit altyd sê: dis di dure plig, dis di heilige belang van almal wat teen di algemene o'erheersing van Engels in Suid Afrika is, om same te werk tot behoud van di Volkstaal, hoewel hulle onderling verskil angaande di vorm. Van onse

kant het ons dit altoos gedaan en doet ons dit nog, soos ons nader antoon onder Stelling 44.

Dri-en-veertigste stelling.

Afrikaans het meer geskikheid daartoe, en oek meer lewenskrag teeno'er Engels hiir in Afrika as Hollans.

Natuurlik ons het ons o'ertuiging. Di spreek ons altyd ridderlik uit. Dis ons 'n eer. Ons veins ni teeno'er Engels of Hollans ni.

Teeno'er Engels seg ons reguit: ‘Hiir is 2 tale in di land. Ons erken julle. Mar julle moet ons net so goed erken.’

En teeno'er Hollans seg ons openlik: ‘Teeno'er Engels staan en werk ons same; nou werk ons nog mé om in d i vorm van Hollans onse gesamenlike taal in di publike lewe en staatsbestuur erkend te kry. Mar daar sal ons ni altyd mé tevrede wees ni. Di dag sal kom, dat Afrikaans as Volkstaal sal moet erken worde; en sodra ons kans siin daartoe, sal ons dit eis oek. En dan hoop ons dat julle weer net so broederlik met ons sal samewerk teeno'er Engels.’

Dis di eerlike standpunt wat ons inneem. Dis di ridderlike stryd wat ons voer.

Mar waarom dan ni mar Hollans laat bly as offisiële taal langes Engels ni, en dan mar Afrikaans in di dagelikse omgang bevorder soos nou ni? Di bedenking verwag ons. En ons is klaar om dit te beantwoorde. Di antwoord is gegé in Stelling 44.

Juis diselfde stryd om di bestaan wat ons nou deur samewer king om Hollans erken te kry en tot plig maak in ons eie belang, diselfde stryd eis oek dat ons al wat in ons vermoge is moet anwende om so gou as molik is Afrikaans erkend te kry as offisiële taal oral waar Hollans dit nou is.

Want Hollans is 'n onleerbare taal, soos ons later sal antoon onder Stelling 63. Onleerbaar ver di Afrikaner. Onleerbaar meer nog ver di Engelsman. Ons verwonder ons dan oek ni as 'n Engelsman bewaar maak om Hollans te leer ni. Mar

selfs ver di Hollanders wat hiir kom woon en ver hulle kinders is Hollans 'n onmolike taal. Hoor op di punt Hoofregter Reitz syn opini (Afrik. Taalb. Bylage bl. 10): -

'Dat het Kaapsch Hollandsch ontaard is, heb ik reeds met bewijzen wederlegd; dat het een tongval is ontken ik, want dat het Hoog Hollandsch in Zuid Afrika als gesproken taal eenigerlei bestaan heeft, behalve onder eerst onlangs gearriveerde Hollanders, kan niemand staande houden. De Hollander moge het voor een korte wijl spreken, maar heel spoedig vindt hij het gerieflijker te doen zooals Rome doet, en zijne kinderen, in alle gevallen, spreken nooit iets anders dan het zuiverste (ik vraag verschooning, het meest *barbaarsche*) Kaapsch Hollandsch.'

Nou praat ons nog ni eens van di grote geleerde bevolking ni, ver wi Hollans net so 'n onmolike taal is as Hebreeuws of Griiks.

As onse Volkstaal, *in Hollanse vorm*, altyd syn regte moet handhaaf, teeno'er Engels, dan moet, dan sal ons dit verliis, omdat Engels 'n veul makliker taal is. En dan sal dit oek ni te lank duur ni. Mar as ons ons Volkstaal teeno'er Engels ni alleen wil behou ni, mar laat groei en toeneem, dan moet ons dit erken kry as Afrikaans; want di is nog makliker as Engels.

Dus om weer 'n beeld te gebruik. Hollans beskou ons as 'n stut om di jonge Afrikaanse taalplant te ondersteun. Mar by di dag word di jonge boompi sterker en vrot di paal weg. En as di paal di dag omval, dan kan di boompi oek al alleen staan ni.

Mar ons ontveins dit ni, as ons gen kans siit om Afrikaans erkend te kry as officiële taal ni, dan sou ons oek ni langer ywer ver Hollans ni. Dan hoe eerder Engels dit win, hoe beter. Ons seg hiir van di onleerbare Hollanse taal wat Petrus an di eerste gristene geselt het van di onvervulbare Joodse wet, Hand. 15:10: - 'Nu dan, wat verzoekt gij God, om een juk op den hals der discipelen te leggen, hetwelk noch onze vaders, noch wij hebben kunnen dragen?'

Juis om ons stand punt eerlik te hou het ons Stelling 43 geset tussen 42 en 44 in. Ons wil op di punt eerlik verstaan wees.

Viir-en-veertigste stelling.

Afrikaans het sig dan oek nooit vyandig getoon teen Hollans ni, mar alle pogings tot behoud van Hollans teeno'er Engels ondersteun, in di oertuiging dat Hollans hiir tog di erfdeel is van Afrikaans.

Ni om daarmé te koop te loop ni, mar tot 'n getuigenis, moet ons hiir onse werke van ons laat getuig. Ni samewerking ni, mar teenwerking het ons tot nog toe gehad van di voorstanders van Hollans in algemeen; ja, meer, was dit mar teenwerking, mar smaad, en hoon, en verguising.

En tog het dit ons nooit van ons standpunt kon afbring ni. Tog het di voorstanders van Afrikaans meer gedaan ver Hollans in Suid Afrika as di voorstanders van Hollans self. Di hardste pleitredes teen di oerheersing van Engels oer Hollans is van onse party uitgegaan. Van di *Patriot* is uitgegaan di Petisiis ver Hollans in di Parlement, op di skole, in di Geregshowe, in Publike Kantore, by Spoorweg Stasi en Telegraaf Kantoor. Eers later is di voorstanders van Hollans by gekom.

Mar daarby het ons dit ni gelaat ni. Met verspreiding van Hollanse letterkunde het di *Patriot*-firma meer gedaan, met behulp van 'n paar honderd agente deur di hele land, as al di voorstanders van Hollans same. Di firma het Hollanse boeke self gedruk en versprei, sowel as uit Holland laat kom, by duisende. Kyk mar di lys na, week ver week in di *Prtriot*! Skrywer hiirvan het self meer as 'n dosyn werke in Hollans geskrywe, wat amper almal uitverkoop is, en waarvan party 'n twede druk gesiin het; - ja, soveul het hy in Hollans geskrywe, dat dit hom van sekere Hollanse kant tot 'n verwyt gemaak word, as of hy self ni geloof in Afrikaans ni, hoewel hy ten o'ervloede getoon het dat hy di een wil doen en di ander ni nalaat ni.

En praat di voorstanders van Hollans nou van Hollanse skoolboeke na di behoefte van ons land. Di party ver Afrikaans was hulle al lank voor. Reeds in 1882 het hulle uitgegé byv. '*Uw en Mijn Cijferboekje*,' di eerste rekenboeki wat hiir in Hollans kon gebruik worde, want di Hollanse

rekenboekiis was hiir onbruikbaar, omdat ons hiir Engelse munt- en maat-stelsel gebruik. Di boeki is dan oek ingegaan ver skoolgebruik en werd by duisende verspreid deur di Koloni, Vrystaat en Transvaal. Di wat onpartydige getuigenis kiirvoor wil hê, kan mar an di Kaapse boekverkopers vra, hoeveul deur hulle bestel worde; of by di onderwys-kantoor in Transvaal en Vrystaat verneem.

En 'n Hollanse reeks van leesboekiis op di nuwste maniir het di *Patriot*-kantoor oek di eerste uitgestuur, namelik *Fondamentsteenen*, in 3 Deeltjiis. Dis oek by duisende versprei, sodat in korte tyd 'n twede druk moes gemaak worde.

Dog ons stip mar an. Di wat belang daarin stel, of met ons wil samewerk om Hollans te versprei, laat di by ons kom, ons sal hom alle informasi en hulp verleen. Wat ons gedaan het ver Hollans doet ons met 'n hele hart. En ons wens dat ons nog meer kon doen. Ons seg hiirin wat di *Patriot* geseg het van onse verhouding tot di Taalbond: -

‘Verdeeldheid sal ons ni werk ni. Ons denk an di twe vrouwe met di kindji voor Salomo. “Volkstaal” dis ons kindji, mar ons het as ware moeder di kindji te liif om dit an twe te laat sny, dan staat ons dit liwer an di teenparty af, dis tog ons kind, en di Tyd, di troue Regter, - nog trouer en wyser in syn uitspraak as Salomo, sal di kindji wel op di regte tyd an di regte moeder gé.’

Vyf-en veertigste stelling.

> **Ondersteuning van di Afrikaanse taalbeweging is dus plig van elke ware Afrikaner, en meteen 'n toetsteen vir di waaragtigheid van syn patriotisme.**

Mar nou meen ons oek om reg te hê om diselfde gesindheid van ander partye teeno'er ons te verwag.

Tot di Engelsman seg ons; ‘ons erk en jou taal; ons leer jou taal. Erken en leer julle nou ons taal oek. Wil julle dit leer, dis baing maklik; en ons sal julle alle hulp middels verskaf. En as julle dit ni wil leer ni, oek goed. Erken ons mar; en laat di wat wil dit leer.’ En ons is seker, elke ver-

standige Engelsman, wat di heil van Suid Afrika hii het, sal di billikheid hiirvan erken, en ons daarin ondersteun.

En tot di voorstanders van Hollans seg ons: ‘Kyk, toen julle ver ons uitgeskel het, het ons ni weer ver julle uitgeskel ni. Toen julle ver ons teengewerk het op alle manire, het ons met alle kragte, haas bo onse kragte julle saak bevorder. Waar julle angeval werd, het ons voor julle en met julle gestry. Kom nou, laat nou di vyandskap bly! Werk liwers same met ons, soos ons met julle same werk! Dan sal ons siin wat di volk wil. En ons sal 'n eerlike volksstemming neem, - Afrikaner, Engelsman, Duitser, Hollander, kleurling, wi hy is, - en ons sal siin ver wi di meerderheid is, ver Hollans of ver Afrikaans!’ - En ons is seker daarvan, di weldenkende onder onse teenparty, wat di welvaart van ons land bedoel, sal moet erken dat onse standpunt eerlik, ons versoek billik is.

Daarom geef ons dit as 'n toetsteen ver elkeen om di waaragtigheid van syn Patriotisme an te toets. Ons wil ni ontydig dwing ni. Ons wil Afrikaans erkend hê in di skole, en later dan verder op, as dit blyk, dat dit lewenskrag, genoeg besit. Ma r daar wil ons dan oek begin, van onder-op. Want te lank kan ons ni wag ni. Juis omdat di einddoel van onse strewe uitloop op wat ons neergeleg het in

Ses-en-veertigste stelling.

Hoe eerder Afrikaans as offisiele taal erkend word, - waar Hollans dit nou nog is, en waar Engels te ver di oppergesag angeneem het, - hoe voordeliger ver di ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse nasionaliteit.

Hoe eerder - hoe voordeliger. Ja, na wat vooraf gegaan is behoef di Stelling gen nader bewys ni.

Afrikaans moet erkend worde as offisiële taal. Dis wat ons as voorstanders daarvan nou an di orde stel. En daarvoor sal ons werk met alle kragte binne ons bereik. En hoe eerder ons dit kan verkry, hoe beter.

Tog is ons ni onredelik in onse eis ni. Vandag kan dit nog ni. Daar is nog heel wat voorbereidend werk te doen. Alweer

stel ons daar 'n eer in om duidelik te verklaar, langs welke weg ons meen tot ons doel te geraak. Di saak is ons te gewigtig om nog omwege te maak. Ons seg wat ons meen, en meen wat ons seg. Daarop kan voorstander en teenstander reken.

Vereers sal di meerderheid van di bevolking wat Afrikaans praat sig moet uitspreek, dat hulle dit met ons eens is. Dus sal daar nog meer as tot nog toe op di volksgees in di rigting moet gewerk worde. Tot nou toe was ons doel net om di Afrikaner te laat verstaan: 'Jy het 'n taal; di taal praat jy; di taal is ver jou onmisbaar; di taal is ver jou di beste; skryf di taal nes jy dit praat.' Di grote werk het ons nou so vèr gebreng, dat ons reken dis nou di tyd om di twede hoofgedagte by di volk te laat ingang kry: 'Di taal wat jy praat in jou huis, en op di mark, en in di Raadsaal, en wat jy lees in jou koerant, di taal moet erken worde as offisiële taal in di Skool, in di Staat, in di Kerk, en oral.' Daartoe moet 'n begin gemaak worde met 'n Afrikaanse Taalkongres.

Verder, di taal moet tot eenvormigheid in skryfwyse gebreng worde. Daartoe is nodig veral 'n Taalkunde en Woordeboek. Wel, albei kan maklik genoeg uitgegé worde, en ons is daartoe bereid oek. Mar om dit meer gesag te gé behoor dit nagesiin en bekragtig te worde deur daartoe bevoegde persone, wat op so 'n Taalkongres moet benoem worde, vollens onse mening.

Dan, moet di taal geleer worde in onse skole. Daartoe sal ons verlof moet kry van di Departement van Onderwys. So vér ons di saak insiin sal dit ni nodig wees om enige wysigings in di skool wet te laat maak deur di Parlement ni. Hiir is mos ni vasgestel watter taalkunde, of woordeboek, of spelling moet gebruik worde op skole ni. Dus is dit ni 'n saak ver di Wetgeving ni; mar van regeling met di Superintendent van Onderwys. En as hulle wel Kaffertaal laat leer, waarom dan ni onse taal ni? Mog daar egter beswaar gemaak worde, dan gaat ons na di Regering; en as ons daar oek ni onse sin kry ni, dan na di Parlement. Mar di eerste saak is nou die nodige Leerboeke ver Afrikaans, en dan waar di publiik daar voor is, dit invoer in di skole.

Eers wanneer di skryftaal dus tot eenheid gebreng is, en wanneer dit geleer worde in di skole, dan sal ons verder gaan, en eis dat Afrikaans as offisiële taal sal erken worde oral waar

Hollans dit nou nog is, en waar Engels te vèr sig di oppergesag toeëigen.

Dus ons eis is gen onredelike, gen voorbarige ni. Mar daarom des te beslister. Seg di voorstandere van Hollans en Engels: ‘Dit sal dan wel nog lank duur.’ Ons antwoord is: ‘Ja ons werk met di kalme bedaardheid van di man wat seker is van syn saak; en dit sal altemit ni so lank duur as julle denk ni; juis omdat onse taal so maklik is. As julle een van julle late so moes inwerk, ja, dan sal dit baing lank duur. Mar Afrikaans groei soos 'n inlandse boom, in syn eie grond en klimaat, wis en seker. Wil julle ons ni help ni; laat ons dan tog mar net vry en hinder ons ni. Dan is ons oek al te vrede.’ Nou, billiker kan ons eis tog ni wees ni!

Afrikaans onse Skryftaal.

‘Onze orthographie, onze geheele grammatica, wat is zij dan eene aanwijzing van het peil der taal in onze dagen; maar wie zal het water, het eeuwig opwellend water terug houden, als het rijst; het stijgt en stijgt altijd, en als het onze schaal zal zijn te boven gegaan, zal het noodig zijn eene andere aan te leggen.’ - Beets, Sparsa, bl. 43.

Acht-en-veertigste stelling.

'n Taal is voertuig ver gedagte wisseling wedersyds; om te praat sowel as om te hoor, om te skrywe sowel as om te lees.

Hoe 'n tongval tot taal, en 'n spreektaal tot skryftaal word, ontleen ons an di vroeger reeds - angehaalde Voorlesing van Dr. Mielck, o'ergeneem uit di Tydskrif *Onze Volkstaal*, bl. 12: -

‘De taal van ieder volk is in haren oorsprong slechts die van den mond en het oor, d.w.z. zij bestaat slechts uit het geluid, dat de mond van den spreker voortbrengt en het oor van den hoorder opneemt. Eerst veel later, wanneer een volk - meestal door den aandrang van buiten - eigenaardige vormen der beschaving begint te ontwikkelen, volgt de schrijftaal, die daarna met weglating van den klank zich tot een ander zintuig, het gezicht, wendt. Het volk echter en zijne taal, die na zich van de schrijftaal te hebben los gemaakt als dialect met zijne tongvallen kan worden aangeduid, leven voort, ontwikkelen zich en

veranderen, wel niet geheel vrij van den invloed van de taal der beschaving, maar eigentlijk toch zonder zich om deze te bekommeren. In de literatuur vertoont zich duidelijker, hoe het dialect zich langzamerhand steeds meer van de schrijftaal afscheidt, ten gevolge van veranderingen der toonaangevers onder het volk en naar machtige historische invloeden van buiten. Dan is de oude schrijftaal niet meer toereikend en uit het dialect, uit een tongval daarvan, ontstaat eene nieuwe schrijftaal.'

Vollens di stelling doet 'n taal 'n dubbele diens: -
om jou gedagtes an andere mé te deel; en
om di gedagtes van andere te verneem.

En albei dienste kan gedaan worde op 2 maniire: -
as spreektaal deur middel van di *mond* en di *oor*; en
as skryftaal deur middel van di *hand* en di oog.

Nou wel, as spreektaal is Afrikaans ver ons 'n gewoonte; di *mond* en di *oor* is gewend daaran. Maar di *hand* is nog ni gewend om dit te skrywe, en veral di *oog* is nog ni gewend om dit te lees ni. As jy ver di Afrikaner di eerste mal syn taal op skrif, of in druk wys, dan lyk dit ver hom vreemd; want wat by tot nog toe gelees het was in Hollans of Engels. Dog dis mar net vreemd ver syn *oog*. Neem diselfde stuk en lees dit ver hom voor, dan is daar niks vreemds in ni. Dis ni vreemd ver syn oor ni.

Omgekeer, 'n man kan byv. Latyn goed lees en skrywe. Mar as 'n ander met hom vlug Latijn sou praat, dan kan hy dit ni volg ni. Syn *oog* is wel daaran gewend, mar ni syn *oor* ni.

Ons wys dit duidelik an, omdat meer as een Afrikaner in begin seg: dis ver hom swaarder om Afrikaans te lees as Hollans. Natuurlik, want hy het so veul ja r e, van syn kindse dage af Hollans gelees, en nooit syn eie taal gelees ni. Mar laat hy sig 'n bitji oefen, dan sal hy gou siin hoe maklik dit gaan om syn eie taal te lees.

En temeer wys ons dit duidelik an, omdat dikwils deur onse teenstanders van di vooroordeel misbruik gemaak is, deur di Afrikaners te vertel: Hollans is makliker om te lees as Afrikaanse. En di arme man het al vergeet hoe maar hy in syn skooldage gehad het, en hoeveel klappe hy om syn ore gekry het, om te leer Hollans lees. As hy een-tiinde van di tyd wil besté an syn eie taal, dan sal hy siin hoeveul makliker hy dit sal lees.

Mar uit di stelling moet ons nog 'n ander misverstand of vooroordeel wegneem. 'n Taal is ni net om di gedagtes van andere daardeur te verneem ni, mar net so goed om jou eie gedagtes daarin uit te druk. En hiir moet ons 'n ander misvatting wegneem. Party voorstanders van Hollans vertel an di Afrikaners: ‘Julie *verstaan* mos Hollans, waarom moet julle dan Afrikaans as taal wil hê? ’

Wel, ons het nooit geseg ons volk *verstaan* gen Hollans ni. Wel seg ons: hulle verstaan dit ni *volkome* ni; hulle voel ni ten volle wat hulle in Hollans lees en hoor ni. Mar wat ons wèl altyd geseg het, en nou ver goed hiir v a s stel is: dat daar ni een uit duisend Afrikaners is wat behoorlik kan Hollans *praat* of *skrywe* ni.

Waarop kom dus di drogrede neer: ‘Dis ver di Afrikaner genoeg as hy mar 'n taal het waarin andere tot hom kan praat. Hy het ni 'n taal nodig om syn gedagtes in uit te druk ni!’

Afrikaners! weet julle wat di wat so redeneer van julle seg: ‘Di volk is nog onmondige kindertjiis; hulle moet mar stil sit anhoor op di skoolbanke wat ons ver hulle in Hollans of Engels wil vertel. Hulle is nog ni verstandig genoeg om hulle eie mening en gedagtes uit te spreek ni. Hulle moet mar 'n taal hê wat hulle kan *verstaan*, waarin ons ver hulle di les kan leer; hulle hoef ni 'n taal te hê waarin hulle in di publike lewe hulle kan *uitspreek* ni. Di enige taal wat hulle ken, Afrikaans, kan hulle mar in hulle huise onder makaar praat.’

Nogeens, ons stel hiir di feit duidelik vóór, dat uit di duisend Afrikaners daar skaars een is wat sig behoorlik in Hollans of Engels kan uitdruk; en dat dus digene wat Afrikaans teenspreek, op di grond ‘hulle *verstaan* tog Hollans,’ onse nasi beledig en verongelyk, as of hulle ni 'n taal nodig het om hulle mening kenbaar te maak ni.

Nege-en-veertigste stelling.

> Di Afrikaanse taalbeweging het dus skryflus net so seer opgewek as leeslus, by 'n bevolking wat vroeger amper ni geskrywe of gelees het ni.

Onder Stelling 47 het ons reeds wat megedeel hoe deur di Afrikaanse taalbeweging *skryf*lus same met *lees*lus opgewek is. Mar 'n feit van nog groter belang is, dat di *nasionale beweging* 'n eerste vrug was van di *Taalbeweging*. Di eerste stoot was di verset teen di Transvaalse Annexasi en toen di simpati in di worstelstryd. Di twede stap was di oprigting van di Afrikaner Bond. Di derde stap di eis om Hollans in di Parlement, ens. erken te kry. Wel, al 3 is uitgegaan van di *Patriot*, di orgaan, di tolk van di taalbeweging.

Dit blyk dus, dat di taalbeweging so smadelik verag, so vyandig teengewerk, met so min geestelike en stoffelike kragte begin, ingang moes gevinde hê in di hart van di volk, om ni alleen te bly staan ni, ni alleen vortgang te maak ni, mar nog so 'n magtige invloed op di nasionaliteit uit te oefen.

En nog gaat di taalbeweging vort syn krag te laat gevoel. Onlangs is daarvan weer di proef gelewer in Transvaal. Onse ondervinding van di meerdere lewenskrag en groeikrag van Afrikaans as van H o llans teeno'er Engels is nou an Pretoria oek ondereinde. *Land en Volk* was 'n Hollanse koerant daar, wat mar 'n kwynende bestaan gehad het, soos mar al di Hollanse koerante in Transvaal. Nou word dit pas in Afrikaans uitgegé of hoor wat verklaar di uitgewers: -

‘Dis met grote blyd skap wat di Redaksi van *Land en Volk* di geleendheid waarneem om te melde dat binne di laaste weke ons 'n menigte nuwe intekenaars gekry het. Dis in twe opsigte goed. Ver di geldelike toestand van ons koerant is dit goed en dis oek goed daar dit toon dat di Afrikaanse taal byna algemeen deur ons volk goedgekeur word. Al ons private korrespondente sê: “ons is bly dat jy nou in ons *ei'e* taal skrywe.” Daar is natuurlik 'n paar wat ontevrede was met di verandering in di taal van *Land en Volk*. Di mense ken ni Hollans ni, en hulle sal dit oek nooit ken al studeer hulle nog twintig jaar, want Hollans is ongetwyfel een van di moeilikste van moderne tale. Afrikaans ken hulle almal goed en hulle *praat* oek nooit 'n ander taal ni. Nou wil hulle 'n mens wys maak dat hulle Hollans beter ken dan Afrikaans, mar hulle vergeet dat hulle briwe an di Redaksi di teenoergestelde bewys. Afrikaans is ons mo dertaal. Dis di taal van alle ware Afrikaanders, en Afrikaans groei net soos alle tale gegroei het. Hollans, Engels, Frans, Duits, het almal gegroei uit differente tale en is langsamerhand verbeter geworde tot hulle skryftale

geworde het. Net so sal dit wees met ons eie taal. Waarom is dit nou dat mense teun Afrikaans is? Dis omdat hulle ni opregte Afrikaanders is ni. Alles wat vreemd is het hulle liif - ja zelfs Hollanders is ver hulle meer ansiinlik dan hulle eie broers en susters in Suid Afrika.

Afrikaans is di maklikste taal wat daar non in di wereld gepraat word en dis oek een van di mooiste ver wat klank angaat. Di Italiaanse taal word algemeen di mooiste taal beskou omdat dit meer *klinkers* het dan enige ander taal, en Afrikaans *het meer klinkers dan Italiaans*. Alle Hollanders erken dat Afrikaans honderdmaal mooier klink dan di growwe taal van Holland en dit erken oek elkeen wat iits van tale weet. Dis mar net mense wat hulle slim hou, wat hulle eie taal en land en volk haat, en alle vreemdelinge tot sig neem.

Ons is daarom bly om te kan sê dat ver elke een (daar was mar dri alles tesame tot dus ver) wat ontevrede was oer di verandering daar drihonderd was wat hulle blydskap uitgedruk het, en van dag kom daar nog honderde nuwe intekenaars in, - en dit is tog di beste bewys dat di volk van di Suid Afrikaanse Republiik hulle moedertaal liif het.'

Vyftigste stelling.

> **Di Afr. taalbeweging het verder di proef gelewer, dat onse taal seer geskik is ver digkuns sowel as ver prosa, ver letterkunde op ider gebied.**

Let wel. Ons seg ni daar is al meesterstukke gelewer in onse taal ni. Mar ons seg di proewe is gelewer, dat di skuld ni an di taal leg, as daar gen letterkunde nog in bestaat ni. Mar wi verwag dan oek al vrugte van 'n pas geplante boompi? Of 'n Heldendig van 'n kind wat nog leer lees?

Snaakse redenering van party: Afrikaans is ni wêrd beoefen te worde as skryftaal ni, want daar is nog gen letterkunde in di taal ni. Wat? Di boom is ni wêrd om geplant en bewerk te worde ni, want hy het nog gen vrugte gedra ni? Eers di vrug en dan di boom! Dis mooi, nê!

Tog erken ons, om di jeugdige krag van onse taal met feite te toon, moes daar nou kragtige stukke in di taal gelewer worde. Mar dat dit ons verwyt worde van 'n kant wat onse

taal veral by di jonge geslag ni in ere, mar in verdenking en minagting bring, is (om di minste te sê) min eerlik. Help ons om lijfde en agting in te boesem by di jeug en verwag dan later vrag. Mar nou lyk ons dit na 'n harde meesteragtigheid, wat wil maai waar hy ni gesaai het ni; en wil vergader waar hy ni gestrooi h et ni!

Proewe het ons gelewer. Proewe van Digkuns in 6 Versamelinge. Wil imand iits vloeiends lees, laat hy di eerste gedig deur 'n ongeleerde Afrikaner gemaak lees (Eerste Versameling, bl. 16): -

Di Afrikaanse taal.

Gen Hollans, Duits of Frans.
Gen Engels of Javaans,
Gen Kaffers, of Boesmans,
Al goi jy almal in di skaal,
Ver ons kan hulle nooit ophaal
Di ware Afrikaanse Taal.

Ofskoon ons taal hiir blyf,
En idereen dit skryf,
Net na di wind hom dryf;
Di Afrikaans blyf daarom reg:
Wat regtig goed is word ni sleg,
Al trap jy hom, of goi hom weg.
Ofskoon gen een dit leer,
Mar ongepermitteer
Verfoei, verknoei, onteer;
Ons Moedertaal blyf daarom goed:
Ons taal sit in ons murg en bloed,
En groei nog op in te'enspoed.
En twyfel jy hiiran?
Myn liwe goeie man,
Vat jy di boek dan an!
Ek wed as jy ons spraakkuns* leer,
Dat jy gen taal so hoog sal eer,
Nou kom, seg: Top! man; en perbeer.

Wil hy grappige styl lees, wel di hoef ons amper ni an te wys ni; slaan mar ope! Of wil jy iits ernstigs, gevoeligs, lees Hendrik en Letti (Viirde Versameling, bl. 79). Wil jy 'n heldentoon hoor, lees di stukke op di Veldstage in di Transvaalse Vryheidsoorlog.

* Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal. 32.

Een-en-vyftigste stelling.

‘Di Skryftaal moet trag om van vreemdighede vry te bly en moet sig verder altyd vernuw (regenereer) uit di Spreektaal.’ - (Heyse.)

Di Stelling van Heyse is 'n algemeen erkende. 'n Aparte *spreek*taal en 'n aparte *skryf*taal is 'n onnatuurlike ding, soos duidelik aangetoon deur *Whitney, Language and its Study*, bl. 149 en 150: -

‘Beskawing en opvoeding is di kragtigste invloed om taalveranderinge teen te hou. Di minste verandering sal hy uitoefen wat geleer het om suiwer te praat na 'n ongeleerde reel, en wat gewend is om net so dikwils en net so natuurlik te skrywe as wat hy praat. Woorde, in hulle suiwere vorm en onafhaukelike bestaan, is te duidelik teenwoordig voor syn gees om deel te neem in hulle samesmelting of verandering. Daarom is di gevolg van 'n letterkundige opvoeding om 'n taal vas te stel in di toestand waarin dit gevinde word, om daaran te vers eker di voortdurende bestaan van di vorme wat dan in werking is by di ontwikkeling, mar teen te hou of heeltemal te belet dat dit enige andere anneem; om di heersende gewoontes tot onveranderlike wette te maak; en om di aard van di klanke te bewaar teen alles behalwe 'n uiters lanksame en verraderlike verandering.

‘Tot nog toe is di soort van behoudende invloed, in di wereldgeskidenis, net mar werkraam gewees binne di perke van 'n sekere soort van mense; 'n geleerde of priisterlike klas is di beskermer gewees van di nasionale letterkunde en di bewaarder van di taal waarin dit geskrywe is; terwyl albei vreemd en ongewoon geworde is an di algemene bevolking. Ontroof van di ondersteuning van di volk het di beskaafde dialek meteens begin om alle lewenskrag te verliis; want gen taal kan lewendig bly, wat ni beantwoord an al di oneindig verskillende behoeftes van 'n hele samelewing ni, en sig ni in alle dele na hulle veranderinge skik ni; dit is afgesny van syn natuurlike en noodsakelike groei sodra dit geskei is van di algemene gebruik en tot di afgesonderde eiendom van 'n sekere klas gemaak is. Op di maniir ontstaat daar onder diselfde volk twe aparte tale; di een 'n erfgoed van vroegere tyd, wat altyd stywer en ongemakkeliker word, en net mar bruikbaar ver sekere bisondere diinste; di ander di vrug van teenwoordige groei, wat styfdeur meer verskil van di eerste deur di werking van di gewone invloede van taalverandering; vol van onnou-

keurighede en foute, as ons dit so wil noem, mar oek vol van 'n gesonde en kragtige lewe, wat dit in staat stel om op laas di geleerde of heilige dialek, waarvan dit 'n spruit is, omver te goi en syn plek in te neem. Dit was di oorsprong en dit di lot van alle geleerde dialekte wat in verskillende dele van di wereld bewaar is as "doje tale," as middele van gedagtewisseling tussen geleerde mense, nadat hulle hulle karakter verloor het as spreektaal van 'n samelewing: byvoorbeeld, di oue Egyptise taal, wat lank opgehou is ver godsdiinstige gebruik, en geskrywe is in teken-skrif, nadat di taal en di letters albei in di volksgebruik 'n ander vorm angeneem het; di Zend, wat in bewaring was van di priesters van Faroaster syn leer; di Sanskrit, wat nou nog geleer word in di Brahminse skole van Indië, onder di Babel van nuwe tongvalle, wat daaruit afstam; di Latyn, di gewone taal van di geleerde deur heel Europa gedurende eeuwe waarin di latere vorme van di Romaanse tale, wat nou di voertuige is van 'n hogere beskawing as di van Griekenland en Rome, mar 'n barbaarse *patois* was. Elke dialek wat di voorwerp van letterkundige beskawing gemaak word staat bloot an di lot van Latyn; adelregering en uitsluiting (aristocracy and exclusiveness) het ten gevolg di eindelike omverwerping, in di taal sowel as in di staatkunde; di behoeftes en di belange van di menigte is belangriker as di van di weinige, en moet in di end dit win. Ware taalkundige Konservatisme bestaat in di vorming van 'n opgevoede en deugsame volksregering (democracy), in di opneming van di hele samelewing deur middel van 'n degelike en deurdringende opvoeding, in di behoorlike en gesonde bewaring van di angrenome spraak-gebruike van di suiwere spraak - en dan in toelating dat elke verandering wat moet en sal kom syn vrye loop te laat.'...

En wat Whitney hiirop laat volg is veral van belang, namelik dat di skeiding tussen spreektaal en skryftaal al kleiner word in onse tyd omdat di geleerdheid nou ni meer di uitsluitende eiendom is van seker geleerde klasse of priisterkaste ni, mar alweer ingaat onder di volk, en deur koerante en tydskrifte in di volkslewe ingaat. Ruimte belet ons alles oer te neem, mar ons verwys na bo vermelde werk, bl. 150 en 151.

En hoe is dit nou op di punt met Hollans gesteld? Hoor wat Professor van der Tuuk daarvan seg, in di *Z.A. Tydschrift* van Dec. 1883, bl. 279: -

'O, hoeveel tijd is er niet nutteloos besteed met dat leeren van Grammatische regels aan kinderen! Hoe veel tijd wordt

er waarschijnlijk nog tegenwoordig meê verkwist! Vooral in Zuid Afrika schijnt men algemeen van het denkbeeld doordrongen, dat kinderen, die onderwijs in hunne moedertaal moeten ontvangen, onmiddellijk met een “Grammar” voorzien moeten worden. “Mijn zoon moet *grammaticaal* Hollandsch leeren spreken en schrijven.” Herhaalde malen hoorde ik deze uitdrukking bezigen. “Grammaticaal Hollandsch schrijven” - zeer goed; niemand zal het wenschelijke en noodzakelijke daarvan ontkennen, doch “Grammaticaal Hollandsch spreken” - bah! Ik schroom niet om hem, die dit doet, een grooten pedant te noemen. Welk Hollander, of wie, die het Hollandsch goed verstaat, zal ooit zijn vriend komen vertellen: “Ik heb het huis *des* bakkers gekocht; zullen wij *hetzelve* gaan bezichtigen?” Of: “Hebt *gij* reeds aan *uwen* oom, *den* notaris, geschreven?” Ik herhaal, dat wie *zoo* spreekt, zich slechts bespottelijk maakt in de oogen van ieder beschaafd mensch. De naamvallen *des, der, den*, de afschuwelijke woorden *hetzelve, dezelve, deszelfs*, enz., het voornaamwoord *gij*, warden *nooit* in een gesprek tusschen personen van ontwikkeling en smaak gehoord. De naamvallen verdwijnen zelfs langzamerhand uit de schrijftaal en de beste schrijvers gaan hierin voor. Het voornaamwoord *gij* is in gemeenzamen stijl vervangen door *jij* of *je*, en in een deftig gesprek gebruikt men *u*, met het werkwoord in den 3den persoon: dus niet: U *hebt* gelijk, maar “U *heeft* gelijk”; niet: “U *waart* niet te huis”; maar U *was* niet te huis.’

Ons wi l en hoef hier ni veul by te voeg ni. Alleen dit. Wi is nou di manne van agteruitgang en wi di manne van vooruitgang? Di wat ver ons 'n skryftaal wil opdring wat glad apart is van onze spreektaal, in gen lewende gemeenskap daarmé staan ni, en dos altyd verder daarvan afgaat? Of ons wat onse skr yftaal wil inrig na di vorm van di lewende spreektaal, om altyd in lewendige gemeenskap met di volksontwikkeling te bly? (Vergelyk Stelling 39).

Stelling LII en LIII.

Di gesonde reel: ‘Skryf soos jy praat’ het di voorstanders van di Afrikaanse taalbeweging trou gevolg; en di boeki ‘Di Eerste

> **Beginsels van di Afrikaanse Taal**' het di bewys gelewer hoe maklik onse taal onder reels te bring is. - Taalreels van 'n ander taal te ontleen en an 'n landstaal op te dring is 'n verswarende en knellende juk. Mar so is vele vorme van di Romaanse tale opgeneem in di Taalkunde van di Germaanse tale, byv. in Hollans. Di juk goi Afrikaners nou eenvoudig weg en groei ongehinderd op in di vrye natuur.

Dat di Germaanse tale, deur ni di gesonde reels neergeleg in Stellinge 5 en 51 te volge ni, mar 'n taalkunde te maak van di Latynse en daaruit afstammende Ro m aanse tale, 'n menigte vorme wat ni an di tale eie is ni, en werkelik oek ni in di spreektaal bestaat ni, oergeneem he t , is o.a. duidelik angetoon deur Roorda, in *Schrijftaal en Spreektaal*, bl. 6, 7, 64, 65. So oek met 'n boel klankonderskeidings wat in di spreektaal ni meer bestaan ni, soos angetoon deur P. in *Z.A. Tijdschrift*, No. 46.

Dr. Mielck seg tereg, wat Hollans angaat, in Syn meer angehaalde Redevoering (*Volkstaal* I, bl. 15): -

'Ook heeft de schrijftaal z i ch nog van vele invoegsels en aanwassen, ontstaan door Latijnsche en andere vreemde beschaving, te ontdoen, tot den bouw van haar proza op den eenvoudigen vorm eener Nederduitsche vertaling gelijkt.'

Watter nadeel dit op di verstand uitgeoefen het gé Julius de Geyter an in syn Voorrede tot syn *Reinaert-de-Vos*, o.a. bl. X: -

'In de laatste tijden heeft menigeen het gevoeld en zich op het metrum toegelegd. Terecht is men bij de Grieken te leeren gegaan; maar ten onrechte heeft men ze nagebootst; stellig kunnen wij in 't Nederlandsch b.v. zeer goede hexameters bouwen; maar stellig ook mag een vreemde taal ons hare dichtwetten niet opdringen: ons schoonheidsgevoel moeten wij zoeken en ontwikkelen in ons zelven; onze vormleer moet voortvloeien uit den aard eener eigene taal... En waarlijk, wij zijn wel verwaand, als wij denken, dat onze stam met zijne taal niet doet wat andere stammen met de hunne verrichten: het nieuwe scheppen, het oude verlevendigen, alles beeldrijk en zangerig overleveren van geslacht tot geslacht!'

Vergelyk verder wat geseg is onder Stelling 15.

Dis veral in di o'erneming van di verbuigings van di naamwoorde en in di vervoegings van di werkwoorde, wat haas alle Germaanse tale 'n vorm o'ergeneem het uit di Latynse taalkunde wat werkelik in di tale ni bestaan ni. Di '*Di Eerste Beginsels van di Afrikaanse Taal*' het di grondslag geleg ver 'n suiwere Afr kaanse Taalk u nde na di aard van di spreektaal. Ons neem hiir o'er di anmerkings juis op di 2 punte (Twede Druk, bl. 4, 10, 12): -

'By di Naamwoorde praat hulle oek nog van NAAMVALLE in di taalkunde van ander tale, wat moet lat siin in watter betrekking 'n naamwoord gebruik word. En in di oue tale het hulle oek werkelik sulke Naam v alle gehad, sodat di woord in elke Naamval wesenlik anders verbuig word. Soos in Latyn het hulle ses Naamvalle en in elke Naamval is di lasste letters van di woord anders. Mar in di nuwe tale is di veranderde uitgange al meer en meer weggeval. Dan word di betrekking waarin so 'n woord staat, angewys met voorsetsels. Mar dis gen verbuigings ni, want 'n verbuiging moet 'n buiging of verandering an di woord selwers wees. Last ons nou 'n voorbeeld neem: -

Eerste Naamval: equ*us*, 'n pêrd.
Twede Naamval: equ*i*, van 'n pêrd.
Derde Naamval: equ*o*, an 'n pêrd.
Viirde Naamval: equ*um*, 'n pêrd.
Vyfde Naamval: equ*e*, o pêrd!
Sesde Naamval: equ*o*, deur 'n pêrd.

Hiiruit siit ons nou duidelik dat di Latynse woord *equus* in elke Naamval 'n ander uitgang het, mar ons woord *pêrd* blyf mar altyd *pêrd;* en so is dit in di meeste nuwe tale, en daarom is dit niks as pure gekheid om van Naamvalle te praat. Di Hollanse taal het nog iits daarvan o'ergehou, soos: -

Twede Naamval: eens paard*s*, van 'n pêrd.
Derde Naamval: eenen paard*e*, an 'n pêrd.

Mar Afrikaans, Engels, Frans, ens. het glad gen verbuiging van di Naamvalle an di woord self oergehou ni. Nou gebruik di ander tale wel nog konsuins di Naamvalle en noem dit verbuigina omdat hulle taalkunde na di Latynse gemaak is. Mar dis niks anders as 'n lege en onnodige vorm. Want hulle verbuig tog ni di Naamwoorde self ni, mar hulle sit mar net di voorsetsels voor di woorde. En op di maniir kan hulle wel honderd Naamvalle maak, deur mar idere maal 'n ander voor-

setsel voor di naamwoord te sit. Daarom laat ons di gekheid, om verder te praat van Naamvalle, mar glad en al staan.

In di taalkunde van ander tale praat hulle oek van *wederkerende* en *onpersoonlike* werkwoorde. Mar in Afrikaans, Engels, en di meeste nuwe tale bestaat dit in di vervoeging van di werkwoord self ni. Soos of ek sê: Di vrou *was haar kind* (bedrywend o'ergaande) of: Di vrou *was ver haar self* (wederkerig); di werkwoord *was* is mar net eenders.

In di taalkunde van ander tale gé hulle by di werkwoorde gewoonlik viir maniire van vervoeging op: onbepaalde, antonende, anvoegende, en gebidende. Mar in di vervoeging self bestaat mar eientlik twé manire: onbepaalde en bepaalde.

Di persone maak by ons gen verskil an di vervoeging van di werkwoord self ni; sodat di persone hiir eintlik ni te pas kom ni. Mar ons gé dit daarom mar an, omdat di mense daaran gewend is in ander spraakkunste. Mar by di voorbeelde gé ons mar net di eerste persoon an.'

Ons plan is: so gou as ons tyd kry di Eerste Beginsels tot 'n Taalkunde te bewerk vollens di beginsels in di Stellings ontwikkel. Dan sal dit blyk hoeveul eenvoudiger en doelmatiger onse Taalkunde op di maniir (in o'ereenstemming met di spreektaal) is.

Viir-en-vyftigste stelling.

> **Deur Afrikaans te beoefen as skryftaal, goi ons di Hollanse letterkunde ni weg ni; di Afrikaner wat goed syn eie taal kan lees en skrywe, sal met meer vrug Hollans lees as di wat dit ni kan ni. Sodra ons 'n eie letterkunde het, waarin sig ons nasionale bewussyn afspigel, toon ons 'n nasionale ontwikkeling kragtig genoeg ver 'n eie beskawing. Mar solank as ons by Holland ter mark moet gaan ver geestes-produkte en alles daar moet gaan leen, praat ons verniit van eie nasionaliteit.**

In meergenoemde Voorlesing, bl. 84, seg Hoofregter De Villiers: 'Hoe verbaster Kaaps-Hollans oek is, meen ek, dat wi genoeg geleerd is en verstand het om dit te lees en te verstaan, oek in staat sal wees om taalkundig Hollans te begrijp.' Hiermé stem ons ni alleen in ni, mar ons gaat 'n stap verder: di wat goed Afrikaans ken sal beter Hollans kan lees as di wat

dit ni goed ken ni. Reeds het ons geseg (onder Stelling 48): ons standpunt is ni dat di Afrikaners glad gen Hollans verstaan ni; mar dis ni genoeg ni; ons wil 'n taal hê om ons eie volkslewe in uit te druk as skryftaal sowel as spreektaal. Dat ons 'n eie letterkunde moet en sal kry het ons oek reeds behandel onder Stelling 47.

'n Eie Litteratuur is meer as wenselik, is onmisbaar, onder andere om di vollende redes: -

a) Ons kinderwereld is anders, kinderspele is anders, sodat di menigte skoolboekiis en leesboekiis in Hollans ver onse kinders onbruikbaar is, om ni eens te praat van andere betekenis van woorde ni, soos di Hollanse woord ver *kat*, wat so dikwils voorkom in Hollanse kinderwerke.

b) Ons jaargetye is anders, ons boerdery is anders, heel onse landaard is anders. Dit geld selfs onse Evangel. Gesange, neem byv. Ges. 165 en 166. Ges. 174 en 175 kan amper nooit bij ons voorkom ni.

Afrikaans onse Bybeltaal.

> ‘Bij al zijne leerredenen maakte Jezus gebruik van de Volkstaal, gelijk hij die geleerd had in den dagelijkschen omgang met het volk te Nazareth en op zijne vele reizen, en dit was juist een der uiterlijke oorzaken, dat zijne leeringen zulk een diepen indruk maakten, en het volk verwonderd uitriep: Hij leert als machthebbende en niet als de Schriftgeleerden.’ - Schneller.

En hulle werd almal vol van di Heilige Gees en begin te praat in andere tale, soos di Gees hulle laat praat. - En daar het te Jerusalem gewoon Jode, vrome manne uit alle volke onder di hemel. - En toen di geluid gehoor was, kom di menigte same, en werd ontroerd; want elkeen hoor ver hulle praat in syn eie taal. - En hulle was ontsteld en verbaasd en seg onder makaar: ‘Kyk, is dit wat daar praat ni almal Galileers ni? - En hoe hoor ons hulle dan elkeen in ons eie taal, waarin ons gebore is?... Ons hoor ver hulle in onse tale di grote werke van God vertel’. - Hand. 2: 4-8, 11.

Vyf-en-vyftigste stelling.

> Di Bybel is by uitnemendheid 'n volksboek, oorspronkelik geskrywe in di volkstale.

Gen protestant sal tog veel daaran denk om di Stelling te betwis ni. Di Roomse kerk ken mar net an di Latynse Vertaling (Vulgaat) di eenige gesag toe, en beperk di gebruik van

di Bybel tot di Vertaling. (Konsili van Trent, IV). Mar alle Protestantse kerke het sig nog steeds uitgespreek ten gunste van di Bybel en di Godsdiins in di Volkstaal. Daarvan meer as ons Afrikaans behandel as Kerktaal.

Daar word teenswoordig sterk geywer teen di Roomse kerk. Mar in di teenstand teen 'n eerlike Bybelvertaling (vollens di grondteks) in onse Volkstaal, is 'n Roomse suurdeeg wat wel in di eerste plaag moet uitgesuiwer worde. Dit sal onse Protestantse predikante dan oek wel doen.

Ons gaat hiir ni in 'n uitvoerige bewysvoering ver di stelling ni. Ons neem net oer uit 'n skrywing van di genootskap van Regte Afrikaners di 9 eerste Redene wat hulle opgé ver 'n vertaling van di Bybel in onse volkstaal. (Di Bybel in Afrikaans: 3 proewe, bl. 19): -

1. Omdat Gods woord 'n *volksboek is*; Mat. 11:25, 26; 1 Thess. 5:27.

2. Omdat hy oorspronkelik grotendeels in di *gewone volkstaal* geskrywe was; en ver alle stande met gelyke reg bedoeld is;

3. Omdat hy in di eerste plus ver *Gods volk* is, en di meesal onder di eenvoudige en minder bedeelde is Mat. 11:25, 26; 1 Kor. 1:26, 27;

4. Omdat hy gegé is om te *lees* Jes. 8:20; Joh. 5:39; Openb. 1:3; en om te *geniit* as di *lewensbrood*; Ps. 81:17; Mat. 4:4, en 'n menigte in ons land dit ni *kan* ni, omdat hulle di Hollanse taal *ni verstaan* ni;

5. Omdat *alle* tale erken word in di Bybel en in di Hemel; Hand. 2:11:1 Kor. 12:10, 11; Openb. 5:9;

6. Omdat di Evangeli in *alle* tale moet verkondig worde Mat. 28:18, 19; Openb. 14:6;

7. Omdat di tyd, waar ons in lewe dit *noodsaaklik* maak: 'n menigte *verklarings, verbuigings* en *veranderings* in en oer di Bybel maak syn ronte op di aarde as halwe- en dwaalligte, daarom moet di Lamp, Gods Woord, so helder as kan wees, ver elkeen ontsteek worde; Col. 2:22, 23; Mark. 7:7; 2 Pet. 1:10; Jes. 1:20;

8. Omdat Gristus en di Apostele by voorkeur, ten behoewe van di eenvoudiges, gebruik gemaak het van di Griikse o'ersitting van di Bybel en daarmé di vertaling volkome regvèrdig;

9 Omdat op di Pinksterdag di Heilige Gees gebruik gemaak het van di *geboorte* tale van di wat daar teenwoordig was; Hand 2:8.

Ses-en-vyftigste stelling.

Di Bybelvertaling was by di meeste volke di middel om di volkstaal tot meerdere ontwikkeling en eenvormigheid te breng.

Wat di Lutherse vertaling gedaan het om eenheid in di Duitse skryftaal te breng onder so'n menigte dialekte; wat di Statevertaling gedaan het tot vorming en suiwering van di Hollanse taal; wat di Engelse vertaling ver di vasstelling van di Engelse taal wêrd was; - is genoeg bekend.

Mar wat molik ni genoeg bekend is ni, is di feit dat byv. Luther ver syn Bybelvertaling ni een of ander reeds beskrewe vorm van di Duitse taal uitgekiis het ni. Né, di reel wat hy gevolg het geef hy self op syn gewone duidelike en veelseggende maniir in weinige woorde. Ons haal hiirop an Aartsbisskop Trench (English, Past and Present, bl. 234): -

‘Watter gebruik Luther gemaak het van di volkstaal in syn vertaling van di Bybel het hy ons self vertel, en hiir is 'n geheim waarom dit 'n nuwe tydperk ver di Duitse taal gemaak het. Dit is syn woorde: 'n Mens moet ni di letters in di Latynse taal vra, hoe jy moet Duits praat ni; mar jy moet di moeder in di huis, di kinders op di strate, di eenvoudige man op di mark daarom vra, en hulle op di smoel kyk, hoe hulle praat.’

Net een opmerking nog: di Bybelvertaling sal meer doen as alle andere middele same om di skryftaal by ons tot een vormigheid te breng. Daarom temeer is dit 'n werk van so'n ontsettende gewig.

Sewe-en-vyftigste stelling.

Di Bybel is di beste volksbeskawer, en het veral ver ons volk bisondere waarde as volksboek.

Wat di oue Statebybel ver ons volk gedaan het blyk uit di Voortrekkers. Hulle het di woestyne ingetrek sonder predikante, sonder skoolmeesters, sonder boeke, sonder koerante...

Net di Bybel in di wakis. Daarmé is hulle onder di heidens ingegaan. En hulle is op so 'n hoge trap van sedelike beskawing gebly, dat di Kaffers vandag van di Boer ni anders praat ni as van '*di mens*.' Hy is mar 'di Kaffer,' di Engelsman is in syn taal mar 'di Engelsman'; mar di Boer is '*di mens*'! Ja, op 'n sedelike hoogte het di Boere gebly, waaran di Europeane wat daar nou kom, en wat mar al te gou sig te diip vermeng met di heidens, sig tot beskaming kan spigel! En wat het dit gedaan? Di oue Statebybel!

Mar waarom dan ni by di oue Statebybel gebly ni? Di verskillende redes hiirvoor is al dikwils blootgeleg, ons sal nou ni in uitvoerige herhaling verval ni, mar verwys na di Voorrede van di Bybel in Afrikaans, waaruit ons mar twe hoofpunte oerneem:

1. '*n Bybel in di Volkstaal is nodig ver onse gekleurde bevolking*: - omdat duisende bruin mense in ons land *gen ander* taal verstaan as Afrikaans ni, en dit dus ver hulle ni alleen *wenselik* mar *noodsakelik* is (of sal ons mar denk: 'Ben ik myn broeders hoeder?').

'Ons moet di Bybel in Afrikaans hê: -

omdat as di Afrikaanse taal bestaat, wat onbetwisbaar is, daar *net so min*, indien ni *minder*, bewaar kan bestaan om di Bybel daarin te vertaal as soveul inboorlinge tale di ons omring en in soveul onbeskaafde tale;

omdat di Satan sig meer en meer as 'n 'Engel des lichts' sal voordoen, di verleiding al fyner sal worde; 2 Kor. 11:13; 2 Tim. 3; en slegs deur di suiwere omgording van di wapenrusting des Geestes, Gods Woord, ontkoming mogelyk is, kyk di voorbeeld van di Heiland; Efese 6:10 - ens.; 2 Pet. 1:19;

omdat deur deskundige bewese is dat ons volkstaal heelwat gemeen het met Hebreeuws; en Suid Afrika, in nering en landbou ni alleen ni, mar oek in aardrykakundige en luggesteldheid, meer dan enig ander deel van di aarde, o'ereenkoms het met Palestina, en dit dus ni anders dan 'n *anwins* kan wees om di Bybel in di volkstaal te hê.

2. *Selfs ver onse blanke bevolking is di Statebybel ni genoegsaam verstaanbaar ni* (bl. 12): -

'Dat daar 'n menigte plekke in di Hollanse Bybel onverstaanbaar is ver onse algemene bevolking sal gen man van verstand en wat ke[nn]is van di saak het ontken ni. Kyk mar

di lys van *onverstaanbare woorde in di Bybel* in ons Almanak van vanjaar (1878); en dis mar 'n proef; daar is honderde meer. Dan van uitdrukkings, hoeveul Afrikaners verstaan di krag en betekenis, byvoorbeeld van ‘deze’ en ‘gene’ in di Bybel (byv. Hebr. 12:10). En hoeveul Afrikaners verstaan sulke uitdrukkings as: ‘eenen dorschenden os zult gij niet muilbanden’ (1 Tim. 5:18) ‘zijn rieken zal zijn in de vreze des Heeren’ (Jes. 11:8) - ‘olie tot den luchter’ (Ex. 25:6), ens.’

Dan moet ons hiirby ni vergeet ni, dat deur di groei van onse taal (soos reeds angetoon is) onse volkstaal al verder gaan van di taal van di Statebybel af, sodat dit ver ons al minder verstaanbaar word. Mar di hoofsaak blyf: ons het di *hele* Bybel nodig; elke woord in di Bybel wat ons gebruik moet ver ons verstaanbaar wees. Ni een vers van di Bybel mag toegesluit bly, omdat di taal waarin dit gedruk is ni volkome verstaanbaar is ni.

Di maniir waarop so'n Bybelvertaling moet gemaak en vasgestel worde kom natuurlik hiir ni an di orde ni.

Stelling LVIII, LIX.

> **Di geskidenis leer dat byna by elke nasi, wat di Bybel in syn taal gekry het, 'n sekere mate van geestelike opwekking en sedelike veredeling plaas gevind het, - seker 'n bewys van goddelike goedkeuring van Bybelvertaling in alle tale. - Ons land het veul o'ereenkoms met Palestina, daarom sal di Bybel in Afrikaans ver ons veul verstaanbaarder en kragtiger wees.**

Stelling 58 is gegrond op algemene bekende historise feite en behoef dus gen uitvoerige bewyse ni.

Mar Stelling 59 verdiin enige toeligting.

Non kyk vereers Palestina is 'n bergagtige land nes Suid Afrika, daarom is onse taal oek veul geskikter om di menigvuldige bybelse woorde en uitdrukkings terug te gé as Hollans, omdat di Hollander op 'n platte land woon en dus mar min

woorde in gebruik het ver di gedagte van hoogte en laagte: So, staan in di Statevertaling di woord *berg* ver 4 Hebreeuse woorde, *heuwel* oek ver 4, *rots* ver 5, en *hoogte* gansegaar ver 18 Hebreeuse woorde; an di ander kant staan *dal* en *vallei* elkeen ver 4, *kloof* ver 5, en *laagte* ver 7 Hebreeuse woorde. Dus het di Hollanse vertalers mar 8 woorde gehad om 51 Hebreeuse woorde daarin te vertaal. Natuurlik geef di 8 woorde ni al di verskeidenheid terug wat di 51 Hebreeuse woorde uitdruk ni. Mar ons het onder Stelling 24 ni minder as 118 woorde gegé waarin ons seker is dat di fijnste gedagtes van di 51 Hebreeuwse woorde maklik kan terug gegé word.

Mar so is daar verskillende punte waarin di Afrikaner beter di bybelse woorde en terme sal kan terug gé as di Hollander. Byv. di aartsvaders het 'n swerwende herderslewe gely en het in tente gewoon nes onse voortrekkers; daarom het ons oek daarin meer verskeidenheid van woorde en uitdrukkings. Hiir moes di Hollander al weer met een woord *leger* 4 Hebreeuse woorde vertaal, en di werkwoord *legeren* oek ver 4 Hebreense woorde: waar di Afrikaner met woorde soos *lager, kamp, lêplek, tent opslaan, lager trek, inkamp*, ens., di Hebreeuse woorde veul beter sal kan vertaal.

Iits anders, Holland is 'n waterryke land. Daarom het hulle met di enkele woord *riviir* 6 Hebreeuwse woorde vertaal, waar di Afrikaner met 'n land vol *rivire, spruite, waterloge, slote*, ens. veul beter di oorspronkelike mening kan uitdruk.

In verband hiirmé het ons opgemerk dat di Hollanse vertalers ni minder as 7 Hebreeuse woorde vertaal met di woord *droogte*, omdat hulle in Holland ni verstaan wat droogte is, soos in Palestina en Suid Afrika ni. So kon blykbaar di berymer van Ps. 42 ni di betekenis vat van di woorde: ‘gelyk een hert schreeuwt naar de waterstroomeo, alzoo schreeuwt mijne ziel tot u, o God!’ Daarom voeg hy daar wat in, wat di hele krag en betekenis wegneem deur dit te berym:

> ‘'t Hygend hert, de jagt ontkomen,’ ens.

Nou di woorde ‘de jagt ontkomen’ is ingelas, omdat di digter in Holland sig ni kan begryp hoe 'n hartbees van dors na water kan skré ni anders as omdat di jagter hom lank rondgeja het, want anders Holland is vol water; hy kon mos oral suip.

Mar dis ni di gedagte van di psalmis ni. Né, Ps. 42 word nader verklaar deur Ps. 63 en daar heet dit: ‘mijne ziel dorst naar U in een land, dor en mat, zonder water.’ Ons ken hiir in Suid Afrika wel sulke streke, waar di arme hartbees dors en skré na water, sonder dat di jagter hom moeg geja het. En dis di toestand waarin di siil van di Psalmis blykbaar verkeer het.

Voorbeelde van di aard sou ons kon vermenigvuldig. Dog genoeg tot opheldering van onse stelling.

Afrikaans ons Skooltaal.

> ‘Di sorg ver di Volkstaal beskou ek as ten alle tye 'n heilige toevertroude pand en 'n allerbelangrikste voorreg van di hogere stande van di maatskappy. Elke man van opvoeding is verplig om dit tot voorwerp te maak van syn onafgebroke belangstelling, ten einde syn taal suiwer en volkome te bewaar, dit te praat, so vèr as dit in syn vermoge is, in al syn mooiheid en volkomenheid..... 'n Nasi, waarvan di taal ruw en barbaars word, moet op di rand van barbaarsheid wees met betrekking tot alle andere dinge. 'n Nasi wat toelaat dat syn taal tot niit gaan, verliis di beste helfte van syn verstandelike onafhankelikheid, en verklaar syn gewilligheid om op te hou met bestaan.’ - Schlegel, Gesch. der Litter., 10de Voorlesing.

Stelling LX, LXI.

> **Di moedertaal is di ware middel om di geesvermo'ens van kinders te ontwikkel, veral by onderwys. - 'n Vreemde taal as skooltaal in te voer is geesdodend, maak di kinders tot ape; leer hulle net om memori-lessiis na te praat.**

Di 2 stellinge is oek so algemeen erkend, dat dit net nodig is om dit uit te spreek. Laat imand na England gaan en ver

hulle daar gaan vertel: ‘Julie moet julle kinders eers Hollans laat leer en dan deur middel van Hollans hulle eie taal en andere leervakke.’ Of laat imand ver di Franse gaan wys maak: ‘Julle moet ni julle kinders deur middel van hulle moedertaal onderwys ni. Né, hulle moet eers Duits leer, en dan kan hulle in Duits di Franse taal leer.’ Of laat hy ver di Duitsers gaan leer: ‘Julle moet julle kinders eers Frans laat leer en dan verder laat onderwys deur middel van Frans’...

Wat denk julle sal di man syn lot wees? Regtig, hy gaat na di gekhuis toe!

En hiir is 'n menigte wat ver ons vertel: ‘Julle moet julle kinders eers Engels (of Hollans) laat leer, en dan deur middel van di taal - wat? - hulle eie taal leer? - Né, dit mag hulle gaarni! - Né, deur middel van di vreemde taal kan hulle alle andere wetenskappe leer!’

En di mense word ni na Robben Eiland toe gebreng ni!....

Mar nog erger, gaan vertel ver di Engelsman - ‘Jy moet mar jou kinders Hollans laat leer: Engels kom van self.’ Of ver di Fransman: ‘Jy moet mar jou kinders Duits laat leer, Frans ken hulle van self.’ Of ver di Duitser: ‘Jou kinders moet mar Frans leer, Duits ken hulle mos.’

Wat denk julle sal di man syn lot wees? - Hy kom ni met di gekhuis daaraf ni!

En hiir het ons dit al so dikwils gehoor: ‘Laat di kinders mar Engels leer; Hollans kom vanself! of Afrikaans is ni nodig ni; di ken hulle mos; laat hulle mar Engels en Hollans leer.’

En di mense wat so praat gaan ni alleen ni na Robben Eiland toe ni. Mar bly onse professore, predikante, en skoolmeesters?...

En wat is non di gevolg van onse kinders eers 'n vreemde taal te laat leer en dan later daarin verder te onderwijs? Oek in di opsig meen di skrywer reg te hê om saam te praat. Hy het 6 jare ondervinding gehad van skoolwerk as Superintendent van Onderwys in Transvaal, waar hy meteen di skole moes inspekteer oek. Daarby het hy gedurig, sowel voor as na di tyd, kennis geneem van di onderwys in di Vrystaat, Kaapkoloni en Natal, en dit weer vergelyk met di

praktise toepassing van verskillende sisteme in Europa, deur persoonlik verskeie leerinrigtings, lage sowel as hoge, te be soek. Bowediin het hy di laaste 10 jare sig daarop toegelê om di vernaamste Hollanse, Engelse en Duitse boeke o'er opvoedkunde te lees.

En syn bevinding, wat di onderwys van onse kinders deur middel van vreemde tale betref, kom korteliks hiirop neer: -

dat onse kinders wat natuurlik verstand angaan eer voor as agter is ver Europése kinders in algemeen;

mar dat hulle baing tyd verloor op di maniir (soos ons verder sal antoon onder Stelling 62);

en di ergste is nog, dat hulle van begin af moet leer wat hulle ni verstaan ni, dus an memori-lessiis gewend word, en dus op laas ver hulle verbeel as jy mar veul *ken*, al *verstaan* jy dit ni goed ni, dan is jy 'n geleerde man.

Di gebruik van tale wat inderdaad ver di bevolking vreemd is, in di publike lewe, in Kerk en Staat, sowel as op skool, het ni alleen op ons skooljeug ni, mar op ons hele bevolking 'n uiters nadelige invloed uitgeoefen. Laat ons predikante byv. onpartydig getuig. Di mense kom uit di Kerk uit en sê: ‘Hoor, dit was 'n mooie preek!’ Mar vra nou ver hulle uit *hoeveul* hulle daarvan *verstaan* het, dan sal jy verbaas staan. Di mense lees 'n boek en sê: dis mooi; mar ondersoek tog hoeveul hulle werkelik daarvan begryp, dan sal jy tot insig kom van di kwaad. Skrywer hiirvan het dikwils byv. kinders uit di eerste klas van gewone lagere skole 'n hoofstuk uit di Bybel, of 'n stuk uit di Volksleesboek, laat lees en dan agterna gevra: *wat* hulle nou gelees het, en *wat* di betekenis van sommige woorde en uitdrukkings is; mar dan moet jy verbaas staan om te siin hoe min di kinders verstaan!

Di feit is: deur di gebruik van vreemde tale leer ons bevolking van jongs af om alles wat ‘geleerd’ is òf glad ni te verstaan ni, òf hoogstens mar half te begryp! Sodat ver di grote menigte 'n preek, of 'n voorlesing, of 'n stuk mar net heeltemal of halfpad onverstaanbaar hoef te wees om dit te laat bewonder as o so *geleerd*.

Laat elkeen wat met onse volksontwikkeling praktiis te doen gehad het hiir getuig, onpartydig getuig of ons ni reg het ni!

‘Geesdodend’ ja is dit om 'n volk deur middel van 'n vreemde taal te onderwys. Mar as di arme kind dan eers *twe* vreemde tale moet leer voor hy tot di ware verstand en kennis kan kom, is dit dan 'n wonder, dat *geleerdheid* ver hom lewenslang gelyk staat met 'n vreemde, onverstaanbare wereld!...

Mag dit, kan dit 'n dag langer so bly? Sal ons langer toelaat dat onse skole moordenaarskuile bly waar di gees van ons kinders gedood, vermoord worde, in plaas van ontwikkel, opgeskerp, en sterk gemaak?

Wi durf sig noem 'n volksbeskawer wat met di geestesmoordery samewerk!...

Afrikaners, wil julle langer duisende ponde al jare betaal om di geesvermogens van julle kinders te laat versmoor en uitdoof deur vreemde tale, sodat di vreemdelinge ons altyd kan o'erheers? Ons wag op julle antwoord!

Stelling LXII, LXIII.

> **Dit sal veul makliker wees om ons kinders eers hulle eie taal te leer en dan daarin verder te onderwys. Op di maniir sal hulle in 1 jaar meer leer as nou in 3, nou hulle eers 'n vreemde taal moet leer, om dan verder daarin onderwys te ontvang. - Veral Hollans is ver 'n Afrikaner 'n onleerbare taal. Van 1000 Afrikaanse kinders wat Hollans leer op skool, is skaars 1 wat goed Hollans ken, om dit maklik te kan spreek en suiwer te kan skrywe.**

Stelling 62 is al weer so duidelik dat ons dit ni nodig ag daar meer o'er te sê ni. Mar as imand twyfel laat hy dan 'n eerlike proef neem. Laat hy 2 kinders neem van omtrent gelyke ouderdom, gelyke verstand, en wat eweveul ken. Ons is bereid om in so'n proef deel te neem, hoewel ons gen twyfel het omtrent di uitslag ni.

Mar in Stelling 63, en meermale, het ons Hollans 'n *onleerbare* taal genoem. Ons het ons verstout om te sê dat uit 1000

kinders, wat Hollans leer op skool, skaars 1 is wat goed Hollans ken om dit maklik te kan spreek en suiwer te kan skrywe.

Wel hiir mag dit di skrywer wel weer toegelaat worde om iits uit syn eie ondervinding te vertel. En dan begin hy met hom self. Wel hy leer nou al Hollans van syn kindse dage af; hy leer dit nog al dag; en tog skaam hy hom ni om hiir openlik te erken, *dat hy ni goed Hollans ken ni!* As daar ooit 'n Afrikaner moeite gedaan het om Hollans te leer, dan is dit hy. As ooit 'n Afrikaner goeje Hollanse onderwysers gehad het, dan is dit hy. As daar ooit 'n Afrikaner baing met Hollanders omgegaan het, dan is dit hy. As daar ooit 'n Afrikaner baing in Hollans geskrywe het, dan is dit hy. *En tog ken hy vandag ni goed Hollans ni!*

Hy ken net soveul Hollans om te kan oordeel, dat hy dit ni goed ken ni; om te kan siin, dat andere geleerde Afrikaners dit oek ni ken ni; ja, dat heel weinige Hollanders (skaars 1 uit di 100) hulle eie taal goed ken. Hy het nog ni 'n Afrikaner gehoor wat altyd suiwer Hollans, sonder 'n fout, spreek ni, selfs ni op di preekstoel ni. Hy het nog mar min Hollans gelees wat deur Afrikaners geskrywe is waarin hy ni foute opgemerk het ni. Ja, hy het 'n menigte briwe gesiin van beskaafde Hollanders self, hiir en in Holland, wat ni vry is van taalfoute ni.

Om 'n sprekende voorbeeld te gé! Laas met uitkom van Europa skryf ons 'n stuk ver di pers o'er Bye-kultuur. Daarin kom toen enige min gebruikelike Hollanse woorde voor, waarvan ons di geslagte ni geweet het ni, en ons had gen woordeboek by di hand om dit op te soek ni. Mar daar was 'n Hollanse Professor van Amsterdam op di skip. Ons vra hom om ons tog di geslagte van di paar woorde te sê. Hy kon ni; en verklaar ons toen, dat hy self nog menigmaal di geslagte van woorde in 'n woordeboek moet opsoek!

Nouwel, wat moet ons nou onse arme kinders moor om so 'n *onleerbare* taal te leer?...

Molik seg imand: di skrywer hiirvan is dan oek mar dom as hy ni eens Hollans kan leer ni! Goed, ons het daar vrede mé. Mar dan sal daar wel meer sulke domme wees in ons land!

En di vraag is hiir ni: Kan 'n enkele Afrikaner, sê mar 1 uit 1000, dit so vèr breng dat hy goed Hollans ken ni? Mar, is Hollans 'n bruikbare taal ver ons as skooltaal? En dan moet elke onbevooroordeelde erken: *Né*!

Neem nou mar net di kwessi van di geslagte. Daarop neem ons o'er uit 'n ni-gepubliseerde beoordeling van Professor van der Tuuk syn Hollanse Spraakkuns: -

'Ons het altyd jammer ver enige Hollanse taalgeleerde as hy o'er di lamlendige *geslagte* begin. Bilderdijk kon net so min daarvoor afdoende reels gé as Johnson ver di uitspraak van di Engelse taal, - eenvoudig omdat dit onmolik is. Wel, di skrywer wy 9 bladsye an di geslagte. Hy gé 8 reels ver di *manlike* geslag, mar dan met 5 lyste van uitsonderings; 13 ver di *vrouelike*, natuurlik oek met 'n genoegsame voorraad uitsonderings om di reel te bevestig; en dan 9 reels ver di *onsydige;* en dan nog, as toegif, 8 reels of lyste van woorde wat meer as een geslag het. En as di arme leerling dit nou alles in syn kop het, dan kry hy ten slotte di anmoediging: 'N.B. Deze lijst zou nog kunnen vermeerderd worden met een aantal dergelijke woorden, doch de bovenstaande zijn het meest in gebruik. Er zou verder nog veel te zeggen zijn over de geslachten, maar het gegevene achten we genoeg. Herhaalde oefening en groote opmerkzaamheid zijn de voorwaarden om langzamerhand thuis te raken in de geslachten der woorden.' Armsalige troos! Al ken jy al di reels, dan is jy tog ni veul verder ni. Mar hoe kan 'n mens oek op sulke reels gaan. Behalwe al di uitsonderings is di reels self so onbestemd. Amper di helfte van di reels lui: 'De *meeste* woorden op'..... 'De *meeste* namen van'... 'Een *zeer groot aantal* van'... '*Zeer vele* stammen van werkwoorden'... 'Stammen van werkwoorden zijn *meestal*'... '*Vele* woorden op'..... 'De *meeste* namen op'..... Wat breng dit di arme leerling nou verder dat hy weet *vele* woorde, wat so of so uitgaat of afgeleid is, is manlik, of vrouelik, of onsydig? Mar *watter* vele, en *watter ni?* Dan moet hy dit eers weer almal gaan leer. So kom dit eientlik daarop neer, dat jy tog mar van elke woord apart deur gebruik moet weet watter geslag dit is, of dan mar altyd weer jou woordeboek moet gaan naslaan, wat Hollanders self dan oek nog dikwils moet doen. Wat 'n segen dat ons di onredelike en onnuttige boel weg gesmyt het!...

Gen wonder dat di skrywer sê: 'Er zou een dik boek vol te schrijven zijn *alleen* over de geslachten der Znw. Maar dit zou niet helpen.' Tog het hy 'n goeie raad. Een ding moet hulle goed onthou: '*De* MEESTE ZNW. *in het Hollandsch* ZIJN MANNELIJK; *er zijn* VEEL MINDER VROUWELIJKE *en* NOG MINDER ONZIJDIGE *dan vrouwelijke woorden*.'

Ja, dis van groot belang om dit te weet. Di geleerde Professor het dit nog wel enkel en dubbel onderstreep. As 'n man weet dat di *meeste* woorde mannelik, *minder* vrouelik, en di *minste* onsydig is, - dan is hy al 'n hele end gevorder!'

Nou kom hiir nog in anmerking di rigting van di wat 'n eenvoudige Hollans ver ons hiir in Suid Afrika wil *maak*. Sal dit dan ni gaan ver skooltaal ni?

Wel, ons het di *gemaakte* taal nog ni gesiin ni. Dit is nog ní gemaak ni; en sal oek wel nooit gemaak worde ni.

Mar neem net di vollende 3 punte, om di taalmakers tot besinning te breng. Sal hulle di onderskeiding van geslagte, di verbuigings van di naamwoorde, en di vervoegings van di werkwoorde behou? Indien *ja*, dan sal di gemaakte taal ver ons

net so onbruikbaar wees as Hollans; want di enkele mindere puntjiis van vereenvoudiging sal meer verwarring as vergemakliking anbreng. Indiin né, dan is dit ni langer Hollans ni; laat hulle dan mar liwers eenkeer Afrikaans neem.

Stelling LXIV en LXV.

> **Ons meeste kinders het so min tyd om skool te gaan, dat hulle net genoeg van Hollans en Engels leer om dit weer te vergeet, sodat hulle eientlik niks ken ni, terwyl as hulle di tyd in hulle moedertaal onderwys ontvang het, hulle heel wat nuttige kennis kon opgedaan hê ver hulle latere lewe. - Di Hollanse leerboekiis is ver onse kinders glad ongeskik. Ons moet 'n eie stel leerboekiis kry in ons eie taal.**

Stelling 64 is soseer di ondervinding deur heel Suid Afrika, dat ons daar heel weinig hoef by te voeg. Onse enigste anmerking hierby is eientlik meer 'n aparte stelling wat hiiruit volg: -

As ons op di maniir vortgaan, dan sal ons hiir in Suid Afrika naderhand twé klasse kry, van heeltemaal geleerde, en heeltemaal ongeleerde mense, in plaas van 'n gesonde volksontwikke-

ling. Enkele wat di tyd en di [...] di vreemde tale (Hollans en Engels) baas raak en dan is hulle oek al op so 'n hoogte dat hulle maklik andere wetenskappe daarby kan neem. Mar di menigte leer net so veul van di vreemde tale, verbeusel hulle korte skooltyd daarmé, en dan ken hulle naderhand wesenlik niks.

'n Algemene ontwikkeling van di volksgees kan net in di Volkstaal plees vinde. Ag, kon ons tog almal, veral onse teenparty, dit inprent!

O'er Stelling 65 het ons eientlik al gehandel onder Stelling 46. Ons erken dat di voorstanders van Afrikaans oek nog agter is. Mar terwyl ons hulle oproep tot verdubbelde ywer vra ons di teenparty: Help ons; of so ni, moet onse sware taak ni nog swaarder maak deur teenstand ni. Ons sal net nou skoolboekiis uitgé en Afrikaans in onse skole begin te laat leer. Moet ons tog ni hinder ni!

Afrikaans ons Kerktaal.

Taceantomnes peregrinae linguae in coetibus sacris. Omnia proponantur linguâ vulgari et quae eo in loco ab hominibus in coetu intelligatur. - *Conf. Helv.* II. *c*. 22.

Laat alle vreemde tale swyg in di godsdiinstige vergaderings. Laat alle dinge voorgedra worde in di gewone spreektaal en wat verstaan word in di vergadering deur di mense van di plaas.

Precamureâlinguâ, quam nostri, ut par est, omnes intelligant, ut populus, quemadmodum Paulus monet, a communibus votis utilitatem communem capiat, quemadmodum omnes pii patres et catholici episcopi, non tantum in veteri, verum etiam in novo testamento, et precati sunt ipsi et populum precari docuerunt: ne, ut Augustinus ait, tanquam psittaci et merulae videamur sonare, quod nescimus. - *Conf. Angl.*, p. 122.

Ons bid in di taal, wat al ons mense ewe goed verstaan, opdat di volk, vollens di vermaning van Paulus, uit gemeenskaplike gebede gesamelike nut mag trek, soos alle vrome vaders, en Katholike opsiners, ni alleen onder di Oue, mar oek onder di Nuwe Testament, sowel self gebid het as di volk geleer het om te bidde: opdat ons ni, soos Augustinus sê, nes papegaaie en spreeuws (meerles), lyk nes ons geluide maak wat ons ni verstaan ni.

XXIV. - *Of speaking in the Congregation in such a Tongue as the People understandeth*.

XXIV. - *Dat men in de Kerk moet gebruiken een taal die alle verstaan*.

It is a thing plainly repugnant to the Word of God, and the Custom of the Primitive Church, to have

Het is zonneklaar strijdig met Gods Woord, en de gewoonte der eerste Kerk, openbare gebeden te hebben,

Public Prayer in the Church, or to Minister the Sacraments in a Tongue not understanded of the People. - Thirty-nine Articles.	of de Sacramenten in de Kerk te bedienen, in een Sprake den Volke onverstaanbaar. (Goedgekeurde Hollandsche Vertaling.)

Stellinge LXVI-LXXI.

> **Ons jonge predikante gebruik gen suiwer Hollans op di preekstoele ni. - Di kanseltaal is hiir nog enkel Hollans in vorm, mar Afrikaans in gees, so vêr as dit doel tref. - Ons kerkgaande mense verstaan o'er algemeen minder van Hollanse preke as erkend word. - By kinderpreke moet ons predikante tog Afrikaans gebruik, om di harte van di jeug te raak. - Ver sendingwerk onder ons kleurlinge is Hollans geheel ondoelmatig. - Dit sal ver verstand en hart van di grote meerderheid in ons gemeentes beter wees as lanksamerhand di kanseltaal sig hervorm na di spreektaal.**

Ons gé di laaste 6 Stellings same, omdat ons ni glo dat imand ernstig beswaar teen een daarvan sal maak ni, en 'n erkende saak is ni nodig te bewys ni.

Wat ons van meer belang ag, is om duidelik en di lig te stel, dat dit Rooms is om in di godsdiins vas te hou an 'n verouderde taal, wat di volk ni meer goed verstaan ni, terwyl di Protestantse Kerke almal di beginsel erken het, dat di Kerk di gewone spreektaal wat ver almal verstaanbaar is, moet gebruik ver alle godsdiinstige doeleindes. Ons haal daartoe an een getuigenis uit di belydenisskrifte van di Gereformeerde en twe uit di van di Engelse Kerk.

Di krag van di protestantse beginsel is dan oek so sterk gevoel, dat juis op onse preekstoele en godsdiinstige vergaderings di Hollanse taal al ongemerk so afgedaal het, dat party van di voorstanders van eenvoudig Hollans dit wil noem di *Kanseltaal*.

Mar watter taal sal dit nou afgé as elkeen mar di Hollanse taal op syn eie maniir vereenvoudig, eientlik verknoei! So

het ons byv. predikante van di preekstoel hoor bidde, in di Onse Vader: ‘Vergeef ons onze schulden, gelijk ook wij vergeven *onze* schuldenaren,’ in plaas van ‘*onzen* schuldenaren,’ sodat hulle eientlik vertel, dat hulle ni an hulle skuldenare vergeef wat di an hulle skuldig is ni, mar hulle vergewe met gif! As hulle eenkeer Afrikaans sou anneem, dan sou hulle sulke flaters ni maak ni. Mar nou hulle dit wil laat deurgaan ver Hollans, is dit ver di wat enigsins Hollans ken, meer as anstotelik.

Of om 'n ander voorbeeld te neem. Dikwils hoor ons di predikante afkondig: ‘*ik ben verzocht* bekend te maken,’ ens. waar dit moes wees: ‘*mij is verzocht* bekend te maken,’ ens. Mar hoe selde hoor ons di laaste! En hoeveul verstaan selfs di verskil tussen di twe uitdrukkings!

Mar waartoe sal ons voorbeelde vermenigvuldig? Elkeen verstaat dit, as idereen by di godsdiins di Hollanse taal sal vereenvoudig soos hy wil, dan sal ons preekstoel, op laas in plaas van 'n leerstoel 'n toren van Babel wees om spraakverwarring te veroorsaak.

Dis buiten twyfel, dat di predikante wat di doelmatigste preek juis di is, wat di meeste in di *gees* van ons spreektaal ingaan, en sig daarna skik. Mar waarom sal ons dan nou oek ni liwers eenkeer di spreektaal tot eenvormigheid breng en dan erken as Kerktaal ni?

Waarlik, hiir is di saak te ernstig, om sig deur vooroordeel van di regte pad te laat terug hou; Dit geld hiir di ewige belange van onsterfelike sile! Laat elke professor, predikant, sendeling en evangelist tog biddend 1 Cor. 14:2-39 lees, en veral let op vs. 18 en 19: -

‘Ik dank mijnen God, dat ik meer vreemde talen spreek, dan gij allen; maar ik wil liever in de gemeente vijf woorden spreken met mijn verstand, opdat ik ook anderen moge onderwijzen, dan tien duizend woorden in eene vreemde taal.’